

sou ons toekoms as 'n nasie en 'n beskawing gewees het as Hertzog se politiek getriomfeer het, en as dit nie vernietig werd nie deur die standpunt wat ons ingeneem het en op besliste wyse in Oktober 1920, opgevolg het?

Tien jaar gelede, toe die Groot Oorlog uitgebreek het en die Rebelle in hierdie land gevolg het, het Generaal Hertzog (teneinde, soos hy erken het, die vertroue van sy republikeinse volgelinge te behou) geretireer na sy tent en geweier om die woord te spreek wat vrede kon beteken het. Hy, die groot patriot, het die land aan sy eie lot oorgelaat. Wat sou met Suid-Afrika gebeur het as Generaal Botha en ek 'n soortgelyke lyn gevolg het en die Rebelle toegelaat het om tot 'n algemene burgeroorlog te ontwikkel? Sou Suid-Afrika nie die kerkhof geword het van sy bevolking en van al ons verwagtinge nie, in plaas van die trotse en gelyke posisie wat hy vandag inneem onder die volke van die wereld? Tenminste een van diegenes wat die Rebelle gelei het en by die vyand aangesluit het in die Groot Oorlog sal 'n lid van Genl. Hertzog se kabinet wees en 'n kollega van Kolonel Creswell as die Vatmekaar aan die bewind kom.

Vyf jaar gelede het Generaal Hertzog aan die hoof van 'n nasionalistiese deputasie na die groot Moondhede gegaan om te vra om die ontbinding van die Unie van Suid-Afrika en die herstel van die Transvaal en die Vrystaat na die status wat hulle vóór die Anglo-Boere Oorlog geniet het. Wat sou gebeur het as daardie verregaande dwaasstreek toegelaat werd om plaas te vind? Deur daardie daad het hy homself 'n vyand verklaar van 'n verenigde Suid-Afrika wat hy tevore tevergeers probeer vernietig het deur sy twee-stroom politiek en sy houding in die Rebelle en in die Groot Oorlog. Dit is die man wat nou vorentoe kom en aanspraak maak op die Eerste Ministerskap van 'n verenigde Suid-Afrika. Sal die volk van Suid-Afrika daardie eis toestaan?

WILDE, VERNIELENDE PROPAGANDA.

Vier jaar gelede het Generaal Hertzog, teneinde sy partyvre, na sulke nederlae, aan die brand te hou, homself aan die hoof geplaas van 'n veldtog van afskeiding van die Britse Ryk en het hy 'n rasende en tierende propaganda deur die hele land aangevang en hartstogte tot 'n koorshitte opgevoer. Wat sou gebeur het as ons die uitdaging nie aangeneem het nie, as ons hierdie politiek toegelaat het om sy wilde vaart te gaan tot die ondergang van Suid-Afrika, tot die opbreking van sy volk in rasse-partye, miskien tot burgeroorlog en oorlog met die Britse Ryk? Ons word nou vertel deur Kolonel Creswell dat dit alles 'n begroting was, dat die volk deur my betower werd, en dat daar nooit enige sesessie-veldtog was nie. Ek laat daardie punt ook aan die oordeel van die volk oor wat nie so maklik en so plotseling politieke kwinkslae slaan as die galante Kolonel nie.

GEEN REG OM EERSTE MINISTER TE WEES.

Dames en here, ek het gewag gemaak van foute in die oordeel en politiek van Generaal Hertzog, so ernstig en so vreeslik, so langdurend dat ek nie kan sien hoe die volk van Suid-Afrika dit kan vergeef nie. Hulle is onvergeeflik in enige leier wat aanspraak maak op 'n posisie waar hy die lotgevalle van hierdie land kan beheers. Hulle is inderdaad 'n dodelike sonde teen Suid-Afrika. Dit is nie klein, nietige sake van besonderhede soos die medisynbelasting of die tabakbelasting nie, of die ander besware wat teen my ingebring word. Hulle raak die wortels van ons eenheid, van ons toekoms as 'n nasie en 'n land.

GEEN BEROU. HERTZOG ONBESKAAM.

Wat erger is; daar was geen berou aan die kant van Genl. Hertzog nie. Hy bly sonder te blik of te bloos. Hy beroem homself op die rol wat hy gespeel het, poseer gedurig as 'n martelaar. Dit is beter so dan dat S.-Afrika 'n martelaar sou word, die slagoffer van sy politiek. Nee, daar is geen berou, geen erkenning van foute, maar, in plaas 'n verwaande aanspraak om baas in Suid-Afrika te wees op grond van sy loopbaan in die verlede. As in die grote toets wat tans in die land plaasvind, as in die stille ondersoek van harte wat aan plaasvind is in die stede en op die veld oor hierdie groot land, die eis van Generaal Hertzog toegestaan word, dan sê ek, dames en here, Suid-Afrika sal sy eie vonnis uitspreek, hy sal ontrou wees aan sy eie skitterende verlede en hy sal deur sy eie opsetlike daad homself in 'n posisie stort, waaruit die wyste en die sterkste nie in staat mag wees om hom uit te help nie. Ek val nie Generaal Hertzog se persoonlike karakter aan nie, wat bo berisping is, ek wens nie sy persoonlike bekwaamheid in twyfel te trek nie, maar ek sê met opset, dat sy afgelope politieke loopbaan van die aard is dat Suid-Afrika hom nie as sy Eerste Minister kan kies nie, sonder om ontrou aan sigself te wees en sonder die ernstigste gevaar te loop vir die toekoms. Nie alleen my politieke verlede maar net soveel, ja nog meer, is die verlede van Generaal Hertzog die vernaamste stryd-vraag van hierdie algemene verkiesing. Ek het geen persoonlike wens om Eerste Minister van hierdie land te bly vir één dag langer as wat dit van my verlang word nie. Ek sou my land, as 'n gewone man in die geleedere, met net soveel welwillendheid dien. Ek durf nog verlang om my eie werk in die steek te laat. En ek gevoel en geloof van harte dat met Generaal Hertzog as Eerste Minister en die kollegas wat hy in sy Regering sal hê alles wat ek en andere in staat was om tot stand te bring vir hierdie land gedurende hierdie geslag in die ernstigste gevaar gewikkel sal word, 'n gevaar wat gemaklik kan ontwikkel tot 'n onherroeplike ramp. Gelukkig is dit nie vir my maar vir die volk van hierdie land om te besluit.

ONS POLITIEKE VERLEDE. SKERPE AANVAL OP DIE VERBOND.

Daar is nog een aanklag wat ek teen Generaal Hertzog maak, en ek maak dit nog sterker teen Kolonel Creswell. Hulle doen hulle albei vóór as politieke puriste. Hulle beskou my altwee as 'n politieke opportunist, wat nie veel aan beginsels geheg is nie, en hulle maak daarop aanspraak dat hulle groot manne van beginsel is. Menere; hulle is veroordeel deur hulle eie Verdrag. As daardie Verdrag staan sal ons nie langer die publieke sake en politieke lewe van Suid-Afrika in ooreenstemming met beginsels behandel nie. Ek beweer dat die Verdrag 'n onreine, ongepaste ding is, dat dit 'n duidelike negering en bespotting van alle politieke beginsels is en 'n demoralisasie en vernedering van ons openbare lewe is. Die Vatmekaar is in der waarheid 'n sameswering wat in die duisternis uitgebroei is, en sonder die voorkennis en toestemming van die gewone lede van die twee partye wat daardeur geaffekteer word. Dit is 'n eleksie-set, bedoel om die ware oordeel van die land te verduister by hierdie verkiesing deur mense van die mees teenoorgestelde en strydige sienswyse te laat saamstem asof hulle dit eens was. As hierdie set slaag en die eleksie gewen word sal die Vatmekaar die nuwe instrument van die Regering in hierdie land word en sal dit voortgaan om ons politiek te demoraliseer en ons openbare lewe te verneder. Dit sal lyk of die sesessioniste en lojaliste saamwerk terwyl hulle werklik probeer om mekaar die loef af te steek. Die Sosialisme van die stede sal kop onder één mus saamwerk

met die individualisme en konserwatisme van die platteland.

GEHEIME ONDERHANDELINGS.

Niemand sal weet waar hy is of op watter beginsels of politiek die land geregeer word nie; alles sal gedoen word by wyse van private ooreenkoms en skikking waarvan die gewone burger ongetwyfeld die slagoffer sal wees. Ek noem dit 'n onsuivere en ongesonde politiek. Dit is nie alleen 'n afwyking van alle helder omlynde beginsels waarop ons openbare sake behoort gedrywe te word nie, maar uiteindelik sal dit deur die stelsel van kompromie en skikking of kwansale en inruiling van een belang teen die ander 'n instrument van politieke tirannie en korrupsie word. Die leiers van die Arbeiders-Party is ten gunste van die Verbond omdat dit hulle in staat sal stel om die Sosialistiese leer na die huise van die platteland te bring. Die Nasionalistiese leiers is ten gunste van die Verbond omdat dit hulle van die nodige stemme voorsien om aan die bewind te kom, en vir wat anders gee hulle om? Ek vra die oordeel van die land om hierdie taktiek en maneuvres te verdoem, wat oneerlik is, boosaardig en uiteindelik 'n volslae onverskilligheid en minagting vir politieke beginsels en gemeenskaplike politieke eerlikheid teweeg sal bring.

SKONE POLITIEK BEPAALD NODIG.

Laat ons hierdie eleksie 'n stryd vir suiwere politiek maak en vir die behandeling van die sake van hierdie land op duidelike politieke beginsels. As die Vatmekaar nou verwerp word sal gewetelose politisie in die toekoms tweekeer dink voordat hulle weer probeer om die stem en die wense van die volk deur eleksie-sette en uitvlugte te versmoor.

DIE GEWELDIG GROOT VRAAGSTUK.

Dames en Here, ek het klaar gepraat. Tenslotte wil ek julle vra om my weer met julle vertrou te verkeer as julle verteenwoordiger, soos julle in die vyf afgelope verkiesings gedaan het. En ek wil die land vra om vir die Suidafrikaanse Party te stem op grond van haar werk en haar verlede en op grond van die konstruktiewe program wat ek vanaand aan julle voorgelê het namens die Party. Ek vra aan die Volk om te sê dat hulle nie ontrou gaan word aan hulle eie verlede nie, maar dat hulle voorwaarts gaan met volle

vertroue in hulleself en in die beginsels en die politiek waardeur hulle in die verlede sukses behaal het. Ek vra aan U om te sê dat in die toekoms, soos in die verlede, hierdie land nie so'n gevaarlike leier as Generaal Hertzog kan bekostig nie. Ek vra U om te sê dat die maatreels waartoe die Nasionale Party gebonde is, nie in die belang van die land is nie, dat groot verwarring en onsekerheid sal veroorsaak en die finansiële herstel en industriële vooruitgang van die land ernstiglik sal vertraag word. En ek vra U afkeuring te betuig van die Verbond tussen Nasionaliste en Arbeiders en te stem vir suiwere politiek, duidelike beginsels en platvorm en die handhawing van 'n hoë standaard van moraliteit en eerlikheid in die openbare lewe. Dit is die ontsaglike vraagstukke wat julle moet beslis in hierdie eleksie.

Alles kom neer op die enkele groot vraagstuk, wat sedert die Unie ons politiek beheers 't, nl.: Gaan ons 'n groot Suidafrikaanse nasie opbou, onderling verenig en in die wereld gerespekteer word? Laat in hierdie verkiesing ons strydkreet wees: Die Suidafrikaanse nasie Eerste en weg met alle party-akkoordele en alle seksie- of klasse-belange.

Die toespraak hierin opgenome is 'n volledige verslag van die wat Generaal Smuts gehou het in Pretoria Wes, op Woensdagaand, die 23ste April, 1924, en kan beskou word als die S.A. Party Manifest vir die Algemene Verkiesing van 1924.



Algemene Sekretaris
Suid Afrikaanse Party.

28 April, 1924.

DIE HERTZOGTOESPRAKE

DEEL 4
April 1918–Junie 1924

Saamgestel deur 'n redaksiekomitee bestaande uit
Prof. F.J. du T. SPIES, Prof. D.W. KRÜGER en
Prof. J.J. OBERHOLSTER



Perskor-uitgewery

70. Toespraak: Aanval op genl. J. C. Smuts en program van aksie van NP — Smithfield, 3 Mei 1924.¹

Meneer die Voorsitter,
Vrindinne en Vrinde,

Die rede van my besoek aan u op hierdie tydstop, is u waarskynlik almal reeds bekend. Skielik, hoewel nie onverwag, is die Smuts-Regering tot die ontdekking gekom, dat dit nie langer die vertroue van die volk geniet nie.

Die misleiding en valse voorwendsels waarmee dit in 1921 in die lewe geroep was, het aan die Regering nooit die reg gegee om aanspraak te maak op sodanige vertroue van die sy van die kiesers.

Onder die omstandighede was daar dan ook geen verwondering oor die feit, dat reeds by die eerste tussenverkiesinge duidelik blyk gegee was van die ontevredenheid van die volk met die Regering; sodat die meerderheid van 24 waarmee die Smuts-Regering in 1921 begin was, spoedig gesak het tot 'n meerderheid van 8.

'n Meerderheid van 8 in 'n Huis van 134 lede, is ewewel geen al te geringe meerderheid vir 'n Regering om die belange van die land behoorlik te behartig nie. Dog niteenstaande die aansienlike meerderheid waaroor hy nog vandag beskik, het Gen. Smuts besluit om die Parlement te ontbind en na die stembus te gaan.

Dat die besluit van Gen. Smuts louter sou toe te skrywe wees aan 'n skielik ontwaking by hom en sy Ministeriële kollegas van die feit, dat hul nie langer die vertroue van die volk besit nie, sal wel niemand in erns aanneem nie, hoeseer Gen. Smuts ook probeer om dit te doen geloof.

So 'n mate van gewetensvolle fyngevoeligheid vir wat betaam en wat nie betaam nie, oortref enigiets wat ons vir sover van Gen. Smuts gewoon was te aanskou, en blyk ook nergens uit sy optrede as tans weer by hierdie stryd reeds aan die dag gelê.

Gen. Smuts weet dat hy nooit die vertroue van sy kiesers besit het nie

Die feit is, dat die Smuts-Regering vanaf hul ontstaan in 1921 daar bewus van was dat hul nooit die vertroue van hul kiesers verdien of besit het nie. Hul wis maar al te seer hoe die oorwinning in 1921 behaal was deur valse voorstellinge en misleidende beloftes; deur opsettlike belasting van hul opponente en opruiing van rasse-gevoel by die Engelssprekende.

Wat Gen. Smuts se metodes en bestrydings taktiek was in 1921 en wat dit die land gekos het

Die roekelose optrede van Gen. Smuts by die 1921 verkiesinge, soals ook by die voorafgaande van 1920, het die land veel gekos in geld, maar nog meer in bloed. Daar hy, blykens sy manifes op 24 April aan die volk bekend gemaak, besig is om sig te bedien van dieselfde metodes en bestrydingstaktiek wat vir hom in 1921 die oorwinning behaal het, maar terselfder tyd vir die volk 'n skroeiende ramp was, so sal u my verskoon als ek hier korteliks die aandag vestig op wat die metodes en taktiek van Gen. Smuts in 1921 was.

Gen. Smuts het geen besef van wat van hom vereis word weens sy hoë en verantwoordelike posisie

Gen. Smuts is Eerste Minister van die Unie, en als sulks behoort hy 'n besef te hê van die verantwoordelikheid wat op hom rus weens die hoë posisie. Dog is niks so kensketsend van die man as sy blykbare gevoelloosheid vir alle waardigheid en verantwoordelikheid, waar dit geld die bevrediging van sy eersug en die versekering van staatsgesag in eie hande.

Die egoïstiese verwaandheid wat straal uit haas elke lyn van sy pas verskene manifes, is niks meer dan wat ons reeds vir jare lang van hom gewoon is; maar juis omdat dit so iets aaledaags is, loop ons die gevaar om die noodlottigheid vir ons als volk van die verwaandheid, oor die hoof te sien.

In hoeverre die verwaandheid hom dikwels lei tot 'n gebrek aan besef van sy verantwoordelikheid als staatshoof, is 'n ieder duidelik uit die rol wat hy in 1919 gespeel het te Parys als *lawyer* by die vredes-konferensie, waar hy, uit louter eersug om als regsgeleerde te kan uitblink, gereed was om sy verantwoordelikheid als afgevaardigde staatsman van die Unie van sig weg te werp as iets van geen betekenis.

Sy oorlogsverklaring teen Frankryk van 1923

Dog meer kensketsend is nog die ligsinnigheid waarmee hy in die loop van 1923 Suid Afrika gebring het tot aan die rand van 'n ander bloedige oorlog nl. met Frankryk.

Die geheime van sy optrede in die City Hall, Kaapstad, vroeg in die jaar; en daarna weer te Bloemfontein ter geleentheid van die S.A.P. Kongres, sal eers later deur die geskiedenis geopenbaar word. Dog dit bly 'n daad so roekeloos onverantwoordelik en so ongeregvaardig teenoor die volk van die Unie, dat dit genoegsaam dien te wees om hom vir altoos als Eerste Minister uit die Regering van die land te wees.

Sy optrede in verband met die staking van 1922

Nie minder onverantwoordelik was die optrede van Gen. Smuts in verband met die staking van 1922. Sy gedrag als Eerste Minister by die gebeurtenis was die van 'n kind wat 'n vuur doen aansteek in die nabyheid van 'n hooi-mied, in die stille verwagting dat dit aan brand sal vlieg en hom die genot sal verskaf van dit te mag uitblus met sy water-emmer.

Volgens die erkenning het Gen. Smuts lydelik staan aanky tot dat die vuur van geweld was ontsteek, om daarna met nog groter geweld die vuur te kan uitblus.

Hoe steek nie sy verantwoordelike gevoel af by dié van 'n Lloyd-George, 'n Baldwin en 'n Ramsay McDonald. Wat sou van Engeland geword het als *die* manne, onder nog veel groter aanleiding daartoe, die metodes en taktiek van Gen. Smuts gebruik het? Men mag hom oor sy optrede hier van uit Engeland roem, maar geen Eerste Minister sal dit durf waag om *soke* praktyke in Engeland toe te pas.

Gen. Smuts se optrede in verband met Rhodesië

Dit sou te ver lei om die tallose gevalle aan te haal wat getuig van die onverantwoordelikheid van Gen. Smuts waardeur hy telkemale verleid is geword om sig te stel bo alle wet. Sy optrede in verband met die inlywing van Rhodesië is ewewel 'n uitstekende voorbeeld van sy gevoelloosheid *waar* dit gaan om die vraag of hy sal aanbly of nie as staatshoof. Om sy posisie als Eerste Minister by die volgende verkiesing te verseker, het hy sig gereed betoon om enige miljoene staatsgeld op die Gecharterde Maatskappy te verkis, en die Unie 'n ander 20 miljoen skuld op die hals te haal.

Nog van waardigheid als staatshoof van die Unie, nog van gewetensvolle betragting van sy plig, was daar enig blyk die moment toe hy sig in vooruitsig had gestel die aanwinst van 'n ander tiental ondersteuners om hom in sy heerskappy te bevestig.

Gen. Smuts se bestrydingsmetode van 1921

Dog laat my toe om Gen. Smuts sy bestrydingsmetodes by die eleksie van 1921 nou wat naderby bloot te lê.

Soos reeds gesê is hy tans weer besig om sig daarvan te bedien. Ek het reeds gesê dat die eleksie deur hom gewen was, deur valse voorstellinge en misleidende beloftes; deur opsettlike belasting van sy teenstanders en deur opruiing van rasse gevoel by Engelssprekendes. Ek wil daarvan enige herinneringe by u opwek. U sal u herinner hoe in sy eleksiemaniestas van 1920, Gen. Smuts geskel het op die Nasionale Party en op die Nasionale as rasse-haters met 'n politiek van rassehaat. Die doel daarvan was ons almal duidelik:— Gen. Smuts was vas besluit om die Engelssprekende te bevooroordeel teen ons om sodoende te verhoed dat enige toenadering sou plaasvind tussen Engelssprekende en Hollandssprekende Afrikanerdom. Tot op hierdie oomblik is hy nog steeds besig met dieselfde oogmerk en trag hy nog steeds om deur die opruiing van rasse-gevoel by die een seksie van die bevolking, die twee seksies in vyandskap en verbittering teen elkaar op te rui.

Hierdie selfde taktiek, wat niks anders beoog dan om hom die oorwinning by die stembus te besorg, is ook in 1921 deur hom gevolg. Volgens Gen. Smuts sou daar vir Engelssprekende in Suid-Afrika geen plek wees onder 'n Nasionale Regering.

Vir die Eerste Minister van 'n land om so 'n growwe beskuldiging te maak teen byna die helfte, so nie meer, van die blanke bevolking aan sy gesag onderworpe, sou ongehoord wees selfs als sou daar rede toe wees. Maar waar die beskuldiging van alle grond ontbloot is en haar enige steun vind in die poging om deur misleiding sig in sy posisie als Eerste Minister te handhaaf,

daar verdien *die* persoon gewis nie minder dan die diepste minagting van ons almal. Tog vorm dit nogmaals die grondtoon vandag van Gen. Smuts se Manifes.

Die beloftes van voorspoed en vrede in 1921

Om die volk nog verder af te skrik teen die Nasionaliste werd daar wyd en sydestyds die fabel versprei, dat indien die Nasionaliste aan bewind van sake sou kom kapitaal dadelik die land sou verlaat, terwyl onder 'n Smuts-Regering geld sou instroom by die miljoene.

Daar Gen. Smuts weer eens, soos uit sy manifes blyk, begerig is om hierdie fabel ingang te doen vind by die volk, sy dit my vergun om daarop te wys wat werklik gebeur het na die eleksies van 1921.

Noueliks was die manne, wat al die voorspoed en miljoene sou besorg, aan die regering, of 'n golf van depressie, geldskaarste en rampspoed was oor ons, soals nog nooit tevore gekend. Duisende wat uitsiende was naar die voorspoed wat die Smuts-Regering sou bring, en honderde wat geloof geheg het aan die voorspelling van Gen. Smuts en op grond daarvan oorgegaan het tot grondkoop en ander onderneminge is dadelik daarna naar die insolvensie-hof. Ambtenare wat 'n paar maande tevore hul stem op Gen. Smuts uitgebring het op grond van sy mooie beloftes, is skielik uit die diens gesit, of moes lydelik toesien dat hul salarisse ingekort word.

Dit was die voorspoed wat die veel-belowende Smuts-Regering ons gebring het, met nog 'n verdere verhoging van belastinge!

Gen. Smuts gee voor dat hy die volk gewaarsku het teen die komende depressie, en dat dit alles moes toegeskrywe word aan die nasleepsel van die Europese oorlog. Geen een van beide is waar.

Gen. Smuts en sy Regering het geen enkel ernstige poging aangewend om die volk te waarsku; en toe ek in 1920 gewaag het om van hier uit waar ek nou staan, die volk die nodige waarskuwing te gee, toe was Gen. Smuts die eerste om die waarskuwing te doen verydel en spottend naar my te verwys as die „ekonoom van Smithfield”.

Dit is mooglik dat Gen. Smuts ergens woorde gebesig het wat als 'n waarskuwing mag beskou word. Maar waar en hoe? Gen. Smuts het veel van Reinaard die Vos in hom, en een van Reinaard se voorsorgs-maatreels was om altoos 'n agterdeur daarop na te hou waar hy kon uitvlug sodra dit vir hom te nou word. Was die waarskuwing van Gen. Smuts ook so 'n agterdeur?

Wat betref die bewering van Gen. Smuts dat ons ellendige ekonomiese toestand vanaf 1921 moet toegeskrywe word aan die Europese oorlog, die is slegs gedeeltelik waar, en wel vir die mindere deel. Vir die grootste deel is dit te wyte aan verkwisting en onbekwaamheid van Regerings-wege. Honderde duisende ponde is verkwis op die aankoop van onbruikbare gronde; nog honderde duisende op mislukte landnedersettings op onbekwame wyse beproefd; dewyl miljoene verspild is op irrigasie werke, en nogmaals miljoene op 'n halfhartige en onoordeelkundige onderstandswerke en almoese.

Werkelik, dit van 'n man met 'n onverbeterlike optimisme om sig so tevrede te doen voorkom met sy knoeiwerk, als wat Gen. Smuts dit doen met die van sy Regering.

Die fabel van vrede

Dog wat betref Gen. Smuts se eleksie beloftes van 1921, word die kroon gespan deur die *vrede* wat hy so luidkeels gewaarborg het indien hy sou triomfeer by die stembus. U sal u nog herinner die bloedvergieting wat deur hom voorspel was indien die Nasionaliste aan die roer sou kom.

Hy en sy Regering sou die vrede bewaar en die volk hoed teen bloedvergieting. Hoe het hy sy belofte nagekom?

Binne twaalf maande na sy optreding moes die bodem van die Unie nogeens besprenkel word met die bloed van haar onderdane. Vir die vierde keer binne die korte tydperk van 9 jaar moes Gen. Smuts sy toevlug neem tot wapengeweld, en wel vir die merendeel teen manne wat hom pas aan bewind van sake geplaas het. En welk 'n skouspel het hy ons te aanskou gegee! — Masjien-gewere, kanonne, vliegtuie en bomme; — man, vrou en kind; — skuldige en onskuldige, — geen onderskeid!

Dit was die bloedvergieting waarteen die Smuts-Regering die land sou behoed en vrywaar; *dit* is wat deur Gen. Smuts *vrede* genoem word. So dus is sy beloftes van Feb. 1921 in Maart 1922 vervul geword.

Men kan sig noueliks voorstel, dat 'n man die sig getoon het so weinig

waarde te heg aan sy beloftes, weer eens die stoutmoedigheid sou hê om aanspraak te maak op die vertroue van die volk wat hy so gruwelik mislei het. Dog soos reeds gesê, Gen. Smuts het veel van Reinaard die Vos in hom, en ook hier toon die geskiedenis dat dit meer sulke manne ken.

Dit mag grootheid beteken, maar dan gaan *die* grootheid tog gepaard met 'n mate van onvertroubaarheid waarin alleen die dwaas vertroue kan stel.

Gen. Smuts se manifes van hede

Gen. Smuts se manifes vir hierdie eleksie moet, wat die inhoud betref, verdeel word in *vier dele*:

1. Verdagmakery en opruiing van gemoedere teen sy teenstanders.
2. 'n Beroep om vir hom te stem op grond van sy verlede als Eerste Minister.
3. Wat hy van voornemens is om te doen als hy weer aan bewind van sake kom; en
4. Sy beloftes, of wat hy van voornemens is om te gee als hy weer Eerste Minister word.

Wat betref die eerste, verdagmakery en opruiing, daar betoon hy sig nog dieselfde meester van 1921, spelende nogmaals dieselfde spel. Na wat ek reeds daarvan gesê het, kan ek hom dus hier veilig aan sy lot oorlaat, vertrouende op die ervaringsvolle gesegde van die groot Amerikaanse staatsman, dat selfs 'n Gen. Smuts nie in staat is om 'n volk vir altoos te kan mislei nie.

Sy histeriese aanval op die ooreenkoms deur ons getref met die Arbeiders, sou miskien als 'n nuwe afskrik gogga 'n paar woorde van my verdien het, als eie-belang nie so klaarblyklik die oorsaak van al sy sorg en kommer was nie.

Ek is baie jammer vir Gen. Smuts dat die byl wat hom moet onthoof so aaklig deur hom gevind word, maar hy behoort sig daarmee te troos dat hy self die uitvinder en aanbeveler daarvan was.

Selfs 'n Robespierre moes sig iets dergeliks laat getroos.

Gen. Smuts se beroep op sy verlede

Wat aangaan sy beroep op sy verlede, dit lyk my al te baie op die wanhoops-poging van die beskuldigde wat geen ander verdedigings grond het nie. Dog *wat die* verlede is, het ek reeds korteliks gemeld en ons hoef daar nie langer by stil te staan nie.

Gen. Smuts se program van aksie en nuwe beloftes

Ons kom tot iets meer prakties maar tegelykertyd ook meer amusant, wanneer ons nou oorgaan tot 'n betragting van Gen. Smuts se program van aksie, of van wat hy voorgee van voornemens te wees om te doen en te gee als hy weer als Eerste Minister sou optree.

U was seker net so bly als ek om uit gen. Smuts se ~~manifes te verneem~~ dat die *lug nou skoon* was en dat hy sou weier om langer *stil te sit* en niks te doen nie, als hy weer aan die Regering sou kom. Dit is inderdaad braaf van Gen. Smuts om so 'n belofte te doen na soveel jare van slaap op die Regeringskus-sens. Ons kan ons nou voorstel hoe Koning Barbarossa die wereld sal laat dreun als hy eendag die geluk mag hê om te ontwaak van die klipstoel waarop, volgens die legende, hy nou al soveel honderde jare sit te slaap. Wat dit sal beteken sal u beter in staat wees om te besef als ek hier herhaal wat Gen. Smuts na sy slaap op regeringskussens van plan is om te doen en te gee.

Wat Gen. Smuts van plan is om te doen en te gee

Die eerste grote daad wat hy na sy ontwaking van plan is om te verrig is die

afskaffing van die medesyne belasting

en die tweede reusetaak waaraan hy sig sal waag is die *tabaksbelasting*.

Of hy hierdie belasting sal afskaf of slegs minder drukkend maak, is hy nog nie seker nie. Dit kan ook wel nie anders nie, want hoe kan van hom verlang word dat in minder dan één week hy deur die vooruitsig van die stembus tot 'n besluit sou gedring word waartoe die belange van die tabaksboere met al die ondersteuning van die Nasionaliste hom in geen vier jaar kon beweeg nie.

Wanneer ons nagaan hoe hierdie twee belastinge deur die Nasionaliste en deur die Arbeiders in die Parlement bestry is geword, en hoe hardnekkig Gen. Smuts en sy regering daarby volhard het om dit deur te sit en te handhaaf, dan kan ons nie anders dan die magtige invloed van die stembus respekteer, en die

wysheid van die Smuts-Regering lof toe bring vir die skrandtheid waarmee hul weet aan watter kant hul brood gebotter is.

Die ambtenare en onderwysers

Nadat hy 'n paar trane gestort het oor die arme ambtenare, verseker hy die onderwysers in hul verdrukking dat hy ook aan hul sal dink en hul die een of ander geskenk sal doen, „net so als aan die ambtenare”.

Hier kom dit my voor is Gen. Smuts 'n bietjie al te kwistig, en ek voel daar seker van, die onderwysers, pas so veronreg deur hom en sy kollegas, sal nie nalatig wees nie om hul stemme op hom uit te bring en om hom te bedank — vir niks!

Gen. Smuts se industriële politiek

Wat betref industrieë, herinnee Gen. Smuts ons, dat by die verkiesinge in 1921 die politiek van ontwikkeling van die land deur middel van 'n *forward industrial policy*, een van die hoofsaake was deur hom ondersteund.

Hy erken dat sy regering daar sleg in geslaag was, en onthou sig sorgvuldig van te verklaar wat hul politiek daaromtrent in die toekoms sal wees.

Een ieder ewewel van ons wat weet hoe oneensgesind die Smuts-regering oor hierdie saak is, en hoe uiteenlopend die belange van die S.A.P. lede daaromtrent, kan wel besef hoe weinig kans daar bestaan dat Gen. Smuts sig ooit sou waag om sy *forward industrial policy* op wiele te sit. Soals die geval is met soveel van sy regerings „*policies*”, staan dit wel daar op papier, maar daar sal dit ook bly.

Andere politieke voornemens van Gen. Smuts

Op dergelike trant gaan Gen. Smuts voort en maak hy gewag van nog sowat 9 ander politieke onderwerpe, te lang om hier almal genoem te word, waaraan hy van voornemens is om in die toekoms sy aandag te wy.

Onder hierdie onderwerpe kom voor nie minder dan vyf waarvan hy tot dusverre geen die minste aandag wou skenk nie, ten spyte van alle drang op hom uitgeoefen deur ons in die Parlement, maar wat hy sig nou, met die stembus in die gesig, holus-bolus oorneem en sig toe-eien.

Wat Gen. Smuts kan sluk

Dit is wonderlik wat Gen. Smuts kan sluk in tye van eleksies. Heel mooglik is dit die rede waarom sy verterings-vermoë so gering is daarna. Ek hoop ewewel dat na hierdie eleksie dit sal blyk beter te gaan daarmee, en dat in geval 'n ander regering aan bewind mag kom wat sig gewillig betoon om van die beloftes deur hom gemaak na te kom, hy nie sal trag om weer bevryd te raak van wat hy nou met so veel gretigheid insluk.

Tot my leed moet ek Gen. Smuts nou daarlaat met sy manifest, om tyd te hê vir 'n korte uiteensetting van wat die Nasionale Party beskou die mees dringende vraagstukke waaraan die volgende Regering hul kragte behoort te bestee en wat die onderwerpe van haar ernstige aandag sal wees indien sy aan bewind van sake kom.

Program van aksie van die Nasionale Party

1. Landbou ontwikkeling en meer simpatie met die boer.

Die Landbou het gedurende die laaste jare nie die simpatieke behandeling en aandag van die Regering geniet waartoe dit geregtig is. *Getuig*: b.v. die tabaksbelasting, die vrye invoer van slagvee ens.

Van die Landbou hang die toekoms van Suid Afrika af, voor alles. Die politiek van die bestaande Regering om die boer direk geldelik verantwoordelik te stel vir die wetenskaplike en Staats-toesig oor die Landbou en sy ontwikkeling, is 'n deur niks geregvaardigde politiek, ewe verderflik als kortsigtig. Dit is die oue Unionistiese politiek deur Sir Thomas Smartt nou te word toegepas, en wat nog simpatie vir die boer betoon nog ontwikkeling van die landbou kan bevorder.

Die politiek mag nie geduld word nie.

2. 'n Besliste politiek van ontwikkeling en beskerming van ons eie industrieë.

Elkeen in Suid Afrika voel die noodsaaklikheid dat industrieë wat hier lewensvatbaar is, behoort aangemoedig te word; maar ook dat sulke industrieë beskerming sal geniet van die Staat op 'n wyse wat behoorlik in ag neem die belange van die verbruiker en die arbeider.

Nogtans is tot dusverre geen beslist of bepaalde politiek daaromtrent deur die Regering gevolg nie; met die gevolg dat vandag alles op willekeur en

wispelturigheid berus, tot die grootste nadeel vir die ontwikkeling van ons industriële en met die verdere gevolg dat duisende van ons kinders wat andersins hul dienste tot nut van ons land sou bestee, tans ledig loop.

Dit mag so nie langer nie.

3. 'n Grondige en omvangryke poging tot oplossing van die toestand van armoede en werkeloosheid.

Die toestand van toenemende armoede en werkeloosheid in ons land mag nie langer lydelik deur ons Regering word aangesien, soos tot nogtoe is geskied, met 'n ophaling van skouers.

'n Diepgaande en omvangryke poging tot verwydering van die wortels van die kwaad moet met erns aangewend word.

Om die rede sal dit ook onder meer noodsaaklik wees, dat daar sal wees 'n *selfstandige ministeriële portefeuille vir arbeid*, eng gekoördineerd met die ander ministeriële departemente waarmee dit gedurig in voeling sal bly.

Wanneer Gen. Smuts in sy manifest sê: „Werkeloosheid is in hierdie land beveg geword soals in geen ander land”, dan rym dit so min met die waarheid dat men geneig is om te dink dat hy besig is om die spot te drywe. En tog is dit nie so nie. Dit is slegs die wyse waarop Gen. Smuts gewoon is om sigself in tye van verkiesinge te verheerlik ten koste van die waarheid. Die wat sy manifest in 'n ander sin opvat, doen Gen. Smuts 'n onreg.

4. Oplossing van die natuurlike vraagstuk

Met handhawing van die bestaan van die Europeaan en sy beskawing en die beskerming van beskaafde arbeid

Dit is gebiedend dat hierdie vraagstuk nou aangepak word en dat deur die oplossing daaraan gegee die witman in Suid Afrika verlos sal word van die gevoel van gevaar wat hom gedurig bedreig van die kant van die natuurel;

En dat tegelykertyd die natuurel sal gevoel dat die witman dit ook opreg met hom en sy vooruitgang bedoel.

Daar is plaas vir albei, en vir die geluk van albei, in Suid Afrika. Dit moet altwee kan voel, en om die gevoel teweeg te bring is dit nodig, dat ons kom tot 'n regvaardige oplossing van die natuurlike probleem.

Als uitgangspunt vir die oplossing moet geld die *handhawing van die bestaan van die Europese bevolking en van die Europese beskawing*, en om dit te verseker moet sorg gedra word dat daar in ons staatsdiens en in ons industriële lewe plek sal wees vir ons seuns en dogters om 'n bestaan te kan maak.

Beskaafde arbeid sal dus moet beskerm word teen die drang van die onbeskaafde arbeid binne die witman se gebied.

Wat die natuurel betref sal binne sy gebied nie minder sorg gedra word vir sy bestaan en ontwikkeling.

Generaal Smuts is erg begaan oor my politiek in verband met hierdie vraagstuk. Hy hoef nie besorg te wees nie. Hierdie kwessie sal opgelos word nie op die wyse waarmee hy gewoon is om te spring met belangryke vraagstukke, soals die van Rhodesië, maar met behoorlike raadpleging van die gehele volk indien vereis. Ook oor die belange van die natuurel hoef hy sig nie te bekommer nie. Nie minder dan hy hoop ek daarvoor te sorg.

Intussen mag sake nie toegelaat word langer voort te drywe soals tans geskied. Dit is die dood van beide Europeaan en natuurel.

5. Hersiening van ons belastingstelsel

Ons belastingstelsel is geen stelsel meer nie. In die laaste tyd is belastinge deur die Regering opgelê sonder iets meer in ag te neem dan die vraag: hoeveel geld moet ons nog hê? Moet dit 'n half-miljoen wees, dan kom daar 'n *Tabakbelasting*: moet dit £100,000 wees, dan kom daar 'n *Medesyne belasting*, — alles sonder sig af te vra of die tabakboer daardeur van die land gejaag word of nie; of in hoeverre die apoteker daardeur geknel gaan word en die arm man nog verder verdruk.

Dit mag so nie langer nie. Ons belasting moet in hersiening geneem word, en daarby moet behoorlik nagegaan word in hoeverre die *goud myne hulle regmatige aandeel* vandag dra in die belasting van die land.

Niemand wil die goudmyn industrie opsettelik benadeel, en sy behoort haar volle deel te geniet in die beskerming deur die Staat verleen aan sy industriële en onderdane, maar daar bestaan alle rede om aan te neem dat die myne deur die Regering in die verlede is begunstig op 'n wyse waar hul nie toe geregtig is nie.

Indien so, dan moet hul daartoe gebring word om hul regmatige aandeel in die toekoms te dra.

Wanneer dus Gen. Smuts sig bevrees verklaar oor wat sal gebeur met die goudmyne onder 'n Nasionale Regering; dan beangstig hy sig oor 'n loutere hersenskim — één van die vele nagmerries wat hom skynbaar nou ry solang hy besig is om naar stemme te soek. Gen. Smuts is 'n baie vernuftige man, maar hy sou wyser wees als hy andere minder dwaas ag.

6. *Beskerming van opvoeding teen die poging tot ondermyning*

Die passeer van die *Prowinsiale Finansies, Verhoudinge Wet*, onlangs deur die Regering, is berekend om ons opvoeding 'n dodelike wond toe te bring.

Dit sal ons plig wees om toe te sien dat dit nie geskied nie.

Wat meer is, dit moet die plig van 'n ieder wees wat dit wel meen met Suid Afrika, om te belet dat ons boere-kindere vir hul opvoeding afhanklik sal gestel word van 'n grondbelasting soos deur die Baxter Rapport bedreig.

Die Smuts Regering is behebt met die idee van 'n grondbelasting vir onderwys doeleinde. Die onreg en nadeel wat daardeur sal veroorsaak word sowel aan die boer als aan ons onderwys op die platteland gaan so goed als onherstelbaar wees.

Die Nasionale Party is vas besluit om te verhinder dat dit sal geskied en om die opvoeding van ons kindere te beskerm teen die poginge van die Regering om dit te ondermyn.

7. *'n Staatsbank*

'n Deeglike ondersoek naar die wenslikheid van die oprigting van 'n Staatsbank, word meer en meer gevoel, en dit behoort een van *die* sake te wees waaraan die volgende Regering sy aandag sonder versuim sal wy.

Die groot nadeel vir 'n volk om sy krediet beteugel en gekontroleer te hê deur private manne en private banke is nog nooit so duidelik en gevoelig geblyk als gedurende die laaste jare.

Van die verkrybare krediet van 'n land hang af in die eerste plaas, wat die prys van goedere en produkte en wat die staat van werkeloosheid sal wees.

Om dus aan private onderneming so goed als onbeteugel oor te laat wat die verkrybare krediet op enige tydstop sal wees, is geblyk nie te regvaardig te wees nie.

Selfs Gen. Smuts in sy manifes laat sig uit oor die behoefte wat gevoel word aan betere voorsiening tot krediet-verstreking deur middel van 'n Staatsbank. Hy skyn sig ewewel te wil beperk tot 'n handelsbank met bepaalde doel, dewyl daar m.i. veel meer behoefte bestaan aan 'n inrigting met uitgebreide werksaamhede en bevoegdhede.

U sien dus die Program van die Nasionale Party is nie so vol en omvangryk als die van die S.A. Party nie. Dog u hoef u daarvoor nie te bekommer nie. Die van die Nasionale Party is bedoeld om uitgevoer te word; die van Gen. Smuts is bestemd vir die snippermandjie.

Die volk vandag is moeg en sat van beloftes. Wat dit nou wil hê is nie langer *mooie woorde* nie maar die *praktiese aandurf* van ekonomiese en industriële vraagstukke waarvan die welvaart en geluk van ons bevolking afhang. Die wat met die eerste nog tevrede is mag vir Gen. Smuts stem; wie die tweede eis sal die Nasionale Party ondersteun.

Gen. Smuts mag soek om ons oogmerke te verdraai en ons strewe te doen misken deur verdagmakery of andersins, dog die Nasionale Party sal getrou voortgaan wanneer sy aan bewind kom, met haar strewe naar 'n *vreedsame ontwikkeling van die land*; 'n onpartydige behartiging van die belange van al die klasse en dele van ons bevolking, en 'n waaksame beskerming van die eer en welvaart van ons geliefd Suid Afrika.

Die *orde* sal gehandhaaf word so afdoende als ooit onder die Smuts-Regering; maar dit sal geskied in ooreenstemming met wat vereis word deur wet en reg en sonder die medepligtigheid van die Regering tot dade van wanorde.

Met die volste oortuiging dat die volk van die Unie vandag besef hoe dit in die verlede is mislei geword in sy beoordeling van die Nasionale Party en wat dit najaag, skroom ek nie om te sê dat *die* Party tans tot haar reg sal kom, en dat wanneer hierdie eleksies afgeloop is, op haar die gewigtige taak sal berus om toe te sien dat die land behoorlik regeer word.

Ten slotte,

wil ek u vandag my hartelike dank toebting dat, deur die trouhartige ondersteuning en vertroue wat Smithfield my, vanaf die eerste dag van my politieke loopbaan, so eensgesind en met soveel liefde en selfopoffering verleen het, ek in staat is gestel geword om met die getroue bijstand van mij partijgenote

die Nasionale Party te lei en te voer tot waar dit vandag staan op die drempel van oorwinning.

God gee, dat die Nasionale Party haar steeds met krag sal wy aan haar roeping om van die Afrikaanse volk 'n eensgesinde, welvarende en gelukkige volk te maak. So sy aan die roeping getrou bly sal geen klas of ras ooit rede tot misnoeging hê nie; en aan Smithfield sal in die eerste plaas die eer toekom, weëns haar onvermoeide poginge deur al die jare in belang van ons nasionale saak.

Met die belofte dat ek u gedurende hierdie verkiesinge nie weer sal lastig val met my teenwoordigheid, wens ek u my innige dank en waardering toe te bring dat u my weereens als u verteenwoordiger benoem het binne die Party.

Om te dink dat ek u vir reeds 16 jaar verteenwoordig en dat gedurende al die tyd ek nog nooit een enkel klagte van enigeen uit u midde ontvang het, en nog nooit 'n stem van ontevredenheid van u verneem het, vervul my met 'n gevoel van die diepste dankbaarheid jegens u almal, en sou my die reg gee om trots te gevoel, ware dit nie dat dit meer aan u verdienstelikheid dan aan my verdienste te wyte is.

My dank sy u toegebring, met my volle vertroue op u vrindskap.

1. Afskrif in Hertzogversameling, Staatsargief, Pretoria, ook gepubliseer in *Die Burger*, 5 Mei 1924.

Verkiesingsveldtog van Arbeiders Geopen.

KOL. CRESWELL VERDUIDELIK VERKIESINGS PROGRAM.

Die Sondelys van die Regering.

Groot en Geesdriftige Vergadering in Durban.

Kol. F. H. P. Creswell het gisteraand as leier van die Arbeidersparty die verkiesingsveldtog van sy party geopen in Durban. Hy het begin met die toespraak van genl. Smuts, wat hy merkwaardig en belaglik genoem het, aangesien die Eerste Minister dinge belooft wat hy gedurende die afgelope sitting van die Volksraad gewier het. Genl. Smuts het 'n meerderheid gehad; waarom het hy nie daardie beloftes uitgevoer nie? Of gaan hy die Volksraad weer ontbind as hy 'n meerderheid van 5 of 6 kry? Hy het reeds die Raad drie keer in vier en 'n half jaar ontbind, en daarom noem kol. Creswell hom die „Ontbindings-Premier.” Hy het nou sy eie party ontbind.

Die Arbeidersparty aanyaar die woord van eer van die Nasionale Party omtrent sesessie. Genl. Hertzog was so eerlik dat die Arbeiders hom nie durf wantrou nie. Genl. Smuts probeer egter nog om rassehaat daarmee te verwek en maak also genl. Hertzog en viervyftes van die Hollandssprekendes tot leuenars. Dit is weer 'n bewys dat genl. Smuts nie in voeling met die volk kan bly nie. Die Engelssprekendes sal hulle nie meer deur paaiboelies die skrik op die lyf laat ja nie.

VERKIESINGSVELD TOG VAN ARBEIDERS GEOPEN.

KOL. CRESWELL VERDUIDELIK VERKIESINGSPROGRAM.

Die Sondelys van die Regering.

Groot en Geesdriftige Vergadering in Durban.

Kol. F.H.P. Creswell het gisteraand as leier van die Arbeidersparty die verkiesingsveldtog van sy party geopen in Durban. Hy het begin met die toespraak van genl. Smuts, wat hy merkwaardig en belaglik genoem het, aangesien die Eerste Minister dinge belooft wat hy gedurende die afgelope sitting van die Volksraad geweier het. Genl. Smuts het 'n meerderheid gehad; waarom het hy nie daardie beloftes uitgevoer nie? Of gaan hy die Volksraad weer ontbind as hy 'n meerderheid van 5 of 6 kry? Hy het reeds die Raad drie keer in vier en 'n half jaar ontbind, en daarom noem kol. Creswell hom die "Ontbindings-Premier". Hy het nou sy eie party ontbind.

Die Arbeidersparty aanvaar die woord van eer van die Nasionale Party omtrent sesessie. Genl. Hertzog was so eerlik dat die Arbeiders hom nie durf wantrou nie. Genl. Smuts probeer egter nog om rassehaat daarmee te verwek en maak also genl. Hertzog en viervyftes van die Hollandssprekendes tot leuenaars. Dit is weer 'n bewys dat genl. Smuts nie in voeling met die volk kan bly nie. Die Engelssprekendes sal hulle nie meer deur paaiboelies die skrik op die lyf laat ja nie.

DURBAN, Woensdag, 30 April.

—'n Uur en 'n half voor die aangekondigde tyd van die vergadering was die Durbanse stadsaal volgepak met belangstellendes om kol. Creswell aan te hoor, daar dit die verwagting was dat hy 'n verklaring sou aflê van die politiek van die Arbeidersparty by die aanstaande algemene verkiesing. Daar was stellig enige duisende toehoorders, onder wie 'n taamlike groot aantal dames.

Kol. Creswell is luid toegejuig toe hy die saal binnekom vergesel van mnre. Thomas Boydell, L.V., George Royburn, Arthur Haycock, Fabey en andere. Mnr. H.W. Coleman, die Arbeiders-kandidaat vir Durban, Sentraal, het die voorsitterstoel beklee.

Kol. Creswell is luid en langdurig toegejuig, toe hy opgestaan het om te praat. Nadat hy die gehoor bedank het vir die vriendelike ontvangs, het hy gesê dat hy twee jaar gelede, toe hy verkies was as verteenwoordiger van Stamford Hill die hoop uitgespreek het dat sy verbinding met Durban as Volksraadsverteenvoordiger 'n lange en gelukkige sou wees. Dit was 'n baie gelukkige, maar die omstandighede het verhinder dat dit 'n lange sal wees. As hy elke jaar twee of drie maande in Durban kan deurbring, sal hy miskien sy kollega's kon oorgehaal het dat Stamford Hill 'n veilige setel is, selfs al bring hy sy tyd deur met rondreise in die land. Hy kan egter sy kiesers die versekering gee—want hulle bly sy kiesers tot 9 Mei—dat hy altyd met dankbaarheid sal terugdink aan Stamford Hill.

'N MERKWAARDIGE TOESPRAAK, MAAR OOK 'N BELAGLIKE.

Wat betref die Eerste Minister se toespraak in Pretoria, het kolonel Creswell verklaar dat dit 'n merkwaardige toe-

spraak is en in sommige opsigte 'n belaglike toespraak. In die omstandighede verdeel hy die toespraak in twee dele. Die Eerste Minister het vertel van die pragtige dinge wat hy vir die land gaan doen as hy weer aan die bewind kom. In een of twee opsigte kan kritiek uitgeoefen word. Die Eerste Minister het verklaar dat hy die belasting op medisyne sal herroep. Slegs 'n paar weke gelede toe mn. Boydell in die Volksraad in 'n meesterlike toespraak gewys het op die belaglikheid en onregverdigheid van die belasting by die indiening van 'n mosie waarby die Raad gevra word om die belasting nie te vernu nie, het die Eerste Minister geweier om die mosie aan te neem om die belasting af te skaf. Ook wou hy nie eens hê dat die petisies voorgelees word nie.

Die Eerste Min. het verder verklaar dat hy die belasting op tabak gaan wysig, dat hy meer spoorweë gaan aanlê, geldelike hulp aan setlaars sal verleen, nywerhede sal aanmoedig en groot spoorwegwerke sal begin. "Daar is nie 'n enkele woord in die toespraak om aan te dui dat daar enige behoefte is om ons nywerheids- en ekonomiese bedrywighede onder beskouing te neem nie," het kol. Creswell verklaar. As al daardie dinge nodig is, waarom het hierdie Eerste Minister, wat 'n meerderheid in die Parlement het, en die mees gehoorsame gevolg wat nog ooit aan die geklap van die partysweep gehoor gegee het, dan nie 'n aanvang gemaak met daardie dinge nie? As hy 'n meerderheid van 5 of ses verkry, sal hy weer die Volksraad ontbind? Genl. Smuts het in 4½ jaar die Volksraad drie maal ontbind. " 'n Mens kan hom die Ontbindings-premier noem (gelag). Hierdie keer het hy nie alleen die Volksraad maar sy eie party ontbind."

OPSTOKING TEEN GENL. HERTZOG.

WAT VAN SESESSIE WORD.

Kol. Creswell het verder gesê dat die eerste gedeelte van genl. Smuts se toespraak 'n poging was om die Britse mening teen genl. Hertzog op te stook. Dit is onwaardig vir iemand wat die posisie van Eerste Minister beklee.

In verband met sesessie het kol. Creswell gesê dat genl. Smuts daardie paaiboelie in die lewe geroep het wat hom drie jaar gelede van so 'n groot diens was. Het genl. Smuts dan nie in 1921 daardie paaiboelie vernietig nie? Genl. Smuts het tenminste so verklaar, en waarom vind hy dit dan vandag weer in die lewe en gevaarliker as ooit van te vore? Een rede is dat die Nasionale—hierdie Nasionale wat oor niks anders as sesessie begaan is nie na die verkiesing kom met 'n ooreenkoms met die Arbeiders, en dat die Nasionale om gevolg te gee aan daardie ooreenkoms Arbeiderskandidate wat gekant is teen sesessie, getrou steun. Genl. Hertzog en die Nasionale het openhartig verklaar dat hulle opgegroeï het onder 'n republikeinse regering en hulle is nie skelm genoeg om dit aan die volk diets te maak dat alle republikeinse begrippe uit hul gemoed verban is, en dat hulle nie nou nog die voorkeur aan daardie regeringsvorm gee nie. Maar hulle het op ondubbelsinnige wyse verklaar: "Ons sal dit nooit as 'n saak van praktiese politiek beleid op die volk van Suid-Afrika afdwing nie, tot tyd en wyl die Engelse deel van die bevolking dit verlang." So 'n verklaring is op openhartige wyse gedoen, sonder voor-gewende sentiment, wat nie aanwesig was nie. Hy het dit aanvaar as die woord van 'n eerbare man, wie se eerlikheid om geen rede in twyfel kan getrek word nie. Genl. Hertzog en die leiers van die Nas. Party het hierdie verklaring aan spr. bevestig, en die onderneming is skriftelik aangegaan, sodat geen kieser daaraan kan dink dat sy stem vir enig an-

der doeleinde sal gebruik word nie. 'n Ondubbelsinnige en duidelike onderneming is 11 April openbaar gemaak dat by hierdie algemene verkiesing geen Nasionale Volksraadslid sy stem sal gebruik om die bestaande grondwetlike verhouding tussen Suid-Afrika en die Britse Kroon te verstoer nie. Hy vra genl. Smuts as 'n Britse Suid-Afrikaner, hy vra hom as 'n Hollandssprekende Afrikaner, of hy genl. Hertzog en vier-vyftes van sy mede Hollandssprekende Afrikaners as moedswillige leuenaars beskou. Dit is waar dit op neerkom.

GENL. SMUTS SE TEKORTKOMING.

Alhoewel kol. Creswell nie begerig was om die dienste van genl. Smuts teenoor Suid-Afrika te verkleineer nie, het hy gesê dat genl. Smuts nie die eienskap van meegevoel met die breë volksmassa besit nie, en die afwesigheid van daardie eienskap maak hom onbekwaam om die lotgevalle van die volk te bestier. Dat hy nie hierdie eienskap besit nie, word bewys dat hy so min simpatie het met vier-vyftes van die Hollandssprekende bevolking van die land. Hy kan die gevoelens van sy Unionistiese glansstellers en gevolg verstaan, maar hy skat en verstaan die algemene verlange van die groot massa van die bevolking wat van Britse afkoms is, heeltemal mis, indien hy meen dat die paaiboelie van sessie hulle die skrik op die lyf gaan ja.

VALSE STRYDVRAE.

Numbers of men have left our shores or contemplate leaving, despairing of the prospects the country offers to their children. Thousands more who should be earning a good livelihood on useful work are eking out an existence on relief works.

And the whole process, reducing the spending power of the mass of the people, has meant the dwindling purchasing power of our internal markets, which in turn has immensely increased the difficulties of the agricultural population.

Cheap uncivilised workers, indentured and largely imported are steadily ousting the workers, white or coloured, who require a wage on which they can live and support their families on civilised standards. And the country is drifting towards a state of things in which European civilisation in South Africa is threatening to wither at its roots.

That is the cost at which has been purchased the increased output of mineral and other wealth and the increased dividends about which the S.A.P. and its Press boast.

Such is the Government's record. Such has been the result of the "Man and the Hour" Parliament.

Have you not had enough of this using of your votes for the support of policy directed against your welfare?

AND NOW THE OPPORTUNITY

And now, how comes it that the people have an opportunity of pronouncing judgment on the Government's policy a full 18 months before they had hoped possible?

It is because whatever may be the difference in their political views the two—Opposition parties, Labour and Nationalists—have this in common: Each represents masses

of men and women who, with their children, have to live and work and die in South Africa.

It is because each party early realised the trick that was played on the people in 1921 and the disastrous effect of the Government's economic policy on the abiding interest of the people and its peril to the country's destiny.

It is because it became apparent to them, as the policy developed, that it was their duty to place their political and racial differences second and the welfare of the people and the interest of South Africa's children first, and to co-operate to make the Government submit itself and its policy to the judgment of the people at the earliest possible date.

The object has been achieved.

The S.A.P. Government was torn by internal dissensions carefully veiled from the public eye. The Party, still obedient when the whip cracked, was so restive that the Government was impotent to carry any important measure although possessing a working Parliamentary majority.

At last on the morrow of a bye-election defeat the Prime Minister has had to advise the ignominious dismissal of the Parliament so triumphantly elected three years ago.

Opposed as it traditionally is to any understanding or agreement with any other party which fetters its jealously-guarded freedom of action, the Labour Party has no doubt as to its duty in the present crisis in the country's affairs. That duty is to carry out loyally and fully in the spirit and in the letter the agreement made 12 months ago with the Nationalist Party in contemplation of this election and to do its utmost to secure the crushing defeat of the S.A. Party and its policy.

THE NEW PARLIAMENT—WHAT IT MUST DO

The first duty of the new Parliament will be to see that measures are taken to retrieve the prosperity of the people from the condition of depression, poverty and unemployment into which the policy of the present Government has flung them—and to see that these measures include such changes in our economic system as will free South Africa from that baneful influence in our social and political development, of Financial Trusts and Corporations which has been so productive of so many of our troubles in these last thirty years. A Government which faces this task manfully and honestly will have our support.

Vigorous, effective and comprehensive measures must be taken to relieve the present pressure of unemployment and poverty by the carrying out of useful reproductive public works, by the stopping of importation of cheap uncivilised labour, and by any other means which investigation may show to be effective.

The mineral laws must be reformed that mining rights held from the State shall be exercised by the holders or automatically revert to the State. Steps must be taken to unlock the huge areas of land which are not being used but held as a speculative asset. While every measure must be taken which will tend to foster industrial development in the country, it is necessary that any assistance given by the State to any industry, whether by way of protective duty or bounty, shall be accompanied by safeguards to the consumer against excessive prices and to the worker against wage rates upon which civilised standards cannot be maintained.

It is urgent and essential that South Africa shall control its own credit and monetary policy, and as a first step to this end a State Bank must be established.

The new Parliament must be one under which no such sinister attack will be possible as that made last session, on the pretext of economy, upon the teaching profession, and upon the education of our children.

In native affairs, the present policy of "drift" must be succeeded by a coherent and definite National Policy which shall recognise the difference in the economic standards of the native and the European. It is a national necessity that a firm stand be taken against the present process by which the wage level of the least civilised native is used as a lever to pull down, in turn, the standards of the native who aspires to a civilised life, of the coloured man, and of the European worker.

The new Parliament must direct its earnest attention to the solution of the Asiatic question. The Labour Party holds that the principles of such a solution should be the insistence by the enforcement of Municipal and Public Health Laws and the establishment of wages boards, of standards of life conforming to European civilisation; and the provision of liberal financial assistance to such Asiatics as desire under such conditions to emigrate to their own racial homeland.

Our system of taxation will require a thorough overhauling by the new Parliament not only with a view to placing the burden of taxation upon the shoulders best able to bear it, but also to see that its incidence encourages activity and discourages the holding idle of natural resources whose development is essential to the general prosperity.

The story of South Africa in our generation has been too tragically disfigured by political and financial juggling with the interests of the mass of the people and by the exploiting and inflaming of racial prejudices and passions for selfish ends.

Let there be an end to this.

THE CALL HAS COME

The Labour Party calls on you to make the election of 1924 a landmark in our history and the opening of a happier chapter. Spurn as unworthy of you appeals to your racial prejudices be they ever so cunningly disguised.

Elect a Parliament which will represent you and you only. A Parliament which will seek to measure the country's prosperity in no mere terms of Ledger Balances or dividend lists, but by the evidences of increasing confidence, good will and contentment among the people.

The Labour Party calls on you to do this and by doing so make self Government a reality and the blessing to the country it should be.

Some words of final warning.

A LIE

You are told that there is a secret agreement between the Nationalist and Labour Parties other than that recorded in the published letters exchanged between the Leaders of the Two Parties and approved by the respective Party Congresses. The statement is a lie—there is no such secret agreement.

You are told that the Labour Party by entering into the Pact has endangered the British connection. And the S.A.P. will try to frighten you again with the Republican bogey.

Another invention.

The truth is that even those leaders of the Nationalist Party who hold most truly the Republican idea have said over and over again that they will never press for it as a measure of practical politics unless and until the bulk of the English speaking South Africans want it. Of course, the S.A.P. Press does not give this prominence. And in addition, Gen. Hertzog with the full approval and agreement of his Party has given the explicit and categorical assurance that if the Nationalist Party come into power at this election no Nationalist member of Parliament will use his vote to upset the existing constitutional relation of South Africa to the British Crown.

The fact is that the Labour Party, who are probably ninety per cent of British blood, have done as much to safeguard the British connection by the Pact as the S.A.P. have done to endanger it by identifying the Flag with a policy which has done its best to make self-government a traversy of reality, which has violated every truly British tradition of fair play and humanity, and on the pretext of defending the British connection, has inflicted misery and suffering on the mass of the people.

It is the S.A.P. and their friends who stand for the keeping up of racialism and who keep the country in perpetual turmoil.

THE SUPREME ISSUE

They rail at the Pact because by doing so much to kill racialism it has killed their power too. And because it has shown the people that there is only one supreme issue at this election.

It is whether South Africa is to be a home for contented and civilised men and women, or a big cheap labour compound run for the benefit of a few of the S.A.P.'s friends.

1929

17 JUNIE/JUNE

Deelnemende partye wat setels verower het	Setels verower/ Seats won	Participating parties which have won seats
1. Die Suid-afrikaanse Party (SAP) 2. Die Nasionale Party (NP) 3. Die Suid Afrikaanse Arbeids Party (Hoofbestuur) 4. Die Suidafrikaanse Arbeids Party (Creswell-seksie) 5. Onafhanklike	61 78 3 5 1	1. The South African Party (SAP) 2. The National Party (NP) 3. The South African Labour Party (Council section) 4. The South African Labour Party (Creswell section) 5. Independents

Bronne van verkiesingsmanifeste

- (a) Die Stembus, Maandag, 6 Mei 1929.
"Die SAP Verkiesings-program. Besielende Toespraak deur Generaal Smuts."
- (b) Verklaring van Staatsbeleid van die SA Party.
Notule van de Neende Unie Kongres van die Suid-Afrikaanse Party. 6 en 7 Desember 1928, pp. 14-16.
- Naas Generaal Hertzog se openbare toespraak op Smithfield wat die verkiesingsveldtog amptelik ingelui het, is daar ook 'n amptelike manifest uitgereik.
 - Hertzog-toespraak. Smithfield.
Die Burger. 19 April 1929.
 - Die Swartmanifest. Die Burger.
(Uitgegee op las van die Federale Raad van die Nasionale Party, deur J H Conradie, LV., Sekretaris, Keeromstraat 30, Kaapstad.)
- Suid Afrikaanse Arbeids Party.
Veg Program.
Aangeneem deur die Konferensie, Januarie 1929.
(Uitgegee deur die Outoriteit van die Nasionale Hoofdkomitee, Suidafrikaanse Arbeids Party, William Wanless, Algemene Sekretaris).
- Suidafrikaanse Arbeids Party.
Algemene Verkiesing, 1929. Manifest (Uitgegee deur die Nasionale Administratiewe Raad, Suidafrikaanse Arbeids Party, Kerkstraat, Johannesburg)
- Geen amptelike manifest kon opgespoor word nie.

Sources of election manifestos

- (a) The Cape Argus, Wednesday, 1st May 1929. Election Programme of the S.A. Party. Genl. Smuts Opens The Campaign
(b) Declaration of Policy of the S.A. Party.
- In addition to General Hertzog's public speech at Smithfield which officially opened the election campaign the National Party also issued an official manifesto.
 - Hertzog's speech at Smithfield. The African Sun, 20th April 1929.
 - The Black Manifesto. (Published by authority of the Federal Council of the National Party of South Africa, by J H Conradie, M.L.A (Secretary), 30 Keerom Street, Cape Town.
- South African Labour Party. Fighting Programme adopted by Conference, January, 1929. (Issued by authority of the National Council, South African Labour Party. William Wanless, General Secretary)
- No English text could be traced.
- No official manifesto could be traced.

DIE S.A.P. VERKIESINGS-PROGRAM.

BESIELENDE TOESPRAAK DEUR GENERAAL SMUTS.

Blankë Beskawing vir Suidafrika.

KAFFERSTAAT-"GOGGA" ABSOLUUT ONTKEN.

WAT ONS GEDOEN HET EN WAT ONS SAL DOEN.

BEGINSELS WAT DIE ELEKSIES SAL WIN.

Die Pretoria Stadsaal, die toneel waar so baie geskiedenis gemaak is, waar sô baie groot toesprake gelewer is, was Dinsdag-aand weer die byeenkomsplek van oor die twee duisend Afrikaners wat gekom het om te luister na die groot toespraak van 'n groot Volksleier. Die geesdriftige ontvangs deur Generaal Smuts geniet en die manier waarop sy pragtige toespraak toegesê is, het weer bewys, as daar bewys nodig was, dat die Suidafrikaanse Party as een man agter sy voorman staan, en dat die politiek deur Generaal Botha begin en so getrou deur Generaal Smuts voortgeset, nog die ware en die enigste politiek vir Suidafrika is.

Generaal Smuts het met diepe erns gepraat en hy het die program van die Suidafrikaanse Party haarfyn uiteengeset sodat daar nie die minste twyfel kan oorbly selfs nie onder mense wat willens blind is, aangaande die beginsels waarvoor hy en sy volgelinge staan. Die toespraak het op die hoog peil gestaan wat altyd deur die groot voorman gehandhaaf is, en van begin tot einde het hy hom van alles wat ook maar in die minste op persoonlikheid kon gelyk het, onthou. "Vir Generaal Hertzog persoonlik het ek die grootste respek en ook vir sy posisie as Eerste Minister het ek die grootste respek," het ons leier gesê, en sy woorde het oor beginsels gehandel en nie oor persone. "As ek hierdie eleksie nie op skoon manier kan win nie, dan wil ek glad nie win nie," het hy verkeer. Ons kan hoop dat dit 'n voorbeeld sal wees vir ons teenstanders en dat alleen beginsels en geen persoonlikheid in die groot stryd ingebring sal word.



Genl. Smuts.

DIE S.A.P. VERKIESINGS-PROGRAM

BESIELENDE TOESPRAAK DEUR GENERAAL SMUTS

Blanke Beskawing vir Suidafrika

KAFFERSTAAT-“GOGGA” ABSOLUUT ONTKEN WAT ONS GEDOEN HET EN WAT ONS SAL DOEN

Beginsels wat die eleksies sal win

Die Pretoria Stadsaal, die toneel waar so baie geskiedenis gemaak is, waar so baie groot toesprake gelewer is, was Dinsdagaand weer die byeenkomsplek van oor die twee duisend Afrikaners wat gekom het om te luister na die groot toespraak van 'n groot Volksleier. Die geesdriftige ontvangs deur Generaal Smuts geniet en die manier waarop sy pragtige toespraak toegejuig is, het weer bewys, as daar bewys nodig was, dat die Suidafrikaanse Party as een man agter sy voorman staan, en dat die politiek deur Generaal Botha begin en so getrou deur Generaal Smuts voortgeset, nog die ware en die enigste politiek vir Suidafrika is.

Generaal Smuts het met diepe erns gepraat en hy het die program van die Suidafrikaanse Party haarfyn uiteengeset sodat daar nie die minste twyfel kan oorbly selfs nie onder mense wat willens blind is, aangaande die beginsels waarvoor hy en sy volgelinge staan. Die toespraak het op die hoog peil gestaan wat altyd deur die groot voorman gehandhaaf is, en van begin tot einde het hy hom van alles wat ook maar in die minste op persoonlikheid kon gelyk het, onthou. “Vir Generaal Hertzog persoonlik het ek die grootste respekt en ook vir sy posisie as Eerste Minister het ek die grootste respekt,” het ons leier gesê, en sy woorde het oor beginsels gehandel en nie oor persone. “As ek hierdie eleksie nie op skoon manier kan win nie, dan wil ek glad nie win nie,” het hy verklaar. Ons kan hoop dat dit 'n voorbeeld sal wees vir ons teenstanders en dat alleen beginsels en geen persoonlikhede in die groot stryd ingebring sal word.

Namens die Party het Genl. Smuts die kaffer-kwessie behandel en hy het verduidelik, eens en vir altoos, verklaar dat die Suidafrikaanse Party, net soos in die verlede, nog altoos staan vir die handhawing van die blanke beskawing in Suidafrika. Dat die S.A. Party nie staan vir gelyke kiesreg vir blank en swart—soos deur sommige van ons teenstanders valslik beweerd word, is meer as duidelik geblyk. “Ons Party-program sedert 1911 het nooit die minste aanduiding van so'n gedragslyn gegee nie.”

Ook op al andere punte het die Leier van die Party sy politiek duidelik uiteengeset. Die Suidafrikaanse Party staan vir 'n groot blank Suidafrika, 'n land waar elkeen wat dit as sy vaderland beskou, met oop arms ontvang sal word, 'n land waar 'n groot toekoms lê vir elkeen wat met ons in vrede en rus wil saamwerk. By die Suidafrikaanse party bestaan daar geen rasse-gevoelens nie. Ons ondersoek die verlede, neem daaruit al wat skoon is en skep op die manier ons toekoms. Dis die motto van ons Party; Generaal Smuts het die groot beginsels waarop Generaal Botha en die ander ou voormanne die party gestig het gehandhaaf, verdedig en behoed en dit is die beginsels wat in die Stadsaal van Pretoria weer die volstreekte ondersteuning verwerf het van die meer as 2000 geesdriftige persone wat na die besielende taal van ons voorman geluister het. Dit is op die beginsels dat die komende eleksie geveg sal word en deur die beginsels steeds hoog te hou sal ons seker segevierend uit die groot stryd kom.

'N OPLOSSING VAN MEIDE-STEMREGKWESSIE

Die grote stadsaal van Pretoria was oorvol toe Generaal Smuts, onder daverend gejuig, op die platform gekom het. Die toespraak van die groot volksleier het die volle aandag van die groot gehoor geniet en alhoewel nou en dan daar 'n enkel klein interruptie gekom het van persone wat andersgesind was, het die spreker sig nie uit sy koers laat slaan deur iets van die aard. Buite die saal het 'n groot vergadering van persone wat nie in kon kom nie omdat die saal vol was die heel aand lang geduur en die gejuig en gejou was duidelik hoorbaar in die saal.

Adv. P.U. Rissik het die voorsitterstoel ingeneem en Generaal Smuts kort aan die gehoor voorgestel.

Onder daverend gejuig het die Leier van die S.A. Party sy toespraak begin.

“Laat my begin,” het Generaal Smuts gesê, “met te verwys na die resente toespraak van die Eerste Minister te Smithfield. Vir die Pakt sal die toespraak nie baie help nie en ek glo nie dat ons daarvan baie in hierdie verkiesingsveldtog sal hoor nie. Dit bevat meer opgeblasenheid en spoggerij as ware, opbouende staatsmansbeleid. Die onbeduidendhede word herhaal wat die Eerste Minr. die afgelope paar jaar tot vervelens toe verkondig het. Die Pakt het ander ammunitie nodig as hy met lof deur hierdie veldtog wil kom.

Geen persoonlikhede

“Ek betreur die Eerste Minr. se persoonlike verwysing na sy teenstanders. Geen verstandige man uiter op daardie manier openbare veragting en beledigings jeens sy teenstanders nie. Maar die Eerste Minr. is besorg en beswaard en hiermee moet mens rekening hou, net sowel as met die ongelukkige manier waarop hy openbare strydvrage behandel. Ek vrees dat sy volgelinge hom sal na-aap en die sluise van persoonlikhede en belediging sal in hierdie eleksieveldtog wyd oopgemaak word.

“Reeds het die hooforgaan van die Nasionaliste in Transvaal my die opvolger van Dingaans genoem en 'n baie gevaarliker vyand vir die blanke beskawing as daardie kafferpotentaat. En hierdie soort beledigings word politiek genoem! Ek sal die voorbeeld van die Eerste Minr. nie volg nie. Hoe baie ek ook van hom verskil respekteer ek hom sowel persoonlik as in sy amptelike hoedanigheid. Die tyd is tog seker verby om ons toevlug te neem tot so'n manier van uitskelde-ry en belediging in ons politieke veldtogte. As ek hierdie stryd nie op 'n skoon manier kan win nie, wil ek glad nie win nie. Laat ons die toon van die openbare lewe nie verder verlaag nie. Dis een van my ernstigste aanklagte teen hierdie Rege-ring, dat die toon van die openbare lewe verlaag is. As gevolg hiervan het die Parlement in die openbare agting gedaal en sy gesag word ernstig ondermyn. Die openbare lewe sal langsaamerhand nie meer beskou word as 'n skone saak nie, maar as iets wat deur eerbare manne vermy moet word.

“Nêrens is hierdie ontaarding erger as in verband met die Staatsdiens nie. Die Staatsdiens word verlaag tot 'n blote partymasjien. Ministers het openlik voorkeur gegee aan Nasionaliste by aanstellings in die Staatsdiens. 'n Politieke inkwiesie word gehou na 'n kandidaat se menings. Openlik word gepraat van begunstiging van vriende en famieliebetrekkings. Oral sluip partypolitiek in en vervuil al die kanale van die openbare lewe en die Staatsdiens.

Die baantjiesstelsel

Die baantjiesstelsel wat die vloek gewees is van ander lande, word hier aanvaar. Die Pakt predik openlik dat baantjies vir vriendjies 'n gewenste gedragslyn is. Ons veroordeel dit as 'n verderflike gedragslyn wat hierdie land baie duur sal kos.

Ons Staatsdiens was in die verlede hierbo verheewe; ons het 'n verheewe tradisie gehad van 'n skoon en onpartydige Staatsdiens, die trots van die land. Die jongste voorbeeld van hierdie demoralisasie van die Staatsdiens is die Spoorweg-sirkulêre insake beskaafde arbeid, waarvoor die Hoofbestuurder van Spoorweë nie verantwoordelik is nie, maar wat hy gedwing is om as departementele verslag uit te vaardig. Dit is van begin tot end 'n partypolitieke dokument; en mens hoor dat ander dergelike verslae gepubliseer sal word in hierdie verkiesing om die Pakt van ammunisie te voorsien. Die Staats- en Spoorwegdiens is nie vry van partypolitiek nie en as 'n amptenaar hierdie beginsel bestry, loop hy ernstig gevaar en verval hy in ongenade.

Verlaagde moreel

“Geen wonder dat baie van ons beste mense die diens verlaat en dat die Staatsdiens verarm raak en sy moraal verlaag word nie. Die land kan geen beter diens bewys word nie as deur terug te keer tot die verheewe tradisie van 'n onpartydige Staatsdiens nie. Die selfrespek en onafhanklikheid van 'n getroue, belanglose Staatsdiens is in elke opsig van onskatbare waarde vir die land. As ons aan die bewind kom sal ons dit as mandaat beskou om die nodige hervorming aan te bring en toe te sien dat die Staatsdiens nie onderhewig bly aan hierdie soort misbruik nie. Die Staatsdiens behoort virsover moontlik in 'n posisie geplaas te word, waarin sy onafhanklikheid en selfrespek beskerm word en misbruik vir partypolitiek—deur watter party ook al—onmoontlik sal wees.

“Die Eerste Minister het twee groot aanklagte teen die S.A.P. en in altwee word die party beskuldig van gevaarlike rassehaat. Die eerste is dat die S.A.P. in werklikheid 'n ou-Unioniste-Party is, waarin die ou-Unioniste die botoon voer. Die tweede is dat die S.A.P. 'n pro-naturelle of negro-filistiese Party is en ywer vir 'n swart S.-Afrika.

Onwaar en gevaarlik

Hierdie aanklagte is nie alleen ongegrond en ontdaan van alle waarheid nie, maar baie gevaarlik. Hulle is 'n belediging vir die naturelle en vir dié deel van ons blanke bevolking wat voorheen tot die Unioniste-Party behoort het. Altwee word voorgedra as 'n gevaar vir S.A. Afgaande op die Eerste Minr. se aanklagte kan mens slegs tot die slotsom geraak dat die ou-Unioniste en die naturelle die vyande van S.A. is. Is daar iets meer kinderagtig en gevaarlik?

“Die ou-Unioniste verteenwoordig 'n groot deel van ons Engelse medeburgers. Dit skyn 'n sonde te wees! Hulle is nog steeds ‘vreemde fortuinsoekers’. Mnr. Jagger, so word ons vertel, is nog nie S.-Afrikaner nie, trots liefde en diens aan hierdie land. Kan iets anders hom tot S.-Afrikaner maak, behalwe onderworpenheid aan die Pakt? Hierdie beledigings en rasse-hoon is tog seker die Eerste Minr. van hierdie land onwaardig. Hulle maak die mense wat net sulke S.-Afrikaners is as die Eerste Minr. seer (hoor, hoor).—In sir Thos. Smartt het ons 'n getroue en toegewyde burger verloor maar volgens die standaard van die Eerste Minister is hy oorlede nie as 'n burger van die land nie. Die Eerste Minr. se opvatting van S.-Afrikaanse patriotisme is van so'n aard dat daar geen plek is vir die Smartts, Jaggars en Duncans en ook nie vir jonger S.-Afrikaners wat hulle lot met ons ingewerp het nie.

“‘Verlaat die huis van die vreemdeling’ word nog steeds die Afrikaanssprekende Sappe toegeroep. En dis die kern van genl. Hertzog se Smithfieldse toespraak. Ons Engelssprekende medeburgers is tereg net so trots as ons op hulle burgerskap, liefde vir S.A. en sy volk en volkome vereensel-

wysiging met die land en sy belange (hr., hr.) Hierdie hoon is net 'n blyk van die Eerste Minr. se ingekankerde rassehaat. Dis 'n blyk dat hy niks geleer en niks vergeet het sedert die De Wildt-toespraak van 1912 nie (gelag).

Onvergeeflike sonde

“My onvergeeflike sonde is dat ek in 1920 ons Engelse medeburgers na die S.A. Party uitgenooi het, op 'n voet van gelyke kameraadskap. Vandaar hierdie aanklag dat ou-Unioniste in die S.A.P. gehuisves word. Ons is trots op die stap wat toe gedoen is. Dit was die nekslag vir rassehaat in ons politiek. Ons S.-Afrikaanse gees is ruim genoeg om altwee rasse op 'n gelyke voet te omvat. Agt jaar het ons saam gewerk binne en buite die regering; ons het saam gewerk in volmaakte trou aan mekaar en dis die trots van ons party dat vir ons hoegenaamd geen rassekwessies bestaan nie.

“Die Eerste Minr. beskuldig ons van onmag. Onmag? Die party wat S.A. deur sy grootste tydperk van ontwikkeling sedert Unie gehelp het, word beskuldig van onmag! As ons werklik onmagtig was ten aansien van al die gevare wat die land van binne en van buite bedreig het, sou genl. Hertzog vandag nie op ons skouers staan en kraai oor die soewereine onafhanklikheid van S.A. nie (hr., hr.) In daardie dae het ‘die Party van durf en doen’ sy durf grotendeels getoon deur ons pogings te dwarsboom om hierdie land veilig te hou en sy eer onbesoedel. Sy ‘doen’ het hoofsaaklik bestaan in die ‘ontdoen’ van die werk van Unie en in sendings wat ten doel gehad het om die Unie op te breek. Noudat, as gevolg van ons optrede, sy oorlogs- en sy sesessiepolitiek finaal misluk het en in die steek gelaat is, pluk hy die vrugte van ons arbeid en hy openbaar 'n spoggees wat hom in die omstandighede nie pas nie.

“As die loop van die omstandighede so sou wees, dat die Nattes 'n suiwere meerderheid sou kry, sou dit tog die plig van die Nattes wees om die Arbeiders te vra by hulle te bly staan in die verantwoordelikheid vir die regering van die land.”

Tielman Roos op “Afrikanerdag”

Witwatersrand,

“Ons Vaderland” 25.11.1924.

Die swaar jare

“In die jare van depressie wat hierdie land meegemaak het, net soos elke ander land na die oorlog, is ons pogings lamgeslaan en ons moes alles in die werk stel om sake aan die gang te hou. Ons het daarin geslaag, trots al die pogings van ons teenstanders om wetloosheid, twis en onrus te stook. Die Eerste Minr. sê dat ons die landsfinansies in treurige toestand agtergelaat het in 1924. Waarheid is dat ons opvolgers genoeg in die Staatskoffer gevind het om ons tekorte te betaal en om van die balans £500,000 te gee vir verbetering van paaie, £200,000 vir landnederstelling en £1,700,000 vir skuldaflissing. Dit is die neseier wat ons agtergelaat het, pleks van die bankrotskap, waaroor die Nasionaliste dit nog steeds het. 'n Regering wat in staat is om die land te bring deur die swaarste depressie van sy geskiedenis en soveel geld agterlaat vir sy opvolger om mee te speel, kan nie so onmagtig gewees het as die Eerste Minr. probeer voorgedra nie (hr., hr.).

“In plaats van de groote hoofdzaken in kwestie, de grote beginselen die in 't spel zyn, in 't oog te houden, is men dikwels nolens volens, maar besig met 't antwoorden op alle mogelyke ondergeschikte punten of op lastertaal en verdraaiing van feiten; zoo onttaardt de politieke stryd al meer,

gelyk iemand zeide, in onderlinge scheldery en verdachtmakery en dergelyke meer. Zo zakt en ontaardt ons jong geslacht, het gansche volk al meer.”

Prof. P.J.G. de Vos,
“Die Burger” 28 Mei 1924.

“ En wat is die verlede van ‘die Regering van durf en doen’ in vergelyking hiermee? Hy het half 1924 aan die bewind gekom, toe die handelsgety oor die hele wêreld gekeer het. In die volgende vier jaar het hy batige saldos gehad van altsaam £5 milj., maar, soos die verkwister, het hy meer uitgegee as hy kon bekostig en vandag is die uitgawe £5 milj. per jaar méér as in 1924. Die Regering neem £5 milj. per jaar meer uit die sak van die volk as ons gedoen het. As die dag van vergelding kom en die handelsgety opnuut verander, sal ons miskien te staan kom voor ’n finansiële kriesis wat die grootste lyding aan ons volk sal veroorsaak. Deur besuiniging in ons openbare uitgawes het ons die jaarlikse koste van ons dienste tussen 1921 en 1923 verminder met £2½ milj.

Uitgawes styg

“Maar al dié werk is te niet gedoen en in resente jare het ons uitgawes met rasse skrede gestyg totdat dit vandag, nog afgesien van die Spoorweë, £30 milj. per jaar kos om ’n land te bestuur met ’n blanke bevolking van minder as 1¼ milj. By die spoorweë het die uitgawe nog vinniger toegeneem

“Buiten dat ons onderneem het om geen stappe te neem om die konstitusionele verhouding tot Groot Brittanje te verander nie, is dit niks meer as ’n eleksie-ooreenkoms, en sodra die verkiesing verby is sal daar ’n end wees aan die Pakt.”

Adv. E.G. Jansen, L.V. Speaker in die Parlement, uit ’n brief van hom in “Die Burger”, 10 April, 1924.

en die toestand is selfs baie sorgwekkender, sodat, in plaas van ’n bate, die spoorweë hard opweg is om ’n finansiële las vir die land te word. In die Pakt-dienstyd was daar by die spoorweë tekorte en alleen hierdie jaar is op die een of ander manier ’n klein batige saldo bymekaar geskraap vir eleksiedoel. Hierdie enorme inflasie van ons openbare uitgawe beteken ’n inflasie in ander rigtings en sal eindelik ’n styging tengevolge hê van die koste van lewensonderhoud, wat die armer klasse en die ontwikkeling van die land baie swaar sal tref. Die waarde van die grond het al aansienlik gedaal. Die grootste seën wat ’n Regering vir ’n land kan bring is goedkope en suinige administrasie. Volgens hierdie standaard is die vertoning van die Pakt-Regering baie swak.

“Die Eerste Minr. spog dat al die eleksiebeloftes van 1924 vervul is. Wat het geword van die belofte van besuiniging, gelet op bostaande syfers? Die Pakt het die land laat weergalm van gedonder teen ons ‘verkwisting’ toe ons in werklikheid besuinig en die uitgawes in alle rigtings verminder het. Pleks van die belofte van besuiniging uit te voer het hy op hol geslaan toe sy kans gekom het en die Regering sal in die geskiedenis van die land bekend staan as die spilsugtigste wat ons ooit geken het (hr., hr.). Hy spog dat sy groot batige saldo’s die industriële ontwikkeling van die land weer spieël, maar dis ydele gepraat.

Slegte beraming

“Inkomste van invoerregte het mnr. Havenga se skattings in die jare 1926–29 oortref met die baie hoë bedrae van

£847,000, £991,000 en £1,255,000. Die batige saldo’s is hoofsaaklik te danke aan invoer en nie aan binnelandse industriële ontwikkeling nie. In die drie jare was daar ook die

“Die Nasionale Party verteenwoordig vandag vier-vyfdes van die land se oppervlakte terwyl die S.A.P. slegs ’n paar strate verteenwoordig. Die S.A.P. skreeu altyd oor bolsjewisme, maar bolsjewisme bestaan in die stede en die S.A.P. verteenwoordig daardie stede en nie die Nasionale Party nie.”

Tielman Roos te Nelspruit
“Ons Vaderland”, 20.7.‘26.

buitengewone diamantontdekkings in Lichtenburg en Namaqualand, wat nog baie meer inkomste en ook die vermeerderde invoer en invoerregte veroorsaak het. Dit is suiwer toevallig en as hy in hierdie opsig nie so gelukkig was nie, sou mnr. Havenga altemit dieselfde droewige figuur geslaan het as mnr. Malan se spoorwegbegroting in werklikheid gedoen het in die afgelope vyf jaar.

Die industriële ontwikkeling

“Die landsontwikkeling was in ander opsigte heeltemal normaal. Industrieë het hulle ontwikkel, maar nie vinniger as tydens S.A.P.-bestuur nie. Selfs die motorindustrie, waarvan die Eerste Minister in sy toespraak melding maak dank sy ontwikkeling nie aan die Pakt nie. Ek self het reeling getref vir oprigting van daardie industrie in Londenê Vyf jaar gelede. Die afgelope vier jaar het die fabrieksproduksie toegeneem van ongeveer £80 milj. tot £100 milj. Dis teen omtrent £5 milj. per jaar en dit kom baie ooreen met die gemiddelde toename in die voorafgaande agt jaar van S.A.P.-regering. En in die syfers aangaande die aantal blanke werkers is ’nselfde normale styging. Lede van die Regering het aanhou spog oor hulleself en hulle finansiële en industriële politiek, totdat sommige mense hulle werklik laat ompraat het. Maar as mens die syfers ontleed en die feite ondersoek, sien hy dat daar niks meer is nie as normale ontwikkeling in goeie tye, plus die swaar oorgewig van uitgawe wat opgelê is deur die Regering. Genl. Kemp reis die land rond met sy sprokie dat die Pakt belastings verminder het met £6 milj. Dis net soos die wildewolhaar-stories wat hy op die platteland verkoop dat dit die politiek van die S.A.P. is om gelyke stemreg aan blanke en swartes te gee, aan manne en vroue tegelyk. Volgens die Minr. van Finansies is die belastings met nie meer as £2 milj. verminder nie en selfs hierdie syfer is betwisbaar, terwyl trots daardie vermindering, die werklike bedrag wat uit die belastingbetaler gepers is, sedert 1924 toegeneem het met meer as £5 milj. per jaar.

Lewensbehoefte kos meer

“Die invoerregte in die algemeen het gestyg, die prys van baie lewensbehoefte het vermeerder en die lewenskoste is groter. In 1928 het invoerregte op kromberse £534,000 bedra, op klerasie £794,000 en op voedingsmiddele en ander lewensbehoefte £2,100,000. En hierdie belastings raak die arm mense meer as die rykes. Die Regering hou staande dat hy ’n armmans regering is, net soos ’n arm delwersregering. Maar die arm man het swaarder laste te dra as ooit tevore en die arm delwer lê platgedruk onder die nuwe Diamantwet en die Staatsdelwerye, terwyl die Diamant-Sindikaat nooit méér gebloei het as onder minr. Beyers nie (hr., hr.).

“Die afgelope vyf jaar het die Staatskuld vermeerder met meer as £35 milj.—van £208 milj. in 1924 tot £243,500,000 in 1929. Die Eerste Minister spog egter dat die onproduk-

tiewe skuld verminder het onder die Pakt met £20 miljoen en wil blykbaar die gevolgtrekking laat maak dat dié skuld met hierdie enorme bedrag afbetaal is. Natuurlik is niks meer misleidend nie. Die £20 miljoen is gebaseer op 'n berekening wat nie werklike afbetaling van skuld beteken nie. Volgens die Ouditeur-Generaal se verslag bedra die landskuld wat werklik van 1923 tot 1928 afbetaal is, nie meer as £6,128,019 nie. Die syfers vir die afgelope jaar is nog nie geouditeer nie. Die Eerste Minister is gretig om ander onjuisthede ten laste te lê. Ek laat dit aan die publiek oor om te oordeel oor die korrektheid van sy verklarings oor hierdie belangrike saak.

Die naturellekwessie

“Ek kom nou tot die vernaamste kwessie waaroor die Pakt hierdie verkiesing gaan voer—ek bedoel die naturellekwessie. Die Eerste Minister weet baie goed dat hierdie of enige ander verkiesing nie sal help om die naturellekwessie op te los nie. Sy doel is nie om die naturellekwessie op te los nie, maar om dit te gebruik as eleksiekreet sonder meer. Dis 'n suiwer party-maneuwer en daarby besonder betreurenswaardig en afkeuringswaardig (hr., hr.) As dit hom erns was om die naturellekwessie op te los sou hy dit buite die partypolitiek en buite hierdie verkiesing gelaat het. Onder die Grondwet is 'n oplossing volgens partypolitiek onmoontlik. Die Grondwet vereis 'n twee-derde meerderheid van al die lede van altwee Huise van die Parlement in Gesamentlike Sitting vir wysiging van die naturellekiesreg in Kaapland. Geen Party sal waarskynlik ooit so'n meerderheid kry nie en dit was klaarblyklik bedoeling van die opstellers van die Grondwet, waaronder genl. Hertzog, om die Kaapse naturellekiesreg deur daardie onveranderlike bepaling buite die partypolitiek te hou. Watter sienswyse ons ook al mag hê oor die naturellekwessie, moet ons dit as voldonge feit aanvaar dat onder die Grondwet geen oplossing van partypolitieke aard moontlik is nie. Niemand weet dit beter as die Eerste Minister nie. Dis sy doel om die verkiesing te win deur dié volk bang te maak, deur die mense te oorrumpel met 'n saak wat, meer as enige ander, koele en gesonde staatsmansbeleid vereis (hr., hr.)

Onwaardige maneuvres

“Sy maneuer om die naturellekwessie tot vernaamste eleksiekreet te maak is derhalwe besonder verkeerd en verdien die straf wat dit, na ek vertrou, sal ontvang in hierdie verkiesings (applous). Ek hoop dat hierdie verkiesing politesie sal leer dat dit gevaarlik is om met vuur te speel en dat dit ook nie betaal nie.

“Dit was 'n tyd lank reeds al duidelik dat dié noodlottige stap gedoen sou word. Verlede jaar het minr. Roos te Ermelo verklaar dat die naturellekwessie die beste 'slagveld' is wat die Pakt kan kies vir hierdie verkiesings en hy het die hoop geuit dat die S.A.P. vir die Kaapse naturellekiesreg sou stem, opdat die Nasionaliste met daardie vraagstuk die verkiesing kan ingaan. Die Eerste Minister het minr. Roos se onheilspellende raad gevolg. Minr. Roos het in 1919 die Eerste Minister en sy kollegas op 'n nuttelose reis na Amerika en Europa gestuur om die Unie te verbreek, terwyl hy hom buite dié dwase spelletjie gehou het. Hy het die Eerste Minister ook in hierdie noodlottige veldtog gebring.

In sy toespraak in Pretoria Wes, begin van dese jaar, het die Eerste Minister duidelik laat blyk dat hy vasberade was om die naturellekwessie tot die voetbal te maak van ons party-politiek.

Die swart manifes

“Sy bedoeling het nog duideliker uitgekóm in sy swart Afrika-manifes, wat altyd 'n swart plek sal bly op sy eie vermaardheid. Die skandelikste vertoning waarvoor 'n partypolitiekus hom nog ooit in hierdie land geleen het, (hr. hr.).

“Mnr. Ben Jenkins, 'n gewese Voorsitter van die Arbeidersparty en geen vriend van my nie maar 'n eerlike teenstander (gelag) het oor hierdie manifes taal gebruik wat ek nie kan verbeter nie. ‘Ek aarsel nie om te sê nie’, so verklaar hy, ‘dat dit die fynste stukkje politieke propaganda is wat die wêreld ooit gesien het.’ Ek laat dit daarby.

“Maar julle sal nou al gesien het dat hierdie misleidende propaganda die vernaamste strydmiddel van die Pakt is in hierdie verkiesing. Van elke verhoog op die platteland hoor mens dit uitbulder dat ek tengunste van 'n swart S.A. is, dat ek die Unie wil oplos in 'n see van barbarisme, dat ek 'n gevaar is vir die blanke beskawing. Dis net maar omdat ek 'n gedragslyn van vriendskap en politieke toenadering verkondig het—en nog sterk verkondig—teenoor die jong Britse State in die Noorde, wat ons ware industriële en politieke hinterland is (appl.). Ek sien uit na die tyd dat ons politiek en ons hulpbronne nouer verbind sal wees en dat die naam S.A. 'n baie ruimer betekenis sal hê as vandag. Ek is oortuig dat daar geen enkele billike en vaderlandsliewende S.Afrikaner is wat nie met my hierin saamstem nie. Dis die tradisionele noordwaartse politiek van S.A. en dit sal ons toekoms beïnvloed soos ons verlede.

Losse verklarings

“Hierdie geloof is my sonde. Die Eerste Minr. noem die Britse state in die Noorde kafferstate wat, as hulle aangeraak word, sekere melaatsheid sal beteken vir S.A.! Hy moet tans bekend wees met die ernstige afkeuring wat hy in die Noorde uitgelok het en die groot skade wat gedoen word aan ons belange deur hierdie losse verklarings. Daarom krabbel hy nou terug. S. en N.Rhodesië word, hoewel hulle dieselfde naturellepolitiek as Kaapland volg en hoewel ook hulle 'n groot oorwig van naturelle het nie ingesluit in die veroordeling van enige toekomstige federasie of bondgenootskap met ons nie. Wel, laat my die Eerste Minr. vertel dat ekself ook nie uitbreiding na die Noorde verder as Rhodesië praktiese politiek ag vir onse tyd en onse geslag nie. Ek sal meer as tevrede wees as ek in my tyd 'n billike aansluiting sien met S. en N.-Rhodesië. Die res laat ek aan die toekoms oor. Maar my gedragslyn van vriendskap en saamwerking met die res van Brits S.A. bly onveranderd en ek sal dié State altyd beskou as jonger lede van die gesin. Om hulle te steun in ons gemeenskaplike beskawingsaak sal sowel plig as voorreg wees vir die Unie” (luid appl.).

‘n Stem: “U sal dit volbring.”

Geen gelyke kiesreg

“Naas hierdie wanvoorstelling is daar die ander dat dit die politiek van die S.A.P. is om gelyke kiesreg te gee aan swart en blank deur die hele Unie. Hierdie aanklag is netso ongegrond as dié insake 'n swart Afrikaanse gedragslyn. Gelyke kiesreg was nooit die politiek van die S.A.P. nie. So'n verklaring is nooit met my goedkeuring en uit naam van die Party gedoen nie. Ons party-program sedert 1911 het nooit die minste aanduiding van so'n gedragslyn gegee nie. In Des. j.l. het ons Bloemfonteinse Program nog as breë grondslag van naturellepolitiek vasgestel dat ons bestaande regte respekteer en streef na verbetering en beter ekonomiese aanwending van die bestaande reserwes en lokasies en na uitbreiding van plaaslike bestuur in naturellegebiede. G'n en-

kele woord oor kiesregte nie! Die natuurlike maak daarop geen aanspraak en die blankes sal so iets seker nie toestaan nie (hr., hr.) Die aanklag skyn gegrond te wees op 'n verklaring wat 'n paar weke gelede gedoen is deur die Aartsbiskop van Kaapstad, sir James Rose-Innes, prof. Fremantle, mnr. Morris Alexander en ander. Hulle praat nie namens die S.A.P. en is selfs nie lede van die Party nie. 'n Week nadat mnr. Alexander daardie verklaring geteken het, het die Eerste Minr. hom gesteun in sy kandidatuur vir Kaapstad-Tuine in die Sionistesaal, Kaapstad (gelag en appl.). Dis die gedraglyne van mnr. Alexander, wat so hard gesteun word deur die Eerste Minr., maar nie ons natuurlikepolitiek nie. Enigeen wat êrens in hierdie verkiesingsdae sê dat gelyke stemreg vir blankes en kaffers ons politiek is, sê iets wat vals is en waarvan hy weet dat 't vals is (hr., hr) **Hieraan wil ek duidelik toevoeg dat genl. Hertzog vir sy plan om Parlementêre regte aan kaffers in die Noorde toe te ken nie die steun van die S.A.P. sal ontvang nie.**

Ons steun dit nie

“Hierdie verklaring van ons natuurlikepolitiek het nie betrekking op die kleurlinge nie. Aan die Kaapse grondslag behoort nie getorring te word virsover dit die kleurlinge aangaan nie. Hulle regte onder die Grondwet behoort geëerbiedig te word. Ons natuurlikepolitiek is vervat in ons Bloemfonteinse program, soos hierbo aangetoon. Ons glo daarin om die kaffer regverdig en billik te behandel en redelike kans te gee om hom te ontwikkel; ons glo nie in 'n politiek van verdrukking wat seker sy terugslag sal hê op die blankes nie. Aangaande politieke regte glo ons dat ooreenkomstig die Grondwet geen gedraglyne moontlik is wat nie uitgevoer word met goedkeuring van al die partye en waarin die natuurlike nie redelik geken word nie. Die enigste manier waarop mens kan vorder, is derhalwe deur 'n Nasionale Konvensie byeen te roep om hierdie saak te behandel by wyse van gesamentlike oorleg deur die partye en al die mense wat daarby betrokke is. Hierdie weg het ek aangeraai op die Bloemfonteinse kongres van 1925. Vir my is dit so duidelik as daglig dat in hierdie opsig geen ander middels van enige nut sal wees nie. Ek hoop dat, as ons aan die bewind kom, ons die samewerking sal kry van die ander partye in die ondersoek van hierdie vraagstuk deur middel van so'n konvensie. Ek is meer as hoopvol dat in daardie atmosfeer, buite die party-politiek om, 'n oplossing gevind sal word, tenminste vir ons tyd, selfs as geen oplossing vir so'n ernstige en moeilike vraagstuk moontlik is nie (appl.). Die kaffers self verwelkom hierdie manier van behandeling van hul status en regte.

Die veiligste gedraglyne

“Ek wil hieraan toevoeg dat die posiesie m.i. nooit veilig sal wees vir die blanke beskawing nie tensy die ewewig tussen die bevolking herstel is. Ses milj. natuurlike teenoor anderhalf milj. blankes is 'n feit wat mens nie oor die hoof kan sien nie. Die enigste en veiligste gedraglyne is 'n goed georganiseerde stelsel vir vermeerdering van die blanke bevolking en verandering van die verhouding van die blanke tot die natuurlike bevolking. Immigrasie is die verklaarde politiek van die S.A.P. sedert sy ontstaan in 1911. Ek glo dat 'n behoorlike immigrasiepolitiek in 'n paar geslagte wonder sal verrig. Maar ook hier staan ons teenoor teenstand van die ander kant. Die syfers kan verander word deur 'n aanhoudende en wyse immigrasie-gedraglyne. Die vrees, gewek deur 'n vroeëre direkteur van Sensus, dat die natuurlike só toeneem dat S.A. gedoem is om 'n swart land te word, het geen voldoende grond nie. Senator Roberts het die sensussyfers baie noukeurig en sorgvuldig nagegaan en aangetoon

dat die natuurlikegeboortes vinnig verminder en die posiesie glad nie onrusbarend is nie. As die blanke versterk word deur middel van 'n gesonde immigrasiestelsel sal die posiesie nie alleen verbeter nie, maar ook nie meer vrees vir ons toekoms hoef te bestaan nie. M.i. is 'n gesonde immigrasiepolitiek die ware en blywende oplossing van die natuurlikevraagstuk (hr., hr.) daardeur sal die vrees verdwyn wat nou swaar op ons toekoms druk. Dis baie beter as die hopelose gedraglyne van die Eerste Minr. Geld wat op hierdie manier oordeelkundig uitgegee word sal die beste belegging wees van hierdie land om sy toekoms te verseker, om sy hulpbronne te ontgin en sy binnelandse markte te verbeter.

“Ek sal nou kortliks 'n opsomming gee van die vernaamste punte op die program van aksie waarmee ons die verkiesing tegemoet gaan. Die program self is deur ons Party saamgestel op die Bloemfonteinse Kongres in Des. j.l., waarna ek u verwys vir nader besonderhede. Ek maak alleen melding van die vernaamste punte.

Ons status

“Ons staan by die Nasionale status binne die Britse Gemeenbes van Nasies, soos verklaar op die Rykskonferensie en verkry vir ons deur die getroue diens en opoffering van ons dapper seuns (appl.). Ons voel bly dat daardie status nou algemeen aanvaar is en dat die politiek van afskeiding van die Ryk nou heeltemal in die steek gelaat is.

Die Duitse Verdrag

“Ons keur die Duitse Verdrag af omdat dit inbreuk doen op die voorkeur binne die Ryk en 'n onnodige bedreiging is vir ons buitelandse mark (appl.). Tensy die Verdrag in hierdie opsig gewysig word sal ons dit by die eersvolgende geleentheid verwerp. Elke stem vir die Pakt sal 'n stem wees vir instandhouding van die Verdrag, met al sy gevare vir ons produseerders.

Die Noorde

“Ons hou vas aan die gedraglyne insake die Noorde, soos hierbo aangegee. Ons hoop dat dit naderhand sal lei tot federasie met S. en N. Rhodesië en tot saamwerking en losse vorm van aansluiting in die toekoms met die ander Britse state in die Noorde. Ons kom op vir 'n groot saak en dis in belang van S.A. dat ons Noordwaarts kyk.

Vrouestemreg

“Ons is tengerunste van vrouestemreg. Met die oog op die moeilikhede aangaande natuurlikevroue in Kaapland is ek daarvoor om hulle regte oor te laat aan die beslissing van 'n Nasionale Konvensie, saam met die regte van natuurlike. Maar dit behoort nie die toekenning van stemreg aan ons vroue, as een van die eerste dade as ons aan die bewind kom, te verdraag nie. Ek sien dat die Eerste Minr. te Benoni sy belofte in die Volksraad om sulke wetgewing in 1930 in te dien, herroep het. Te Pietermaritzburg het die Eerste Minr. gisteraand weer na sy ou belofte verwys maar in gewysigde vorm, nl. dat hy in 1930 die wetsontwerp sal indien maar dat die verantwoordelikheid by die S.A.P. berus. Die S.A.P. sal van die saak nie 'n partysaak maak nie en sal genl. Hertzog se hulp verwelkom. Daar mag nie langer met die saak gespeel word nie. Afgaande op wat die Arbeiders en genl. Hertzog oor die saak gesê het is daar van hulle nie baie te verwag nie. Ek hoop dat Pretoria my sal help om die saak deur te sit.

Die natuurlikekwessie
Reeds behandel.

Asiate

“Ons gedraglyne bly onveranderd, en kan as volg opgesom word: ‘Geen Asiatiese immigrasie nie en repatriasie so spoedig moontlik, sonder kans om terug te keer.’

Staatsdiens en Spoorwege

“Ons is tengeruste van ’n suiwer Staatsdiens, geskei van politiek en ondersoek van ’n politieke aard en van ’n veranderde Staatsdienskommissie. Ons waarborg bestaande lone en diensvoorwaardes en billike ondersoek na griewe. Ons is teen aanstellings van buite, behalwe waar professionele en tegniese kwalifikasies vereis word. Die blanke werkvolk op die Spoorweë hoef nie bang te wees vir ontslag nie en alles sal gedoen word om hulle posisie op grond van verdienste te verbeter.

Die Loonwet

“Ons is tengeruste van die Nywerheidsversoeningwet as bolwerk van industriële vrede, soos dit geblyk het sedert dit deur die S.A.P.-regering in 1924 gepasseer is. **Die Loonwet sal gehandhaaf maar beperkt word tot ongeorganiseerde industrie en bedrywe waar hongerloon betaal word, waarvoor dit trouens gepasseer is.** Dit sal billik toegepas word, sodat nie alleen die heeltemal bekwame nie, maar ook die half geskoolde werker beskerm word. Die moeilikhede wat ontstaan het deur die loonbepalings vir winkelbedienendes en kelners, sowel as in ander gevalle, toon dat ’n verandering in sy toepassing nodig is. Dieselfde loonsgedraglyne wat in Australië gevolg is kragtens die ‘Arbitration Acts’ is ernstig afgekeur deur die resente Britse Kommissie van Ondersoek as bron van industriële onrus en beroering. Nouliks was die Loonwet in werking of baie van die bepalinge is deur die Howe ongeldig verklaar. Maar dit mag tot dieselfde moeilikheid lei as in Australië, tensy die toepassing beperk word tot ongeorganiseerde bedrywe.

Woningbou

“Ons is ook tengeruste van ’n **kragdadige gedraglyne insake woningbou, wat deur ons begin is** en wat van onskatbare waarde geblyk het vir die werkers en die mense met klein inkomens. Die heilsame uitwerking van fatsoenlike behuising vir al die klasse kan nie oorskat word nie.

Landnedersetting en immigrasie

“Die gedraglyne van voldoende toelae vir aankoop en verbetering van grond vir goedgekeurde S. Afrikaanse en immigrante-boere is hierbo uiteengesit. Ons is tengeruste van ’n ooreenkoms met die Britse Regering onder die Emigrasieskema waardeur sy samewerking, finansieel en andersins, verkry sal word. Waterbore op plase sal goedkoper en vlugger gemaak word en die treurige toestand van die vee- en tabakboerdery sal ernstig aandag geniet.

Mosambiek-ooreenkoms

“Ons keur die bepalinge af in die Mosambiek-ooreenkoms wat die toevoer van werkvolk uit Mosambiek in vyf jaar beperk met 80,000, die diens tyd verkort, repatriasie verplig van al die Portugese kaffers wat op plase werk en ernstig die handel met Mosambiek-kaffers op die Rand beperk. Dis ons bedoeling om so spoedig moontlik wysiging van hierdie bepalinge voor te stel. Ondersoek moet gedoen word na die manier om die lewensduur van die myne van lae gehalte, waarvan die voorspoed van die Rand grootliks afhang, te verleng. Prospekterdery en mynontginning deur die klein man sal op alle maniere aangemoedig word. Die Diamantwet behoort gewysig en inkorting van delwers en eienaars se regte verwyder te word.

Staatsdelwerye

“Die posisie op die Staatsdelwery in Namakwaland vereis ook grondige ondersoek. ’n Einde moet gemaak word aan die ernstige misbruike waartoe dit gelei het. Die stappe wat gedoen sal word ten opsigte van daardie delwerye sal afhang van so ’n ondersoek. Die Regering het vreklik opgetree.

“Die steenkoolbedryf en die vloeiarmaking van steenkool sal ons steun hê. Die bedryf verdien dit, gelet op sy ontsaglike betekenis vir die land.

“Ons is tengeruste van beskerming van plaaslike industrie wat regmatige aanspraak het op steun, maar ons is teen staatsbestuur en onnodige staatsbemoeiing en gee daar die voorkeur aan om privaat inisiatief aan te moedig.

Beskerming

“Ons meen ook dat die koste van lewensonderhoud nie verhoog behoort te word deur oordrewe beskerming nie, **maar dat die invoerregte op onbeskermdes artikels wat nie beskerming nodig het nie verlaag behoort te word tegelyk met die oplegging van beskermende regte.** Ons is ’n land van boere en myne en dit behoort die gedraglyne te wees om lewenskoste te verminder. **Ons keur die gedraglyne af van onnodige hoë invoerregte, wat inkomste mag vermeerder en batige saldo’s skep, maar wat die lewe vir die armes en die loontrekkers swaarder maak en die ontwikkeling van die land strem.**

Yster en staal

“Ons is tengeruste van die Yster- en Staalnywerheid, wat die beginsel is van die S.A.P. sedert Unie (appl.) Ons is van plan om die industrie te vestig, selfs al meen dit uiteindelik seker wysigings in die bestaande skema.

Spoorwegstelsel

“Die S.A.P. beskou die huidige posisie van ons spoorwegstelsel as onbevredigend en is tengeruste van hersiening van die spoorweggedraglyne en spoorwegtariewe om beter die algemene ontwikkeling te bevorder en die bepalinge van die Grondwet uit te voer in verband met die bestuur van die Spoorweë op besigheidsgrondslag en ontwikkeling van die binneland en om daarby volle ekonomiese gebruik te maak van motorvervoer.

Prowinsiale rade

“Die S.A.P. meen dat die huidige omslagtige en grotendeels politieke stelsel van Prowinsiale Rade hersien en noukeurig ondersoek ingestel behoort te word na ’n bevredigender vorm van plaaslike bestuur in die Unie, op voorwaarde dat in geen Provinsie die Prowinsiale Rade afgeskaf word tensy ’n referendum in die Provinsie uitval ten gunste van afskaffing nie (appl).

Nasionale paaie

“Ons is tengeruste van ’n nasionale paaie-gedraglyne, met ’n behoorlike fonds, wat die werk van die Provinsies ten opsigte van ons nasionale en grootpaaie sal koördineer. Ons dink nie dat die beste resultaat verkry sal word deur die huidige regering se gedraglyne, n.l. om af en toe bydraes te gee vir die Unie as geheel, en die ontvangste aan motor- en bensiëbelasting behoort heeltemal voldoende te wees vir daardie doel. Daar is nog ’n saak wat ek wil aanroer.

Natuurlike hulpbronne

“Dis die praktiese toepassing van die wetenskap wat ’n enorme verskil sal maak vir ons hulpbronne en die waarde van verskillende distrikte meer as verdubbel. Die plantkundige

en veeartsenykundige departemente het pragtige werk ge-
doen wat lof oor die hele wêreld uitgelok het. 'n Groot voor-
waartse beweging het moontlik geword, en dit is die be-
doeling van ons Party om so spoedig as ons die geleentheid
kry, 'n begin te maak. Terselfdertyd sal 'n vasberade po-
ging aangewend word om agteruitgang van die veld te voor-
kom, die bronne van ons riviere en ons waters te beskerm
en beter ekonomiese gebruik te maak van ons natuurlike
hulpbronne. Ons Party het hom tot hierdie gedragslyn ver-
bind. Die dwase vernielsug moet vergoed gestop word. S.A.
en sy natuurlike hulpbronne behoort nie as vyandige grond
beskou te word nie, maar as moeder, as iets wat ons lief is,
wat ons wil vertroetel en beskerm. Jong S.A. wat van die
Uniwersiteite kom, het 'n nuwe nasionale bewussyn; weten-
skap het by hom groter verering vir al die natuurlike dinge
geskep. En hy gaan gebruik maak van sy nuwe kennis om
'n unieke natuur te beskerm en nuttiger en mooier te maak.
En ons is van plan om op alle maniere hierdie nuwe houding,
hierdie diepere wetenskaplike en estetiese patriotisme te be-
vorder. Politiek behoort nie al ons aandag in beslag te neem
nie en ons ware aandag behoort gegee te word aan die sake
wat ons groot natuurlike erfstuk sal verbeter, verryk en ver-
fraai. Ons wil wetenskap aan die lewe verbind en so die nu-
we S.A. skep wat ons soek. Geen party kan beter leiding
gee op hierdie nuwe weg as die S.A.P. nie'' (hr., hr.)

Waarvoor ons staan

Ten slotte sê genl. Smuts:

“Ek het die algemene standpunt uiteengesit van die S.A.P.
in die politiek van ons land. Ek het noodsaaklikerwys kleiner
punte weggelaat en daarna sal later verwys word. **Teenoor
die enge rasse- en klasse-vooroordel van die teenstan-
ders staan die S.A.P. vir 'n groter S.Afrika en 'n ruimere
nasionalisme.**

“Ons probeer om hierdie groot Unie op te bou op die
grondslag wat genl. Botha gelê het en wat die toets van die
tyd deurstaan het, op kameraadskap en vertroue tussen die
rasse, op getrouheid en eer, op billike en regverdige behan-
deling van arm en ryk, wit en swart. Dis ons tradisie van
die verlede en ons strewe vir die toekoms. Dis die geloof
wat die S.A.P. inspireer en wat ons in praktyk sal bring so
goed ons kan.

“Die groter S.A., die ruimere nasionalisme, moet ons
wagwoord wees in die stryd wat ons gaan probeer win” (lui-
de en langdurige toejuiging).

Adv. Stallard

Adv. Stallard spreek 'n paar woorde op versoek van die voor-
sitter en sê dat dit 'n groot vergadering was met 'n groot
toespraak van 'n groot man (applous). Die volk van S.-Afrika
soek iemand om hom te lei uit die modder van slegmakery.
Die leiding is vanaand gegee (toej.) Genl. Smuts het baie
opgeoffer vir land en volk en hy gaan nog voort sonder om
te aarsel. Die S.A.P. is die enigste party wat billik optree
teenoor alle klasse en dele van die gemeenskap. Die S.A.P.
sal sy gang gaan. Wat die S.A.P. betref sal die verkiesing-
stryd skoon wees (toej.) **Die Transvalers sal hul nie om
die tuin laat lei met praatjies van 'n swart land nie (appl).**
Genl. Smuts sal Transvaal nooit verrai nie.

Hy stel 'n mosie van dank aan genl. Smuts voor en sê dat
die Generaal nog altyd die belange van Suid-Afrika behar-
tig het.

Die mosie word eenparig aangeneem. Die vergadering sluit
onder groot geesdrif en met drie hoeras vir genl. en mev.
Smuts.

(Volgens manuskript ingehandig deur Genl. J.C. Smuts,
Doornkloof, Irene. Inleiding en hofies deur H.J. Poutsma,
Posbus 404, Pretoria.)

IRRIGASIE SKEMAS

“Ons moet probeer om die veroordeel teen groot bevoeiings-
werke in die land weg te neem. Daardie werke het nog nie
'n redelike kans gekry. Selfs al sou die Staat verplig wees
om nog verder 'n groot som geld daaraan te spandeer, sou
sulke werke geregverdig wees vir die land in sy geheel”

(Tielman Roos op die Irrigasie Kongres, gehou te Cradock
in 1924.)

**“Die toekoms gaan ons wys dat ons die gelykden-
kendes in een kamp sal kry TEENOR DIE UNIO-
NISTE EN ARBEIDERS.”**

(Tielman Roos, te Rietfontein (Lydenburg). “Ons
Vaderland,” 13.7.'29.)

Kol. N.J. Pretorius, L.V. vir Witwatersberg.

Die laaste Delimitasie Kommissie het die Kiesafdeling
W.W.Berg verander en grotendeels verenig met 'n stuk van
die vroeëre Kiesafdeling Pretoria Suid en die nuwe saam-
stelling gaan nou onder die naam van Magaliesberg, en dis
die afdeling waarvoor die Kolonel nou ons kandidaat is.

W. O'Brien, L.V. S.A.P.-kandidaat vir Pietermaritzburg
(Distrikt).

GENL. SMUTS IN DIE LOKASIE

Maar was Genl. Hertzog daar dan ook nie?

In 'n artikel in “Ons Vaderland” onder die opskrif “Genl.
Smuts in die Lokasie” is die lesers van daardie koerant met
groot ophef vertel dat Genl. Smuts in die lokasie was. Dis
die wyse waarop die waarheidsliewende Nat.-orgaan mel-
ding maak van die feit dat Genl. Smuts in die Kaap Prov.,
n.l. te Herschel, 'n aantal naturelle-kiesers toegesprek 't.
Die aankondigingsbiljet, wat op die strate vertoon word en
aankondig wat die vernaamste inhoud van die geadverteer-
de koerant is, het dieselfde opskrif gehad.

“Geen woord word natuurlik gerep oor Genl. Hertzog wat
in die Transkei (Ciskei) oorals Naturelle toegesprek 't. Ons
sê daar niks teen nie, dis mos heeltemal reg vir en die plig
van 'n Eerste Minister om oorals in die Unie rond te gaan
en blank sowel as swart voor te lig en te lei. Op 29 Mei a.s.
sal Genl. Hertzog ook 'n vergadering toesprek op dieself-
de plek (Herschel) as waar Genl. Smuts kort gelede was.

Waarom vertel “Ons Vaderland” sy lesers nie met groot
swart letters wat Genl. Hertzog op 12 Oktober, 1928, te Reitz
(O.V.S.) gesê het soos gerapporteer in die andere nuus-blaai
van die Unie:—

**“Dis my gewoonte om die Kaffers met die hand te
groet as ek uit die huis vertrek en as ek kaffers ont-
moet op openbare vergaderings in die Vrystaat druk
ek gewoonlik die hand van die kafferkapteins.”**

En te Kroonstad op 24 Julie, 1928, het Genl. Hertzog die
kaffers in hulle lokasie toegesprek. Toe Genl. Hertzog na
afloop na sy motorkar wou stap, kom 'n klein kaffermeid-
jie, as bruid gekleed, netjies met sluier en al, en bied hom

'n ruiker aan. Die Genl. ontvang die ruiker en bedank met 'n handdruk.

Komaan, "Ons Vaderland", ontken nou bowestaande!!

AANSTOTELIKE "GRAP"!

Senator Langenhoven, die offisiële Nat. grapmaker van die Senaat, is ook nou die Nas. Eleksie grapmaker geword!

Die ander dag het hy aan die Nat. kiesers op 'n publieke vergadering te Worcester gesê volgens die verslag van "Die Burger":

"As julle 'n Sap na die Parlement wil stuur, kies dan die onbekwaamste wat daar te kry is—as julle 'n dooi man kan stuur, dan soveel te beter."

Nouja!

Aanhalings, meedelings, verklarings, ens., ens., voorkomende op hierdie bladsy, tensy anders vermeld, is saamgestel deur Louis Esselen, 147 Maraisstraat, Brooklyn, Pretoria.

Geteken deur G. Pilkington, St. James, Kaapstad

Generaal J.B.M. Hertzog het die volgende betekenisvolle verklaring gemaak in die Paarl met geleentheid van die Nas. Party demonstrasie aldaar op 23 Maart j.l.

"Dit is ongetwyfeld 'n bietjie optimisties om 'n werkende meerderheid by onself te verwag. Ek wil egter nie hier gaan sê dat ons by onself 'n meerderheid gaan kry nie, en indien ons dit nie kry nie, sal ons met die grootste gereedheid weer doen wat ons in 1924 gedoen het. Ons sal die hand uitsteek naardie deel van die Arbeidersparty, wat ons sedert 1924 getrou bygestaan het." ("Ons Vaderland"-verslag d.d. 25 Maart, 1929.)

Verklaring van Staatsbeleid van die S.A. Party.

1. — DIE UNIE, DIE BRITSE GEMENE BES EN DIE VOLKEBOND.

Die S.A. Party staan vir die instandhouding van die Suidafrika Wet en van die Dominion Status soos verklaar deur Rykskonferensies en aangeneem deur die Parlement.

Hy staan vir Saamwerking en handhawing en uitbreiding van voorkeur binne die Britse Gemenebes.

Hy staan vir erkenning van die Volkebond en vir internasionale vrede en vrindskap.

2. — INTER-AFRIKAANSE BELEID.

Aangesien baie van die grotere kwessies waarmee die Unie te doen het die beste opgelos kan word met die welwillende gesindheid van ander Afrikaanse State, is die S.A. Party daarvoor om 'n houding aan te neem wat lei tot die aankweking van spesiale vrindskap en handel met ander Afrikaanse State, teneinde nouere betrekkings in die lewe te roep.

3. — KIESREG HERVORMING.

Die S.A. Party staan vir vroue stemreg.

4. — DIE NATURELLE-VRAAGSTUK.

Die S.A. Party staan vir behandeling van alle Naturelle vraagstukke volgens billike en regverdige beginsels, vir die respekteer van bestaande regte, vir ontwikkeling en beter gebruikmaking van die Naturelle gebiede, vir uitbreiding van plaaslik selfbestuur van Naturelle en vir beter supervisie van stads-lokasies en die instroom van Naturelle in sulke lokasies.

5. — ASIATE

Die S.A. Party staan vir die behoud van restriksies insake immigrasie van Asië en vir regeringshulp vir permanente repatriasie.

6. — STAATSDIENS.

Die S.A. Party staan vir skoon en doelmatige bestuur en is heeltemaal teen die politiek van "baantjies vir boeties," of enige vorm van politieke voorkeerkery in die Staatsdiens. Hy staan vir handhawing van die bestaande regte van Staatsamptenare. Hy is ten gunste van nouer kontak tussen die verenigings van amptenare en die Staatsdiens-kommissie, en is sterk teen aanstellings van buitekant die diens, buiten en behalwe waar spesiale professionele of tegniese kwalifikasies vereis word.

7. — DIE SPOORWEGDIENS

Die S.A. Party staan vir die instandhouding van die bestaande regte van spoorweg-beamptes van alle grade en klasse, vir 'n billike ondersoek na en wegneming van bestaande griewe en vir verbetering van diens-voorwaardes op grond van bekwaamheid. Die S.A. Party is teen alle kondiesies wat daarop bereken is om die standaard van beskawing in Suidafrika te verlaag.

8. — MAATSKAPLIKE BELEID.

Die S.A. Party staan vir 'n politiek van maatskaplike regverdigheid vir alle klasse; vir die instandhouding van ouderdomspensioene en versekering teen werkloosheid en gebrekkigheid.

Vir die instandhouding van die industriële versoenings-politiek en wet deur die Party in die lewe geroep;

Vir die beperking van die Loonwet tot slegbetaalde en ongeorganiseerde stedelike industrieë;

Vir 'n sterke Nasionale Behuisings-politiek en vir uitbreiding van geleenthede vir werkverskaffing deur middel van tegniese, industriële en handels-onderwys, saam met industriële en landbou-uitbrieding.

9. — LAND POLITIEK

Die S.A. Party staan vir aktiewe bewerking van die grond, bevordering van besproeiing, vir 'n vooruitstrewende Nedersettings-politiek, waardering van grond bewoon deur settelaars, op 'n billike en redelike basis en die snelle toeneming van plaas-eiendom deur Regerings-voorskotte, vir 'n sterke politiek

van uitbreiding en beter markte in eie land en daarbuite, vir die boerebedryf meer aantreklik te maak en onder ander blywende verbeterings op plase vry te stel van Inkomstebelasting.

10.—IMMIGRASIE

Die S.A. Party is vir 'n sistematiese immigrasie-politiek teneinde die blanke bevolking te versterk, voorsiening te maak vir verminderde koste van oorkom uit ander lande, uitsoek van en onderrig aan settelaars en fasiliteite vir aankoop van grond onder die Nedersettings Wette.

11.—MYN POLITIEK.

Die S.A. Party erken die myn-industrie, na landbou, as ons tweede grote industrie, waardeur aan 'n groot deel van die bevolking lewensonderhoud verskaf word en tewens buitengewoon veel bydra tot die algemene vooruitgang en verryking van die land. Hy is vir maatreels wat daarop bereken is om die instandhouding van bestaande myne te bevorder en 'n voldoende toevoer van arbeidskragte te verseker, die ontginning van nuwe ondernemings en betere organisasie, veral van alluwiale delwerye en die verwydering van regverdige griewe, ontstaan deur die wetgewing van die laaste tyd in verband met diamante. Die S.A. Party is in beginsel teen die direkte ontginning van myne deur die Staat; maar is sterk vir ontwikkeling van ons groot steenkool-voorrade en vir die voortbrenging van petrol uit olie-houdende klippe, nie alleen om die uitvoerhandel te bevorder; maar ook om die olie-fabrikasie en ander produkte uit steenkool te bevorder.

12.—INDUSTRIELE POLITIEK.

Die S.A. Party staan vir 'n billike politiek van beskerming bedoel om die voortbrenging van artikels in Suidafrika te bevorder deur invoerregte, spoorweg-tariewe en andersins.

Die Party is ten gunste van aanmoediging van private ondernemings en inisiatief, en vir toepassing van die nodig Staats-toesig met die minst moontlike bemoeiing.

13.—KOSTE VAN LEWENSONDERHOUD.

Onderhewig aan die industriële gedragsslyn, soas hierbo geformuleer, staan die S.A. Party verlaging voor van invoerregte, en van belasting in die algemeen ten einde die koste van lewensonderhoud te verminder.

14.—SPOORWEG POLITIEK.

Die S.A. Party beskou die teenwoordige posisie van ons spoorweg-sisteem as onbevredigend en is om die rede vir 'n hersiening van die spoorweg-beleid en van vragpryse, teneinde 'n betere algemene ontwikkeling te bevorder en om uitvoering te gee aan die voorsienings van die Suidafrika Wet met betrekking tot die beheer van ons spoorweë volgens besigheids beginsels en die ontwikkeling van die binneland en gelyktydig volledig ekonomies gebruik te maak van motor transport.

15.—PROWINSIALE RADE.

Die S.A. Party meen dat die bestaande omslagtige en grootliks politieke stelsel van Prowinsiale Rade hersien behoort te word en noukeurige ondersoek ingestel met die oog op totstandbrenging van 'n meer bevredigende vorm van plaaslike bestuur vir die Unie, mits die Prowinsiale Raad in geen provinsie afgeskaf word nie tensy by 'n referendum blyk dat die provinsie ten gunste van afskaffing is.

16.—WEË POLITIEK.

Die S.A. Party is vir 'n nasionale weë-politiek met 'n Nasionaal Weë Fonds.

17.—WETENSKAPLIKE POLITIEK.

Aangesien die toepassing van wetenskap noodsaaklik is by 'n behoorlike ontwikkeling van die landbou en ander hulpbronne, is die S.A. Party vir 'n betere organisasie van onse wetenskaplike dienste sowel as vir 'n omvattende skema van wetenskaplik ondersoekingswerk waarvoor voldoende fondse beskikbaar behoort te wees.

18.—NATUURLIKE HULPBRONNE.

Die S.A. Party staan vir beskerming en ontwikkeling van ons natuurlike en see-hulpbronne, van ons rivier-bronne en die boswese, is vir voorkoming van grond-verspoeling en vir alle andere maatreels wat kan dien tot 'n beter ekonomies gebruikmaking van die grond van die Unie.

die Burger, 191

S.A. MOET WITMANS GENL. HERTZOG SE OPROEP.

SKITTERENDE PRESTASIE VAN NAS. REGERING.

**Hoe Unioniste Genl. Smuts met
Onmag Geslaan het.**

NASIONALISTE SE AEGPROGRAM.

**Voortsetting van Voortuitstrewende
Beleid die Grondtoon.**

Suid Afrika kom alreeds 'n witman land sly as 'n natuurlike vraagstuk onverwyl aangepik word. Dit is die grondtoon van die groot toespraak wat die Eerste Minister gisterand op Smithfield gehou het. Hy het verwys na die verklaring van 'n bekende Engelse geleerde dat Suid Afrika hierdie ideaal alleen kan verwesenlik deur die verhouding van blankes tot naturelle so hoog as moontlik te hou. Die Generaal het daarop, gewys dat die beleid van genl. Smuts, soos uit sy onlangse toespraak op Ermele geblyk het, lynreg in stryd is hiermee en het 'n beroep op die volk gedoen om Suid Afrika van die gevaar van Kaffer oorheersing te red deur die Nasionale Regering weer aan die bewind van sake te stel.

Genl. Hertzog het verder 'n oorsig gegee van die huidige toestand waarin die land verkeer het toe die teenswoordige Regering in 1924 aan die bewind gekom het en het die beleid van die huidige Regering op skitterende wyse verdedig. Hy het o.a. verduidelik hoe tekort verander is in oorskotte nieentoele die feit dat die belastinge ten bedrae van twee miljoen per jaar verander is.

Hy het ook die strydprogram van die Nasionale Party uiteengeset. Dit kom hoofsaaklik hierop neer dat die fundamente van die voorspel van die land net gele is. Daar sal voortgegaan word op die ingesette weg deur ons nywerhede te beskerm, die land te help en voorsiening te maak vir die ontginning van die hulpbronne van die land deur stappe te doen om die land te steun volkoomlik in kragt en te sit, besproeiingswerke en land we te reup en 'n voortuitstrewende paaiebeleid te volg. Dit was 'n skitterende rede en die gehoor, wat etlike duisende getel het, het die Generaal een van sy mees geesdriftige

S.A. MOET WITMANSLAND BLY GENL. HERTZOG SE OPROEP.

SKITTERENDE PRESTASIE VAN NAS. REGERING.

Hoe Unioniste Genl. Smuts met Onmag Geslaan het.

NASIONALISTE SE VEGPROGRAM.

Voortsetting van Vooruitstrewende Beleid die Grondtoon.

Suid-Afrika kan alleen 'n witmansland bly as die natuurlike vraagstuk onverwyld aangepak word. Dit is die grondtoon van die groot toespraak wat die Eerste Minister gisteraand op Smithfield gehou het. Hy het verwys na die verklaring van 'n bekende Engelse geleerde dat Suid-Afrika hierdie ideaal alleen kan verwesenlik deur die verhouding van blankes tot natuurlike so hoog as moontlik te hou. Die Generaal het daarop gewys dat die beleid van genl. Smuts, soos uit sy onlangse toespraak op Ermelo geblyk het, lynreg in stryd is hiermee en het 'n beroep op die volk gedoen om Suid-Afrika van die gevaar van Kafferoorheersing te red deur die Nasionale Regering weer aan die bewind van sake te stel.

Genl. Hertzog het verder 'n oorsig gegee van die huidige toestand waarin die land verkeer het toe die teenswoordige Regering in 1924 aan die bewind gekom het en het die beleid van die huidige Regering op skitterende wyse verdeel. Hy het o.a. aangetoon hoe tekorte verander is in oorskotte niesteatande die feit dat die belastinge ten bedrae van twee miljoen per jaar verminder is.

Hy het ook die strydprogram van die Nasionale Party uiteengesit. Dit kom hoofsaaklik hierop neer dat die fondamente van die voorspoed van die land net gelê is. Daar sal voortgegaan word op die ingeslae weg deur ons nywerhede te beskerm, die landbou aan te help en voorsiening te maak vir die ontginning van die hulpbronne van die land, deur stappe te doen om die reusagtige steenkoolvoorraad in krag om te sit, besproeiingswerke in die lewe te roep en 'n vooruitstrewende paaiëbeleid te volg. Dit was 'n skitterende rede en die gehoor, wat etlike duisende getel het, het die Generaal een van sy mees geesdriftige ontvangste gegee wat hy nog ooit op Smithfield gehad het.

(Van ons Spesiale Beriggewer.)

SMITHFIELD. Donderdagaand, 18 April.—Na 'n aange-name eetmaal in die stadsaal ter ere van genl. Hertzog, het die inwoners van Smithfield en omgewing in 'n optog na die Jongelingsaal gegaan om die Eerste Minister te hoor. Die strate wat lei na die saal was vol soos die strate van elke dorpie wanneer die kerk uitgaan op 'n Nagmaalsand, en elkeen het gewonder waar daar in Smithfield 'n saal was om so 'n menigte mense te bevat. Die Smithfielders het die moeilikheid maklik opgelos deur eenvoudig die stoele uit die saal te verwyder. Met uitsondering van 'n paar dames wat voor in die saal gesit het, moes almal staan. Almal het

vorentoe gedring, almal wou so naby as moontlik wees om elke woord van genl. Hertzog te vang. In hul geesdrif het hulle in so 'n digte massa saamgepak dat daar heelwat meer as 2,000 persone in die gebou vergader het om die Generaal te hoor.

Dié wat nie binnekant kon plek kry nie, het rondom die saal vergader, met 'n paar gelukkigies vooraan wat plek gekry het by die vensters en deure. Miskien was hulle nie die gelukkigies nie, want hulle is onophoudelik van agter bestorm met vrae: "wat sê hy nou?" By wyle is daar ook 'n hoor-hoor! deur die venster na binne gestuur, gewoonlik 'n bietjie laat wanneer die nuus eers na buite deurgedring het.

Genl. Hertzog het onder dawerende toejuiging die saal binnegestap. Die spontane en geesdriftige toejuiging het my laat dink aan die moed, liefde en vaste vertroue waarmee genl. Hertzog in 1924 na die verkiesingstryd gestuur is. Wat die uitslag van die verkiesing gaan wees, daaraan twyfel Smithfield altans nie.

Mnr. J.A. Euvsard, die burgemeester, het die voorsitterstoel ingeneem. Adresse is voorgelees van die Stadsraad van Smithfield, Nasionale Vroueparty van Bethulie, Nasionale Vroueparty, Smithfield, Nasionale Party-takke, Bethulie en die Distriksbestuur van die Nasionale Party, Smithfield.

Onder dawerende toejuiging kom genl. Hertzog hierna aan die woord. Sy rede was as volg:

"Toe ek vyf jaar gelede hier voor u verskyn het, het ek dit gedoen om 'n ernstige beroep op die volk te doen om die land van die S.A.P.-Unionistiese samestelling onder genl. Smuts te bevry. Op daardie beroep is geredelik geantwoord en vir die afgelope vyf jaar is die regering van die land toevertrou aan en behartig deur die Nasionale Party met die troue steun van die Arbeidersparty in die Volksraad, en dit is nie sonder 'n gevoel van tevredenheid en trots dat ek u vanaand durf nader, nie alleen om aan u en die volk rekenskap te gee van elke regeringsraad wat ons verrig het nie, maar meer spesiaal weens die ryke oes van sukses wat ons pogings en ondernemings bekroon het in die diens van ons vaderland. 'n Gevoel van maatskaplike vrede en tevredenheid, wat onder die Smuts-regering onbekend was, heers vandag oral in plek van die opstande en geweld van vorige jare. Ons nywerhede is gedurende die tydperk van ons bewind met ongestoorde vrede en bloei geseën. Die vryheid van ons volk staan vandag op die onaantasbare grondslag van soewereine onafhanklikheid en oor ons hoofde wapper die oranje, wit en blou as die onmiskenbare simbool van ons vrye onafhanklike volksbestaan—die vrye vlag van 'n vrye volk. In voorspoed en nasionale welsyn wat betref vooruitgang, prestige en gesag, het Suid-Afrika vandag 'n peil bereik wat hy nog nooit tevore bereik het nie en nie onder 'n S.A.P.-Unionistiese regering sou bereik het nie, weens die onvermydelike verdeeldheid binne daardie party en die teenstrydigheid van sy elemente. Geen ander politieke beginsel het in die praktyk algemene steun geniet as die beleid van niksdoen en *laissez-faire*, die enigste beleid waaromtrent daar ten minste 'n mate van eenstemmigheid van daad en dink onder die gelede van die Smuts-regering van 1924 was.

TOEKOMS BELOWEND.

"Ons toekoms skyn ook belowend te wees en ons het alle rede om met vertroue en optimisme die toekoms tegemoet te gaan. Die oplossing van ons geskille oor die vraagstuk van ons status en onafhanklikheid het 'n stadium bereik waar daar vrede verklaar is tussen Hollandssprekende en Engelssprekende Suid-Afrika na ons honderdjarige stryd

vir vryheid. As gevolg hiervan is die nodige toestande geskep vir 'n nasionale Suid-Afrikaanse bewussyn wat albei rasse besiel met die gevoel dat hulle seuns is van een en dieselfde vaderland. Die oplossing van die status-vraagstuk het die weg getoon na daardie hartlike samewerking wat elkeen as noodsaaklik besef vir die toekomstige vooruitgang en geluk van ons geliefde vaderland.

TOESTAND IN 1924.

“Om 'n juiste berekening te maak van wat deur die huidige Regering behaal is gedurende die kort tydperk van vyf jaar van sy administrasie, is dit nodig om 'n besef te hê van die toestand van die land toe ons in 1924 aan die roer van sake gekom het.

“Die finansies van die land was in 'n betreurenswaardige toestand. Nie alleen was die skatkis leeg en begrotings en tekorte sinoniem nie; nie alleen was die inkomste wat volgens wet vir skulddelging beskikbaar was verkeerd aangewend vir die dekking van lopende koste en is die verskillende pensioenfondse van die land tot 'n toestand van bankrotskap gevoer nie, maar die hele geldelike beleid van die Regering en die finansiële uitvlugte van die Minister het sulke primitiewe gebrek aan oordeel getoon en het sulke algehele onbevoegdheid en onkunde aan die dag gelê, dat dit nie verbasing wek nie dat tot nogtoe geen enkele kiesafdeling van die Suid-Afrikaanse Party sy deur vir die vorige Minister van Finansies van die Smuts-regering oopgemaak het om hom te verwelkom nie.

Om mnr. Burton egter geen onreg aan te doen nie dien vermeld te word dat dit 'n onderskeiding is wat hy met verskeie van die kollegas van 1924 van genl. Smuts deel. Weens die onbevoegdheid van die S.A.P.-regering was die geldelike posisie van die Unie in 1924 in 'n toestand wat nie alleen die grootste sorg gebaar het nie, maar dit het ook die welsyn van ons nywerheidslewe en ons hele bevolking ernstig bedreig.

Laat ons nou vir 'n oomblik by die boerebedryf stilstaan en die toestand in hersiening neem toe ons aan die roer van sake gekom het. Die noodlottige verbod op die uitvoer van goud het nog gegeld, en onberekenbare skade waarvan ons nooit 'n behoorlike besef met enige sekerheid sal kry nie is daardeur die boere van Suid-Afrika berokken. Elke boer was die slagoffer van hierdie maatreël en geen seksie van die samelewing is harder as die boerebedryf getref.

Die onmag sowel as die dwaasheid van die Smuts-regering kom nêrens duideliker uit as in die toepassing van hierdie vir die boere so noodlottige maatreël nie lank nadat die afwesigheid van enige noodsaaklikheid daarvoor vir die ministers moes duidelik gewees het. In 1924 het die boere in die Unie nog gesug onder die las van hierdie verbod. Die afskaffing daarvan deur die Ooreenkoms-regering binne een jaar nadat hy aan die bewind gekom het, en ondanks die sterke teenstand van die S.A.P., was een van die grootste seëninge wat enige regering ooit aan Suid-Afrika ten deel laat val het.

DIE TOESTAND IN 1924.

'n Valse Voorspoed.

“Maar laat ons verder die geldelike toestand van die land in 1924 nagaan. U sal onthou dat ek in 1920 u vanaf hierdie verhoog gewaarsku het teen die skynbare finansiële herlewing wat toe begin het en hoe daardie valse voorspoed en spekulasie, grootliks aangemoedig deur die sleg oorwoë uitlatings van ministers, 'n abnormale styging in grondpryse ten gevolge gehad het, waardeur baie boere uiteinde-

lik in die insolvensiehof beland het as die slagoffers van die onnoselheid van ministers en banke.

“Asof die alles nog nie 'n voldoende las op die boer en die boerebevolking geplaas het nie, het die S.A.P.-regering soos u miskien sal onthou, die boer met 'n grondbelasting vir die opvoeding van sy kinders gedreig. Buite dit alles vind ons dat 'n tabakbelasting gehef is, wat so skadelik was in sy uitwerking dat ons gesien het hoe dit die tabakbedryf in baie dele van Transvaal en die Kaapprovinsie geruïneer het en feitlik die ontwikkeling van baie groot dele van die land tot stilstand gebring het.

“Gelyktydig vind ons toe ons in 1924 aan die bewind gekom het dat die veeboerdery in 'n toestand van druk en agteruitgang verkeer het. In 1924 het daar dus in amper al die takke van die boerdery 'n toestand van bedruktheid en agteruitgang geheers.

DIE NYWERHEDE.

“Maar wat was die toestand van die nywerhede in 1924? Ten opsigte van ons nywerhede in die stede in die algemeen, het die Smuts-regering altoos 'n beleid van skynbare simpatie gevolg. In werklikheid was hul beleid bereken om die nywerheidsbelange ondergeskik te maak aan en op te offer vir die belange van die groothandelaars en invoerders, 'n beleid wat die regstreekse gevolg was van kenmerkende S.A.P.-Unionistiese houding van *laissez-faire*, die enigste beleid waaromtrent daar in 1924 onder die Ministers ooreenstemming was. In watter mate daardie *laissez-faire*-beleid verantwoordelik was vir die algemene agterlikheid wat nywerheidsontwikkeling betref, blyk baie duidelik as ons die vinnige vooruitgang en ontwikkeling nagaan wat sedert 1924 plaasgevind het as gevolg van 'n vasberade beleid van nywerheidsbeskerming wat die huidige Regering aangeneem en gevolg het. Daardie niksdoen-beleid in daardie besondere vorm deur generaal Smuts destyds ontwerp, die beleid van sake te laat ontwikkel, was meer in besonder, soos ons almal weet, die onmiddellike oorsaak van die ramp wat Suid-Afrika in 1922 getref het. Ek het hier die oog op die staking in die myne, wat uitgeloop het op geweld en die geratel van die masjiengewere totdat in 1924 die huidige Regering aan die bewind gekom het. Niks as uiters lafhartige pogings is ooit gemaak, hetsy in die belang van die werkers in die nywerhede of vir die ontwikkeling van nywerhede in ons stede om vir hulle 'n permanente bestaan te verseker nie. “Die gevolg was dat ons in 1924, met uitsondering van die mynbedryf, niks aangetref het as 'n kwy-nende industriële lewe en 'n arbeidersgemeenskap in ons nywerhede, waaronder, in die myne sowel as elders, die gevoel van verwaarlosing en geringskatting deur die Regering reeds so 'n bittere gees van teenstand gewek het, dat genl. Smuts by drie verskillende geleenthede getrag het om dit met geweld te onderdruk en met behulp van die mag van die geweer.

WERKLOOSHEID.

“Om 'n juiste denkbeeld te kry van die toestand soos ons dit in 1924 aangetref het, is dit hier nodig om u te herinner aan die enorme massas werkloses, die s.g. arm blankes wat aan ons as erfenis van die Smuts-regering oorhandig is. Nêrens het die onmag van daardie regering met sy beleid van *laissez-faire* meer bittere vrugte gedra nie. Ek het reeds verwys na die rampspoedige staking van 1922 toe deur die opsetlike nalatigheid van die Smuts-regering om op die juiste oomblik in te gryp en 'n vreedsame oplossing van die vraagstuk te bereik, die beleid van sake te laat ontwikkel, die onvermydelike gevolg gehad het dat dit in bloed geëin-

dig het, wat die staat miljoene aan geld gekos en die aantal werkloos met duisende vermeerder het. 'n Verdere gevolg van die beleid van niksdoen was dat die Smuts-regering, in verband met onbedrewe arbeid op die spoorweë en in ander staatsinrigtings en staatsbedrywe, die gedraglyk aange- neem het om voorkeur te gee aan natuurlike-arbeid. Geen oortuigender bewys van hoe magteloos die Smuts-regering geword het daar die samesmelting van die S.A.P. en die Unioniste in 1921, en van die oorwegende invloed wat die unionistiese element onmiddellik in die Regering begin uit- oefen het, kan gevind word as hoe snel na die benoeming van min. Jagger 'n verandering aangebring is ten opsigte van die werkverskaffing aan blankes op die spoorweë. In die dae van die ou onvervalste S.A.P.-regering, voordat die samesmelting van die S.A.P. en Unioniste plaasgevind het, was dit nie alleen die gebruik om blankes op die spoorweë te gebruik vir bedrewe sowel as onbedrewe werk nie, maar dit was die vasgestelde beleid van die S.A.P. en die beleid wat hulle gedurende my dienstermyn onder die Botha- regering, d.w.s. voor 1913, gevolg het.

BLANKE ARBEIDSBELEID.

Unioniste se Invloed Merkbaar.

“Die samesmelting van die S.A.P. met die Unioniste was al op sigself wat die S.A.P.-regering betref, 'n erkenning van hul onmag. Daardie erkenning van hulpeloosheid het, as gevolg van die verskil van politieke insigte en politieke doeleindes wat bestaan het tussen die Unioniste en die S.A.P.-Afrikaners, in die praktyk vinnig verander in 'n toestand van magteloosheid om te regeer.

Daardie onmag om te regeer het die nuwe S.A.P.-Unionis goed gehelp om die Unionistiese beleid die oorwe- gende rol te laat speel in die s.g. S.A.P.-regering, en die eerste voorbeeld waar die invloed hom laat geld het, was die verandering van die beskaafde arbeidsbeleid na dié van natuurlike-arbeid op die spoorweë.

Die gevolg was dat toe ons die landsbestuur in 1924 van die Smuts-regering oorgeneem het, daar omtrent 7,000 be- trekkings was wat voorheen deur blankes gevul was, maar toe deur natuurlike. Die gevolg van een en ander was die toe- name in die aantal werklose arm blankes in die Unie met omtrent 30,000.

“In hoever dieselfde in die ander takke van die staats- diens gebeur het, kan nie vasgestel word nie, maar dat die- selfde gedraglyk daar gevolg is, laat geen twyfel nie en dit alles is gedoen, soos aan ons vertel word, omdat die dienste van die natuurlike verkry kon word teen 'n laer loon. Blanke seuns en dogters van Suid-Afrika is derhalwe uitgesluit van die moontlikheid om 'n lewensbestaan te maak, omdat die natuur in staat is om op mieliepap te lewe. Ons voel dadelik hoe kenmerkend Unionisties, d.w.s. hoe strydig met die werklike Suid-Afrikaanse gees, daardie leer is. In hoever daardie leer ten gunste van natuurlike-arbeid beïnvloed is en nog beïnvloed word deur die natuurellestem, is 'n onderwerp waaroor ek nou nie sal uitwei nie, maar dit is hierdie by uit- stek Kaapse Unionistiese leer wat opsetlik die Nasionale Suid-Afrikaanse leer van blankes of beskaafde arbeid vir staatsondernemings verwerp.

WAAR WAS HULLE?

“Die vraag ontstaan natuurlik waar die ou S.A.P.- ministers in die S.A.P.-Unioniste-regering was toe die eis van die blanke arbeider op 'n bestaan op die spoorweë van die blanke so minagting oor die hoof gesien is. Waar was generaal Smuts en sy Transvaalse kollegas? Waar was sy

vroeër S.A.P.-ministers? Waar was die ou S.A.P.-lede van die Parlement? Hulle was met onmag geslaan en uitoorlê deur die Unionistiese element in die Kabinet en die party.

“Daar was vir hulle maar een uitweg uit die moeilikheid en dit was om na gewoonte ooreenkomstig hul *laissez-faire*- beleid te handel en te dans na die pype van die Unioniste.

“Hierdie niksdoen-beleid van die Smuts-regering was nooit duideliker sigbaar nie as na die samesmelting van die S.A.P. en Unionistiese Party gedurende die jare 1921 en 1924. Dit hoef daarom geen verbasing te wek nie dat toe die verkiesing in 1924 aan die gang was, daar in ons land volgens die amptelike opgawes nie minder as van 150,000 tot 170,000 werklose blankes was nie. So kritiek was die toestand ten opsigte van werkloosheid, dat gedurende die maand April of Mei, onmiddellik voor die verkiesing nie minder as 90 vakmanne Suid-Afrika verlaat het om hul ge- luk elders te beproef. Dit alles sal dit vir u duidelik gemaak het in watter betreurenswaardige toestand die Smuts- regering die land in 1924 aan ons oorgegee het.

Die Smuts-regering self was, soos ek later sal aantoon, so verswak dat vir 'n geruime tyd, ja vir 'n aantal jare voor die ontbinding van die Parlement, die enigste daad van die regering dié was wat nodig was om hulle altans 'n skyn van regering te gee en dié wat nodig was om die gewone admi- nistrasie van die land te laat aangaan. Dit is geen geheim nie dat genl. Smuts se beroep op die volk in 1924, omtrent 18 maande voor die tyd wat die wet vereis, niks anders was nie as 'n wanhoopsdaad waartoe die Smuts-regering gedryf was deur die toestand van volslae onmag waarin hulle deur inwendige verdeeldheid verval was. Hierdie vroeë ontbin- ding van die Parlement het neergekom op 'n erkenning deur genl. Smuts van die absolute mislukking van sy nuwe S.A.P.-Unionistiese kombinasie; en sy beroep op die kiesers sonder dat hy daartoe gedwing was deur ander re- des, was niks anders nie as 'n politieke uitvlug waarmee hy probeer het om homself te red uit die onbenydenswaardige toestand van onmag waarin hy en sy regering deur die in- wendige verdeeldheid en onbekwaamheid geraak het.

'N GOEIE DAAD.

“Ek glo dat ek nie te veel sê nie as ek beweer dat die bedan- king van die Smuts-regering van 1924 altans in die herinne- ring sal voortleef as die mees prysenswaardige diens wat die S.A.P.-Unioniste-regering gedurende sy hele ampstyd aan Suid-Afrika bewys het. Toe daardie regering van die toneel verdwyn het, was Suid-Afrika bevry van die ramp- spoedige gevolge van hul gevaarlike *laissez-faire*-beleid met die ewels wat dit meegebring het, nl. van onbeskaafde arbeid en nywerheidsnoluste.

DIE PROGRAM VAN 1924.

“Die verkiesingsprogram van die Nasionale Party in 1924 het hom ten doel gestel: (1) landbou-ontwikkeling en meer steun aan die boer; (2) 'n besliste beleid van ontwikkeling en beskerming van ons eie nywerhede; (3) die hersiening van ons belastingstelsel; (4) 'n ernstige en omvattende po- ging om die vraagstuk van werkloosheid en verarming op te los; (5) die handhawing van die bestaan van die blanke en sy beskawing en die beskerming van beskaafde arbeid teen die natuurlike-arbeidsbeleid van die S.A.P.-Unionistie- se Regering; (6) die oplossing van die natuurlike-vraagstuk; (7) beskerming van die onderwys teen die poging van die Smuts-regering om dit te ondermyn; (8) 'n deeglike onder- soek na die wenslikheid van die stigting van 'n Staatsbank.

“Tydens sy reis deur die land en deur die Vrystaat enige maande gelede, het genl. Smuts op sy vergaderings ver-

klaar dat die Regering nie sy beloftes aan die volk ten opsigte van bogenoemde punte en vraagstukke nagekom het nie. Geen groot waarde kan te enige tyd aan die verklaring wat genl. Smuts van politieke platforms maak, geheg word nie, en hierdie verklaring is van alle waarheid ontbloot.

“Geen enkele vraagstuk wat ek in die verkiesingsprogram van die Nasionale Party van 1924 aangestip het, kan genoem word wat nie getrou aangepak en, met die enkele uitsondering van die naturellevraagstuk, nie met die grootste sorg afgehandel is nie.

SIMPATIE VIR DIE BOER.

Wat die Regering vir Hom Gedoen het.

“Vir die eerste maal sedert Unie is 'n party aan die bewind gewees wat kan roem dat hy sy verkiesingsbeloftes getrou, nagekom het. Nooit tevore is die boer, van watter ras of klas ook, dwarsdeur die lengte en breedte van Suid-Afrika met groter simpatie en agting as deur die huidige Regering behandel nie. Die Departement van Landbou is gereorganiseer met die oog op groter doeltreffendheid, sprinkane is uitgeroei, ons boere is gehelp deur die uitroeiing van die ooskuskoors en deur 'n gedeeltelike verbod op die invoer van beeste van buite die Unie. Brandsiekte is byna geheel en al verwyder en die gehalte van ons wol is verbeter. Die vrugteboere is gesteun deur die reorganisasie van ons vrugteuitvoer, en boere oor die algemeen deur doeltreffender koelkamergeriewe en die nuwe skeepvaartkontrak wat hulle in staat stel om hul produkte baie goedkoper te bemark. Die belaglike tabak-belasting van die Suid-Afrikaanse Party is afgeskaf. Verdere verligting is verleen deur die vermindering van invoertariewe op boerderygereedskap, en onlangs weer deur spesiale prysgewing van inkomstebelasting. Boonop is groot bedrae vir noodleniging as gevolg van die droogte beskikbaar gestel, terwyl beide die Departement van Lande en die Departement van Landbou meer gunstige voorwaardes aan nedersetters en boere verstrekket. Orals word die boere met die mees simpatieke behandeling tegemoet gekom. Plaastelefone is opgerig, padmotordienste ingestel, spoorwegtariewe op die produkte van die boere is aansienlik verminder en orals is tasbare hulp verleen.

“Wat die beleid van die huidige Regering reeds vir die ontwikkeling van ons eie nywerhede gedoen het, blyk uit die toesprake van voorsitters van kamers van nywerhede dwarsdeur die land. In sy rede op die gesamentlike vergadering van die Kamers van Koophandel in April 1928 het mn. Seals-Wood, die gewese voorsitter van die Suid-Afrikaanse Verenigde Kamers van Nywerhede, getuig:

‘Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om te sê dat ek gedurende my onlangse toer deur Suid-Afrika in my hoedanigheid as voorsitter van hierdie organisasie verbaas gestaan het oor die ontwikkeling in die fabrieksnywerhede van die land.’

“Die beleid van ‘niks-doen’ en ‘laat maar loop’ van die Smuts-regering is vervang deur 'n beleid van durf en doen, van besliste beskerming met die gevolglike heilsame herlewing van ons nywerhede, en dit ten spyte van teenstand van die Suid-Afrikaanse Party. In die groot skoen- en stewelfabriek wat in 1924 in 'n kwynende toestand verkeer het, is nuwe lewe geblaas. In Kaapland en in die Noorde word kombors-fabriek opgerig terwyl in Port Elizabeth die motorbedryf bloei.

'N SLEUTELBEDRYF.

“Nieteenstaande die bittere teenstand van die Suid-Afrikaanse Party is 'n aanvang gemaak met die groot sleutelbe-

dryf van yster en staal, waarop baie ondergeskikte bedrywe soos dié vir die vervaardiging van draad, sink- en staalplate, ysterpale en droppers, pype en allerhande soorte landbou-gereedskap en -masjinerie onvermydelik sal volg.

“Die diamantslypery-bedryf waaraan baie Suid-Afrikaanse seuns verbonde sal wees, is in volle gang. Die stelling ‘woorde wek, maar daad trek’ is ook hier van toepassing. Die De Beers-maatskappy volg die goeie voorbeeld van die Regering deur soortgelyke fabriek vir die slyp van diamante op te rig. Vanuit alle dele van die land hoor ons van nuwe nywerhede, van nuwe ontwikkeling en aan hierdie nywerheidsherlewing is die nasionale welvaart wat ons vandag geniet, grootliks toe te skrywe.

“Die bestaan en die voortbestaan van ons blanke beskawing in Suid-Afrika word deur die Regering verseker nie alleen deur sy naturellebeleid en sy beleid van beskerming nie, maar ook deur dikwels nywerheidsbeskerming onderhewig te maak aan die indiensneming van 'n redelike gedeelte beskaafde arbeid in die betrokke bedrywe, saam met die verwerping van die verderflike beginsel van onbeskaafde arbeid wat deur die Smuts-regering in praktyk gebring is, en die terugkeer tot die beleid van beskaafde arbeid.

GELDELIKE BELEID.

Tekorte Verander in Oorskotte.

“Op geen ander gebied het die beleid van die Regering 'n meer gesonde uitwerking gehad in die belang van alle seksies van die bevolking as in sy geldelike beheer nie. Finansies is die senukrag van 'n volk. Ongesonde finansies het 'n verlamme uitwerking op die hele gemeenskap. Gelukkig vir ons is ons geldelike toestand vandag baie gesond. Die gedurige tekorte wat onder die S.A.P.-regering kronies geword het, het plek gemaak vir jaarlikse oorskotte, terwyl ons nie-produktiewe skuld gedurende die afgelope 5 jaar met £20 miljoen verminder is. Dit het ons nasionale krediet versterk, en het algemene vertroue by ons geskep. In plek van wat genl. Smuts voorspel het, nl. dat kapitaal sou afgeskrik word, trek ons dit aan soos ons belowe het.

“Ons belastingstelsel is deeglik hersien, en hervorm. Daardie verspotte tabak-belasting van die Smuts-regering is afgeskaf en dit is die geval met die belasting op patente medisyn. Met betrekking tot inkomstebelasting is groot veranderinge aangebring. Gedurende 1925 is die korting met betrekking tot kinders van £50 tot £60 verhoog en in 1929 tot £75, terwyl terselfdertyd die ouderdomsbepערking van 18 tot 21 jaar verhoog is. Hierdie heilsame verligting sal vir groot families van baie steun wees. Gedurende 1926 is die korting vir getroude persone van £300 tot £400 verhoog, terwyl gedurende 1928 en 1929 die inkomstebelasting dwarsdeur met 20 persent verminder is, 'n vermindering wat die Minister van Finansies hoop om permanent te maak. Verdere vermindering van belasting is gemaak deur na die pennie-postarief terug te keer, deur die verhoogde vrystelling op boedel-belasting, en deur ons invoertariewe op 'n meer wetenskaplike grondslag te plaas. Deur hierdie maatreëls is verligting veral aan die minder-welgestelde seksies van die bevolking gebring. Om op te som, geniet die volk van Suid-Afrika vandag 'n jaarlikse vermindering van belasting van meer as £2 miljoen. Die beloofde ondersoek insake die wenslikheid van 'n staatsbank is in 1925 gemaak deur twee wêreldberoemde deskundiges, nl. prof. Kemmerer en dr. Vissering. Hul raad is gevolg.

“Uit die voorafgaande moet dit vir elkeen duidelik wees waarom genl. Smuts wil hê dat die mense moet glo dat die Regering nie sy beloftes nagekom het nie. Die feit bly staan

dat die Nasionale Party getrou sy beloftes met die verkiesing een en almal nagekom het, en dit met die hoogste moontlike mate van sukses.

NATURELLEVRAAGSTUK.

“Wat die naturrellevraagstuk betref, het die Regering elke moontlike poging aangewend om 'n bevredigende oplossing te bereik. Dat ons totnogtoe nie daarin geslaag het nie, moet toegeskryf word aan die toestand van hulpeloosheid waartoe genl. Smuts selfs in die Opposisie gedoem is deur sy S.A.P.-Unionistiese beleid. Nog 'n keer het die Kaapse Unionistiese element in die S.A.P. die botoon gevier oor genl. Smuts en sy ou S.A.P.-ondersteuners uit die Noorde.

“Ek herhaal dat met uitsondering van die naturrellevraagstuk daar geen enkele belofte tydens die verkiesing van 1924 deur of namens die Nasionale Party gemaak is, wat nie stiptelik volgens die letter en gees daarvan nagekom is nie. Hierdie Regering het 100 persent meer gedoen as wat hy tydens die verkiesing onderneem het, nie alleen omdat hy verplig was om soveel van die warboel wat deur die S.A.P.-regering agtergelaat is reg te maak nie, maar ook omdat hy oplossings moes vind vir menige vraagstuk wat onder die Smuts-regering aandag vereis het, maar nie opgelos kon word nie weens die toestand van onmag waarin daardie regering verval het. Daar is 'n Engelse spreekwoord wat lui: ‘The way to destruction is paved with good intentions.’ Van die Smuts-regering kan gesê word: ‘Its way to destruction was devoid of good intentions. It new only shelved problems.’ Die verklaring van ons nasionale onafhanklikheid, die daarstelling van die landsvlag, die sluiting van die Mosambiek-verdrag, die beperking van die invoer van slagvee van Rhodesië, dit was almal vraagstukke wat onder die Smuts-regering tevergeefs op 'n oplossing gewag het. Dis waar dat die vraagstukke wel op een of ander tydstip almal deur daardie regering aangeraak is maar met geen ander gevolg as om spoedig weer te laat vaar en daarna met haat en onwil bejeën te word. *Ons weet hoedat genl. Smuts, eertyds 'n kampvegter van nasionale onafhanklikheid en 'n voorstander van 'n nasionale vlag, die bittere vyand van albei geword het.*

SAPPE INGESLUK!

“Onder die talryke vraagstukke wat op oplossing van die kant van die Smuts-regering gewag het, maar eers deur die huidige Regering aangepak en deurgedruk is, is die Wysigingswet op Prowinsiale toelaes en Belastingsbevoegdheide, die Drankwet, die Mynteringwet, die Wet op Edelgesteentes, die Loonwet en die Woekerwinswet.

“Dieselfde onmag, gebore uit die meningsverskil tussen Sap en Unionis, was die rede waarom die Smuts-regering nie kon besluit om tot die goudstandaard terug te keer nie, waarom brandsiekte nie uitgeroei kon word nie, waarom dit nie met voldoende vasberadenheid en bevoegdheid in die uitroeiing van sprinkane kon optree nie. Maar die belangrikste punt in verband met hierdie omvang van die S.A. Party is die feit dat in elkeen van die baie gevalle waar die Smuts-regering verlam en tot niksdoen gedoem was as die Unioniste beswaar opper,

dit altyd die Unionistiese beleid was wat seëvierend te voorskyn getree het en uiteindelik as die beleid van die Suid-Afrikaanse Party aanvaar is. Dit was die geval met die vlag, met ons onafhanklikheid, met die naturrellevraagstukke en dit is vandag weer die geval met hul poging om blanke Suid-Afrika in die Kafferstaat te laat verdwyn. Die S.A.P. is blykbaar verslind deur die Unioniste wat vyandig gesind is teenoor alles wat 'n ware Suid-Afrikaanse nasionale stempel dra.

PROGRAM VAN DIE NASIONALE PARTY.

Die Ingeslae Weg Sal Gevolg Word.

“Ek wil nou aan u meedeel wat die Nasionale Party van plan is om te doen indien hy as gevolg van die komende verkiesing in staat gestel word om die werk van die land voort te sit. Die vernaamste vraagstukke wat die Nasionale Party in 1924 moes aanpak en waarmee ons nog te doen het, was en is van so 'n aard dat die pogings wat gemaak word om hulle op te los nog vir 'n aantal jare die simpatieke sorg en ondersteuning van die Regering vereis. Die Regeeringsbeleid van nywerheidsbeskerming is een voorbeeld. As gevolg van daardie beleid verheug die land hom vandag in 'n ongekende toestand van nywerheidsvoorspoed. Dit is een van ons belangrikste middels om tot die ongewenste oplossing te kom van die werkloosheid- en armblankevraagstukke. Bestaan daar die geringste twyfel oor die gevolge as die noodlot die Smuts-Unioniste-regering weer aan die bewind bring, met sy invoerders en groothandelaars en vryhandelaars, een en almal daarop uit om beskerming dood te maak en Kafferarbeid die grondslag van ons nywerheidslewe te maak?” vra genl. Hertzog.

“As die simpatieke sorg en beskerming van die Nasionale Regering vandag aan ons nywerhede onttrek word, wat sal dan word van ons yster- en staalonderneming? Kan iets noodlottiger vir die ontwikkeling van daardie bedryf bedink word? Nie alleen sou die poging wat nou aangewend word om die nodige werke op te rig, gesmoor word nie, maar ons kan daarvan seker wees dat vir jare daar nie gedink sal word aan die oprigting van 'n nywerheid van hierdie aard in Suid-Afrika nie. Verder het genl. Smuts onlangs deur die land gereis en die publiek opgesweept teen die Loonwet, iets wat hy sal verwyder uit die wetboek sodra hy weer aan die bewind sou kom. Inplaas van te poog om met behulp van die Loonraad 'n billike toepassing te kry van daardie wet en aldus ons nywerheidslewe te beskerm teen die euwels van die hongerloonstelsel, sal die Smuts-regering, so word aan ons vertel, nog voordat daar 'n kans was om die nywerheidsbestaan van die seuns en dogters van Suid-Afrika op 'n gesonde grondslag te plaas, hulle weer blootstel aan die uitbuiting van gewetenlose werkgewers en aldus sal ons nywerheidslewe weer verpes word deur die nywerheidsonrus en geweld. Dit moet vir elkeen duidelik wees dat die bestaande omstandighede dit vandag gebiedend noodsaaklik maak dat die nywerheidsbeleid van die huidige Regering verder gevolg word op die grondslag waarop dit vandag gevolg word.

BOERE SE BELANGE.

“Net so sal ons pogings om werkloosheid soveel moontlik te keer deur beskaafde arbeid te gebruik, gehandhaaf word as die huidige Regering weer aan die bewind kom.

“Wat betref die ontwikkeling van landbou en veeteelt, sal simpatieke hulp en ondersteuning verder gegee moet word. Die Regering sal ernstige aandag moet skenk aan die vraagstuk van middele te vind om die boere te help om voorsorgsmaatreëls te tref teen die steeds wederkerende droogtes. Van die krag en gesondheid van die boerdery hang die lewenskrag en gesondheid van ons volksbestaan, maatskaplik, industrieel en politiek af. Ten einde vir ons landbou die noodsaaklike krag en gesondheid te verseker, sal die Regering sowel as die boer voortdurend waaksaam moet wees. Dit sal die plig van die Regering wees om, waar moontlik leiding te gee en die boer sonder aarseling te help.

“Suid-Afrika is begerig om te ontwikkel. Die ontwikkeling is afhanklik van die gebruik van krag. Die myne en die

boerdery is almal bereid om van wetenskaplike metodes gebruik te maak sodra laasgenoemde daarin slaag om die krag wat in ons steenkoolrykdomme sit, te ontwikkel.

“Die waarde van die steenkoolrykdom word op £200,000,000,000 geskat. Dit is die plig van die Regering om in die ruimste mate die ontginning van daardie rykdomme aan krag te bevorder. Daarom het die Regering reeds die som van £30,000 daarvoor toegeken, maar dit sal die plig van die volgende regering wees om alle pogings aan te wend om die gewenste doel te bereik.

“Die toekomstige regering sal metodes moet oorweeg om die besproeibare gebiede in elke deel van die Unie te vergroot. Dit behoort die onvermoeide strewe van die regering van die land te wees om te bewerkstellig dat die land nie van enige land afhanklik is wat die dringende lewensbehoefte van die bevolking betref nie. Dit kan alleen bereik word deur 'n vasberade en stelselmatige vashou aan die taak van uitbreiding en vermeerdering van ons besproeiingswerke. Die program wat die Nasionale Party van plan is om uit te voer as hy die oorwinning in die volgende verkiesing behaal, is:

IETEMS IN DIE PROGRAM.

- (1) Voortsetting van landbouontwikkeling in die rigting wat tot dusver gevolg is, waarby die verbetering van ons veestapel en kleinvee in die oog gehou word; (a) die verhoging van die vrugbaarheid van die bodem; (b) verhoging van die draagkrag van die grond;
- (2) stabilisasie van die boerdery deur die toestaan van die nodige fondse om lenings vir verbeterings aan boere teen 'n lae rentekoers en op billike voorwaardes te kan verstrek;
- (3) die voortsetting en uitbreiding van die nasionale beleid van beskerming van nasionale nywerhede, waarmee gepaard gaan die indiensneming van beskaafde arbeid in die nywerhede;
- (4) die beginsel van beskaafde arbeid op die spoorweë en elders in staatsondernemings sal gehandhaaf word;
- (5) die aanwending van 'n gedeelte van die opbrengs van die staats-diamantdelwerye in Namakwaland vir die oprigting van besproeiingswerke en ander werke wat kan bydra tot die verhoging van die produksievermoë van die lewenskrag van die boerderybedryf;
- (6) 'n uitgebreide ondersoek na die middels om krag uit die steenkool van ons land te wen;
- (7) 'n kragdadige vooruitstrewende beleid van ontwikkeling van die land deur middel van die aanleg van paaie deur die Prowinsiale Rade, daartoe in staat gestel deur hulp van die sentrale regering;
- (8) vir Suid-Afrika die toekoms as 'n witmansland te verseker met die beskawing van die blanke;
- (9) die verwerping van die leer van die S.A.P. deur genl. Smuts op Ermelo afgekondig van die inlywing of federasie van die Unie van Suid-Afrika met die Britse natuurle-gebiede van Oos- en Noordoos-Afrika;
- (10) die oplossing van ons natuurlevraagstukke in die rigting van politieke- en gebiedsegregasie, soos aangedui in die wetsontwerpe deur my in die Parlement ingedien.

DIE NATURELLEVRAAGSTUK.

Blankes het Rede om Besorgd te Wees.

“Nou wil ek 'n paar woorde tot die blanke bevolking van Suid-Afrika rig oor die belangrike vraagstuk van ons verhouding teenoor die natuurel en veral wys op die groot gewig van die vraagstuk waarvan die sekerheid van die bestaan van die witman en sy beskawing in Suid-Afrika afhang. Ek

wil vanaand hier verklaar dat wat die natuurlevraagstuk betref daar nie 'n enkele mening van enige belang is waaraan ek in 1925 uiting gegee het, waarvan ek vanaand nie net so sterk of selfs sterker oortuig is nie.

Die feite wat sedert onder my aandag gebring is sowel as die verwikkelings wat plaasgevind het, het slegs gedien om my te sterk in my oortuiging dat die oplossing van die natuurlevraagstuk soos in 1925 deur my bepleit en onlangs weer aan die Parlement voorgelê, gebiedend noodsaaklik is as ons inderdaad verlang dat Suid-Afrika 'n witmansland sal bly.

Wanneer ek klem lê op die belange van die witman, sê ek weer nadruklik dat ek dit nie doen omdat ek die belange van die natuurle wil veronagsaam of omdat ek dit van minder belang as dié van die witman beskou nie, maar alleen omdat ek absoluut oortuig daarvan is dat daar geen beter weg vir die behoorlike behartiging van die belange van die natuurle is nie as om aan die blanke te waarborg dat Suid-Afrika altyd die erfenis van sy nageslag met sy beskawing onbedreig deur die natuurel en sy stem sal bly. Hoe seer die selfsugtige polietikus met 'n oog op die stembus dit probeer verberg en die kortsigtige negrosiel sy oë daarvoor mag sluit, wat ook die on-Afrikaanse Jingo met niks meer as 'n verbygaande belang in Suid-Afrika en sy bestemming mag sê, in die gemeedere van die Suid-Afrikaanse volk wat Suid-Afrika as hul eie en enige vaderland, hul land en dié van hul kinders, beskou, bestaan daar 'n sterk gevoel van onrus en vrees met die oog op die leerstelling van gelykheid van kiesreg vir blankes en natuurle. In daardie leerstelling sien elke Suid-Afrikaner, en tereg ook, die bestaan van sy volk en van die witman in Suid-Afrika bedreig. Suid-Afrikaners het alle rede om besorgd te wees. *Die steun wat die S.A.P.-lede en leiers onlangs in die Volksraad aan die stelling van gelykheid met die natuurle verleen het, kan nie anders as diegene van ons wat nog vir Suid-Afrika as 'n witmansland voel, met 'n gevoel van onsteltenis en vrees vir die toekoms vul nie.*

GELYKHEID VIR STEMREG.

“In die Kaapprovinsie is gelykheid van stemreg nie meer 'n leerstelling nie, maar 'n feit. Terwille van die politieke voordeel wat die Suid-Afrikaanse Party put uit die reg van die natuurel om op 'n grondslag van gelykheid met die blanke te stem, is die S.A.P.-lede van die Kaapprovinsie nie alleen sterk voorstanders van die gelykheid vir die Kaapprovinsie nie, maar ook kampvegters van gelykheid van stemreg tussen swart en wit dwarsdeur die lengte en breedte van Suid-Afrika. Ek voel my derhalwe verplig om vanaand te herhaal wat ek in 1925 aan u gesê het, dat tensy die natuurlestem van dié van die blanke geskei word, die stemreg van die natuurle in Kaapland die oorsaak van die grootste treurspel in die geskiedenis van Suid-Afrika sal wees. Die toespraak van genl. Smuts op Ermelo, saam met die besprekings daaroor in die Volksraad, is meer as 'n verbygaande aanduiding. Vir ons is dit die bewys van wat in die gedagtes van die Suid-Afrikaanse Party omgaan en wat die bedoelings van hul leiers ten opsigte van Suid-Afrika as 'n witmansland is. Die beleid wat genl. Smuts en sy Unionistiese ondersteuners voorstaan, kom ooreen met wat ons van die kampvegters van gelyke regte vir swart en wit kan verwag. Alleen manne wat so 'n leerstelling voorstaan, kan sonder vrees vooruit kyk na die dag wanneer Suid-Afrika, as deel van die natuurle-gebiede, Oos en Noordoos van ons, sy onafhanklike bestaan sal prysgee. Alleen manne vir wie Suid-Afrika as 'n witmansland nie langer van enige betekenis is nie, kan so 'n saak voorstaan.

VREES VIR DIE TOEKOMS.

“Vir die seun van Suid-Afrika wat vir Suid-Afrika voel as ’n witmansland, moes die toespraak op Ermelo as ’n geweldige skok gekom het. Die vrees en besorgheid van die blanke vir sy toekoms en nageslagte, is aansienlik deur daardie toespraak, en wat later in die besprekings daarvan in die Volksraad openbaar is, vererger. Die masker is daardeur voldoende gelig om ons te oortuig dat die leiers van die S.A.P., met genl. Smuts inkluis, ’n beleid volg wat noodwendig moet eindig in die neerstorting van Suid-Afrika as ’n blankemansland. Hoe onbetwisbaar juis ek is met hierdie bewering, word bewys deur die hoofartikel van die *Cape Times* van 8 Maart l.l. In daardie hoofartikel is aan ons vertel dat in die gemelde natuurellegebiede, waarmee volgens genl. Smuts en sy Unionistiese vriende ons uiteindelik ’n verenigde geheel behoort te vorm; “daar ’n beleid gevolg sal word wat fundamenteel in stryd is met die beleid wat deur genl. Hertzog en die Nasionale Party voorgestaan word,” wat beteken dat die beleid sal gevolg word wat sal voer tot die oorheersing van die belange van die natuurel oor dié van die blanke man, en dat waar daar ’n botsing is tussen die belange van die natuurel en die blankes, voorkeur gegee moet word aan die belange van die natuurel. In hierdie gees gaan die *Cape Times* voort om die beleid van Kafferoorheersing aan ons op te dra, as dié wat in Suid-Afrika deur ons behoort aanvaar te word. Daardie beleid, wat deur die Britse Regering in die natuurellegebiede gevolg is, wil die *Cape Times* vir ons voorhou as

“oortuigende bewys dat die beleid van onderdrukking van die Nasionaleste geheelenal uit voeling is met die moderne denkwysse. Hulle sal rekening moet hou met ’n vasberade opposisie nie alleen van die kant van Latynse Afrika (d.w.s. Franse, Belgiese en Portugese Afrika) nie, maar ook van die kant van Brits Afrika.”

“Dus beveel die vernaamste blad van die Suid-Afrikaanse Party in die Kaap openlik en sonder skaamtegevoel nie alleen die beleid van ‘Afrika vir die Natuurel’ aan ons in Suid-Afrika as die beleid aan wat die beste rigting van moderne opvattinge huldig nie, maar die blad het werklik die vermetelheid om ons te dreig dat as ons nie daardie beleid aanvaar nie, Brits-Afrika, d.w.s. daardie natuurellegebiede, ons sal dwing om dit te doen. Daarheen lei genl. Smuts en sy Unionistiese vriende ons. Laat my hier sê dat ek nooit gemeen het om Rhodesië, hetsy Suid- of Noord-Rhodesië, in te sluit in my protes teen die beleid van genl. Smuts, soos deur hom op Ermelo afgekondig nie.

“Genl. Smuts probeer nou om die skyn te wek dat ek gekant is teen die sluit van vriendskapsbande met die Britse gebiede van Noord- en Oos-Afrika. Dit is absolute onsin waarmee genl. Smuts die volk probeer mislei. Die huidige Regering het altoos verkondig dat ons as volk moet probeer om die nouste vriendskapsbande te sluit en samewerking met daardie gebiede te bereik. Ons as Nasionaleste is daarteen dat Suid-Afrika as staat sal toelaat om deur federasie of deur unifikasie verenig te word met die gebiede wat nooit iets anders sal wees as natuurellegebiede nie. Om te toon hoe absoluut juis ek is in my veroordeling van die natuurellestade-beleid van genl. Smuts en sy partygenote, wil ek graag die woorde van prof. Toynbee van die Uniwersiteit van Londen insake daardie soort beleid hier aanhaal. Die woorde kom voor in ’n boek wat hy onlangs gepubli-

seer het. Hy sê in verband met Suid-Afrika wat betref ons verhouding tot die natuurelle:

ENGELSE GELEERDE SE MENING.

“ ‘Dit is moontlik dat die Unie sal besluit om sy gebied te beperk tot streke wat geskik is om daarvan “blankemansland” te maak en dat S.A. dit as ’n vaste doel stel om die persentasie van blankes in verhouding tot dié van natuurel in die bevolking so hoog moontlik te hou, selfs as ingesien sou word dat die segregasiebeleid nooit tot die logiese einddoel kan uitgevoer word dat die Unie gemaak word tot ’n heeltemal blanke afgeronde geheel in ’n swart wêrelddeel nie. Aan die ander kant het die oorspronklike Unie van vier provinsies in S.A. die voorbeeld van die oorspronklike Unie van dertien state in Noord-Amerika gevolg. Deur na die binneland van die wêrelddeel uit te brei, is dit moontlik dat ’n groot federale staat ontstaan wat hom uitstrek van die Kaap tot die ewenaar. ’n Afrikaanse teenhanger van Brasilië in die suidelike halfronde en van Indië in die Noorde. As dit die bestemming van die Suid-Afrikaners gaan wees, sal hulle amper seker vroeër of later daarvoor moet betaal deur die prysgee van die ideaal van ’n blanke Suid-Afrika. In dié geval sal dit op die ou end baie min praktiese verskil maak of hulle dan soos die Hindoes die instelling van kastes invoer as ’n monument van ’n wanhopige poging om rasvermenging te weerstaan, of dat hulle soos die Brazilianers hulself met blydschap oorgee aan die diens van die godin, ‘Pammixia’.”

Prof. Toynbee is nie afhanklik van die natuurellestem nie en sien derhalwe alte duidelik waarheen ’n beleid soos dié deur genl. Smuts op Ermelo verkondig, vir ons sal eindig, nl. in die prysgee van ons ideaal van ’n blanke Suid-Afrika. “Daardie beleid moet nie toegelaat word om die oorwinning te behaal nie. Dit is die ernstige plig van alle Suid-Afrikaners, sowel Afrikaans- as Engelssprekend, om dit te voorkom, en om so ’n ramp te voorkom het ek hier vanaand gekom om op die volk, op elke seun en dogter van Suid-Afrika ’n beroep te doen om in die komende verkiesing die Nasionale Party te steun in sy poging om Suid-Afrika te beveilig as ’n blankemansland.”—(R.)

Genl. Hertzog het vir ruim twee-en-’n-half uur gepraat, meld ons beriggewer. Die groot gehoor het met gespanne aandag geluister en uitdrukkings soos “Luister oom Sors,” het getoon dat die Eerste Minister die puntjies beantwoord het wat al dikwels ernstige meningsverskil voor die staldeur veroorsaak het. Selfs die vreemdeling voel hier dat Smithfield moet opsien na sy Volksraadslid om leiding en voorligting. Dit kan ook nie anders nie, want genl. Hertzog verteenwoordig hierdie afdeling nou vir 22 jaar. Smithfield het hom in donkere tye vertrou en gevolg. Hul vertroue was nie misplaas nie en vandag verstaan Smithfield swaar dat die hele land die Eerste Minister nie eenparig en geesdriftig steun nie.

Dit was die boodskap van die adresse en welkomswoorde aan genl. Hertzog, nadat die Eerste Minister die betrokke liggame hartlik bedank het vir hul adresse en ’n voorstel van volle vertroue met uitbundige toejuiging aangeneem is, het die vergadering verdaag.

(Weens vertraging van die verslag van ons verteenwoordiger, moes ons die Reuter-verslag van die Generaal se rede gebruik. Dit is egter volledig oorgesein.—Red.)

214

KRAGTIGE PROTES VAN NASIONALE LEIERS

Wat die Ideaal van Genl. Smuts behels.

GROOT SWART DOMINIUM.

Die Beleid in Kenia reeds 'n
Vingerwysing.

Ons vaardig hierdie protes uit nie bloot as leiers van drie van die vier provinsiale afdelings van die Nasionale Party nie, en ons rig dit nie bloot aan partygenote of aan diegene van wie ons graag partygenote wil maak nie. Die saak wat hier ter sprake is, soos deur genl. Smuts so pas aan ons op Ermelo voorgelê, is groter as enige en alle partybelange. Wat op die spel is, is die voortbestaan of die ondergang van die witman en sy beskawing in Suid-Afrika. Dit geld die vraag of die volk van Suid-Afrika lydelik gaan toesien dat Suid-Afrika, soos deur genl. Smuts gewild, van die kaart sal geskrap word om as deel op te gaan in 'n groot Kafferstaat strekkende van die Kaap tot aan die Soedan. Die saak is dus groter as hierdie of daardie verbygaande of selfs aanhoudend voortgaande ekonomiese vraagstuk. Die saak is ook groter as die geskille tussen die een blanke ras en die ander, wat van tyd tot tyd ons politieke lewe, en gelukkig al minder en minder ons maatskaplike lewe, verstoort.

Daarom het ons die reg om met al die erns waartoe ons in staat is 'n beroep te doen op elke burger, Hollandsprekend of Engelssprekend—en wat ook sy politieke neigings of vaste oortuigings mag wees—om met al die erns waartoe hy in staat is sy gewig en invloed met ons s'n te verenig en saam met ons te protesteer teen die nuwe beleid wat nou, namens die Suid-Afrikaanse Party, en by monde van sy leier, aangekondig is.

'N OORWOË VERKLARING

Ons het te doen met die toespraak van genl. Smuts op Ermelo op 17 deser. Die toespraak is so buitensporig dat dit ons genoë sou gedoen het as ons dit stilswygend kon verbygegaan het as 'n onverantwoordelike uitlating. Maar daar is 'n dodelike kalmte van beraad en opset in die woorde. Dit kom van genl. Smuts as 'n aankondiging van die beleid waarop een van ons groot politieke partye die ondersteuning van die kiesers sal vra by die algemene verkiesing wat op hande is: en dit kom kort ná die kongres waarop daardie party hierdie selfde vraagstuk onder ernstige oorweging gehad het.

Ons wil genl. Smuts hier self aan die woord laat, soos hy letterlik in die eerste persoon, tussen aanhalingstekens gerapporteer is:

“Die dag sal,” sê hy, “gewisselik kom, wanneer ons nie net sal dink aan wat ten Suide lê van die Limpopo nie, maar wanneer die Britse State in Afrika almal lede sal word van 'n groot Dominiem van Afrika (African Dominion), onafgebroke uitgestrek oor die hele Afrika.

“Die Politiek is 'n eenvoudige saak. Op die duur werk dit nie uit volgens skelmstreke en slimstreke nie, maar as 'n saak van geloof. Dit is die Geloofsbelydenis van die Suid-Afrikaanse Party: ons sal nie werk vir Suid-Afrika alleen nie, maar ons sal vriende wees van ons mede-Afrikaanse State en ons oog hê op 'n verenigde Britse Afrika. Dit is die

kardinale punt van my politiek. Wanneer die Suid-Afrikaanse Party weer aan die bewind kom, sal hy sy bes doen om daardie gees van samewerking en broederskap te koester wat op die end sal lei tot hierdie groot federasie van die State van Afrika. Die naam Suid-Afrika sal gewisselik eendag weggegooi word uit ons nasionale woordeskat, en daar sal 'n verenigde Britse Afrika wees wat die oplossing van ons dringende vraagstukke 'n maklike taak sal vind.”

VAARWEL AAN S.A. AS WITMANSLAND

Teen die leer hier deur genl. Smuts verkondig, voel ons ons gedwonge om in die mees duidelike bewoording protes aan te teken in die naam van die blanke Afrikanerdom.

Dit is duidelik dat genl. Smuts besig is om vaarwel te sê aan Suid-Afrika as 'n witmansland. Daarom verkondig hy dit as die kern van sy politieke beleid (*“a cardinal point in my policy”*) dat Suid-Afrika sal deel uitmaak van 'n gebied behelsende die Kaffergete in die Noorde tot aan die Soedan, en verklaar hy selfs dat in daardie politiek bevat is die *Geloofsbelydenis van die Suid-Afrikaanse Party*, 'n geloofsbelydenis wat volgens hom, die Suid-Afrikaanse Party hom voorgeneem het om te verwesenlik sodra dié party weer aan bewind van sake kom.

Soseer is generaal Smuts opgeneem met daardie *cardinal point in his policy*, daardie nuwe geloofsbelydenis van sy party, dat hy reeds die dag voorspel wanneer selfs die naam Suid-Afrika in rook sal verdwyn op die altaar van sy vurig begeerde Kafferstaat.

Genl. Smuts se weiering om enige samewerking te verleen by die natuurelvraagstuk waar dit geld verandering van die stemreg van die Kaapse natuurel, moet vir iedereen nou glashelder wees. Die man wat homself tot apostel verklaar van 'n swart Kafferstaat waarvan Suid-Afrika so 'n onderdeel sal vorm dat hy selfs haar naam nie meer sal ken nie, kan onmoontlik 'n ander leer daarop nahou as die van gelyke politieke regte vir almal—Kaffer en witman orals op 'ge-lyke voet'.

EEN VAN TWEE WEË

Dit moet vir iedereen duidelik wees dat geen leier van welke party ook, wat na so 'n doel streef as wat daar nou so uitdruklik en ondubbelsinnig deur genl. Smuts aangekondig is, enige samewerking kan verleen aan 'n poging soos deur ons aangewend om Suid-Afrika te beveilig vir die witman. Die weg deur ons hier bewandel, kan die weg van genl. Smuts onmoontlik wees, en word ook deur hom verklaar dit nie te wees nie.

Ooreenkoms en samewerking moet dus noodwendig uitgesluit wees, en wat vandag oorbly vir die blanke bevolking van Suid-Afrika is niks meer as 'n keuse van een van twee weë, langs die een waarvan deur ons na 'n oplossing van behoud gesoek word; terwyl langs die ander 'n gewisse afgrond deur genl. Smuts gestel word as einddoel.

Die volk is nou geroepe om te verklaar watter van die twee weë gevolg moet word. Die blanke man in Suid-Afrika, die blanke vrou en kind, het die reg om te weet waartoe Suid-Afrika bestem is—tot 'n witmansland of tot 'n Kafferdom?

Die antwoord moet afhang daarvan of daar in die witman vandag nog heers die siel van die Voortrekker en die pionier, of wel die van die politieke smous.

BESLISTE ANTWOORD NODIG

Dog wat ook die antwoord mag wees, 'n ieder het die reg om te eis dat die antwoord 'n besliste sal wees sodat hy sal weet wat hom en sy kinders te wagte staan. As Suid-Afrika werklik aan die natuurel moet afgestaan word, laat die wit-

man dit dan weet, sodat ons ons kan voorberei op die nodige beveiligingsmaatreëls, selfs al sou dit moet wees die verhuising na elders.

Dat by aanvaarding van die weg deur genl. Smuts bepleit, Suid-Afrika noodwendig aan die Kaffer sal oorhandig word, en dat die nuwe "British Dominion" niks anders sal wees nie as een groot Kaffer-staat van die Kaap tot aan Egipte, vereis geen lang betoog nie.

Laat ons slegs wys op 'n paar syfers, uit die jongste gesaghebbende opgawes aangehaal:

Die Unie beslaan 'n oppervlakte van 472,347 vierkante myl, en die Britse besittings, waarby Suid-Afrika moet ingelyf word, naamlik Suid- en Noord-Rhodesië, Niassaland, Tanganjika, Kenia en Oeganda, saam 1,167,644 vierkante myl. Die Europese bevolking van die Unie bedraag een miljoen aghonderd duisend en die natuurlikebevolking 'n ses miljoen. Die genoemde Britse besittings bevat saam 'n Europese bevolking van slegs vier-en-sestig duisend met 'n natuurlikebevolking van nie minder nie as dertien miljoen vierhonderd duisend.

Met vandag se getalle dus sou; wat ons betref, die vermeerdering van blankes deur die voorgestelde toevoeging van grondgebied 64 duisend wees, sodat ons een miljoen 864 duisend sal tel, terwyl die natuurlike-getalle meer as verdrievoudig sou word. En waar ons nou, soos ons is, dit reeds so moeilik vind om die vraagstuk van ses miljoen inboorlinge op te los—ja, selfs om samewerking daartoe deur die blankes te verkry—sal dit 'n maklike taak word, voorspel genl. Smuts ons, om die vraagstuk van twintig miljoen, verstrooi oor die ontsaglike afstande van die vasteland, opgelos te kry!

En daardie oplossing sal moet verder dien as net vir vandag! Hy sal moet voorsiening maak vir die verdubbeling en verviervoudiging van daardie ontsettende getalle in die loop van weinige geslagte: dit wil sê, in die leeftyd van ons komende kinders en kindskinders, wanneer ons daardie miljoene inboorlinge sal opgelei en beskaaf het tot ekonomiese, maatskaplike en burgerlike wedywer.

'N ANDER BEWYS

Dog daar is nog ander bewys as net dié van syfers om ons te toon hoe volslae Suid-Afrika sal ondergaan in die see van Kafferdom as die politiek van genl. Smuts aangeneem word. In sy openingsrede aan die Wetgewende Raad op Dar-es-Salaam gehou op 11 Januarie 1928 het die Goewerneur van Tanganjika dit nodig gevind om te beklemtoon wat vasgestel was deur die Britse regering 'n paar jaar tevore in 'n voorskrif handelende oor die bestuur van Kenia.

"Hoofsaaklik" (so lui dit) "is Kenia 'n Afrikaanse grondgebied, en Sy Majesteit se regering beskou dit nodig om met beslistheid hul oorwoë mening te boekstaaf: dat die belange van die natuurlike van Afrika oorheersend (paramount) moet wees, en dat indien en wanneer hul belange en die belange van die immigrante (blanke) rasse in botsing kom, die eerste die oorhand moet hê."

Met die beginsels hier neergelê, druk die verslag van die Hilton-Young-Kommissie sy volle instemming uit, omdat die Kommisaris oortuig is nie alleen van die regverdigheid nie, maar van die dienstigheid daarvan.

NATUREL KRY EERSTE PLEK

In al die geweste waarby Suid-Afrika sal ingelyf word, is dus reeds aan die naturel verseker dat dit in die eerste plek is sy land en dat sy belange daar oorheersend sal wees: en dat waar sy belange in botsing kom met dié van die witman, sy belange die oorhand sal en moet hê oor dié van die witman!

Wie sal hierna die onbeskaamdheid durf hê om te sê dat die British Dominion waarna genl. Smuts streef, bedoel is om 'n witmansland en nie 'n Kafferstaat te wees nie? En wie sal hierna nog van genl. Smuts of van die Suid-Afrikaanse Party verwag dat hulle enige samewerking met die Nasionale Party sal verleen tot beveiliging van die witman en van sy beskawing in Suid-Afrika?

Dit kan gesê word, daardie plan van genl. Smuts sal nie uitgevoer word nie, al sou die Suid-Afrikaanse Party weer, en al was dit vir hoe lank, aan die bewind kom—dat geen party in Suid-Afrika sy leier op so'n weg tot so'n uiteinde toe sal volg nie. Dis nie vir ons om te spekuleer tot watter uiterstes genl. Smuts sal moet gaan voordat die laaste oorblyfsel van sy party hom repudieer nie. Maar of daar aan so'n leiding gevolg gegee sal word of nie, die plan self is 'n uitdrukking van die gees waarin die leier die vraagstuk genader het, en van die soort beleid waardeur, en die soort beginsels waaronder, hy 'n oplossing sal soek, hoe ver die oplossing ook aan die grootsheid van die oorspronklike ontwerp mag kortskiet.

WAT ONS TE WAGTE STAAN

So'n gees getuig nie van 'n beset van die soort vaderlandsliefde en volkstrou wat in elke ander land en in elke ander volk van die wêreld beskou word as die eerste elementêre en instinkmatige burgerdeug nie; maar wel van 'n konsepsie, as hoogste ideaal, van die soort nasionale lewe en besieling wat daar te wagte sal wees in 'n verenigde Britse Swart Staat van Afrika.

En daarmee moet ons hierdie skrywe sluit. Daar is hier geen plek om soiets as 'n opsomming te gee van die gevaar waarmee ons bedreig word namens 'n party wat jarelank aan die bewind van ons sake was en kragtens die dreigement nou soek om weer daar te om nie. Koelbloedig word ons opswelging deur die Kafferdom voorgestel. Ons nasionale trots, ons vaderlandsliefde, die eer wat ons ontvang het om hoog te hou uit die roemryke geskiedenis van ons verlede, waarin die beskerming en beskawing van die natuurlike self, sowel as ons eie behoud en vooruitgang bewerstellig is op 'n wyse wat sonder weerga is onder die voorttrekkervolke van die wêreld—dit alles moet uitgewis word soos die naam van ons dierbare Suid-Afrika geskrap moet word uit ons nasionale woordeskat.

Maar ons stem met genl. Smuts saam "dat die politiek nie op die lange duur volgens jakkalsstreke en slimigheid uitwerk nie."

(Geteken) J.B.M. HERTZOG

T.J. ROOS

D.F. MALAN

Kaapstad, 28 Januarie.

Uitgegee op las van die Federale Raad van die Nasionale Party, deur J.H. Conradie, L.V., Sekretaris, Keeromstraat 30, Kaapstad en gedruk by die Nasionale Pers, Beperk, Keeromstraat 30, Kaapstad.

Suid Afrikaanse Arbeids Party



Veg Program

Aangeneem deur die Konferensie,
Januarie 1929.



Uitgegee deur die outoriteit van die Nasionale
Hoofdkomitee, Suidafrikaanse Arbeids Party,
WILLIAM WANLESS, Algemene Sekretaris.

VEG PROGRAM.

Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty is genoodsaak om te veg vir die verandering van die teenwoordige ekonomiese sisteem van 'n mededingende na 'n koöperatiewe. Sy wil haar doel bereik deur vreedsame, ordelike en konstitusionele wyse. Sy sal haar eie politiek en program volg sonder inagneming van enigiets behalwe die mense van Suid-Afrika.

Haar kandidate is verbonde aan die volgende vegprogram:—

1. Werkeloosheid Assuransie.

Geen Goewerment—onder die kapitalistiese sisteem—kan wegdoen met werkeloosheid. Die maatskaplike stelsel waaronder ons lewe het werkeloosheid nodig om voort te bestaan. Dit kan nie daarsonder bestaan nie.

Die Arbeidersparty is die enigste party wat daarop uit is om die stelsel te verander. Ander partye huiwer wanneer hulle geforseer word om hulle private belange te beskerm. Ons sal dit verander om die belange van die mense te verseker.

So'n verandering is egter nie dadelik moontlik nie en die werklose man en vrou moet lewe. Die Arbeidersparty met die eleksie sal staan vir Werkeloosheid Assuransie. Dit staan vir werk of onderhoud. As die publiek sake so reël dat 'n gewillige man of vrou nie kan werk kry nie, dan moet die publiek wyse van bestaan vind totdat hulle werk kan kry.

Die Arbeidersparty sal haarself daarop toelê om toelae te kry vir die egte werklose.

2. Mynterings' Pensioene.

Die Arbeidersparty staan vir 'n nuwe politiek delende met myntering, 'n siekte wat almal 'n afskrik gee aan dié soort van werk.

Die hoof prinsiep waaronder kompensasië totnogtoe toegeken was aan slagoffers, was in ronde somme kontant betaal.

Die Arbeidersparty wil dit veranderd hê. Sy wil aan elke persoon 'n permanente pensioen gegee hê. Op dié prinsiep sal sy die komende eleksie veg en vir die verandering sal sy streef in die volgende parlement.

3. Die 44 Ure Week.

Die werkers kry te min betaling om terug te koop wat hulle produseer. Dit veroorsaak werkloosheid en hongersnood van oorvloed. Hierdie resultate is vererger en vermenigvuldig deur die wereldwyd verandering van hand produksie deur bekwame handwerksmanne, tot massa produksie deur masjienerie, sonder enige herstelling van die drie vernaamste betrokke faktore n.l.: die totaal van handelsartikels wat nuttig kan verbruik word; die menslike arbeid wat nodig is om die totaal voort te bring en die gelyke en redelike verdeling van die werke van produksie tussen die mense wat verkrygbaar is om die werk te doen, en wat, andersins, slegs lewe as 'n las op, of 'n bedreiging vir, die maatskappy as 'n geheel.

Die werkers wat in diens is het 'n reg op gemak. Die ledige rykes het volop, die werkers moet dit ook hê. Hulle maak alle goed wat die lewe vrolik maak en hulle moet tyd hê om die te geniet.

Die Arbeidersparty staan vir die verwydering van werkloosheid deur die tweenvoudige politiek om vir die Staat kontroleuring te verkry van die middels van produksie en deur die vermindering van werkure van mense wat in diens is, totdat daar nie meer werklose is nie.

As 'n stap in hierdie rigting, sal die Party aanhoudend veg vir 'n vermindering van werkure tot 44 ure per week in his tussentyd. Ons dink dit is essensieel dat ekstra tyd wat gewerk word op enig een dag sal erken en voor betaal word as ekstra tyd. Ons is teen die sisteem van verdelingsure (spreadover) wat nou toegepas word op die Suid-Afrikaanse Spoorweë en ender Industrieë.

4. Beheersing van Pryse.

In Suid-Afrika is byna alle handelsartikels beheers deur ringe en gevolmagtigde liggame. Ons het die Bank Trust, die Suiker Trust, die Kool Ring, die Koelkamers Vereniging, die Verenigde Meulenaars en so aan, insluitende lokale besighede, soas bakkers ringe.

Pryse is van dag vasgestel en beheers deur private belange vir private profyt. Pryse is veels te hoog. Die produseerder kry te min en die verbruiker betaal te veel, terwyl die klein uitdeler, alhoewel in naam nie, is in werklikheid niks meer dan 'n beloningsslaaf.

Diegene wat die ringe en truste saamstel word vet deur die produseerder, die verbruiker en die klein uitdeler te eksploiteer.

Die Staat moet instap en pryse kontroleer deur middel daarvan 'n eerlike wins aan die produseerder te verkry, 'n beuredigende prys aan die verbruiker en 'n redelike aandeel aan die uitdeler. Geldmakery moet ophou.

5. Uitbreiding van Staats-Onderneming.

Die prinsiep van Staatsonderneming is oral in Suid-Afrika aangeneem soos in ander plekke. Die Staat en plaaslike outoriteite is reeds besig om baie dienste vir die mense te verskaf.

Ons staan vir die aanmoediging van so'n poging. In baie publieke behoeftes van vanday fungeer private ondernemings onvoldoende en het 'n verwurgende invloed op die maatskappy. Nuwe industrieë moet geëien en gekontroleer word deur die Staat.

Die Arbeidersparty sal daarop aandring om Staatsontrolering van krediet te verkry, deurmiddel van 'n Staatsbank, Staatsverskeping, Staatskoelkamers, Staatskoolmyne, en Staatsvervaardiging van Misstowwe. Ons, wat grotendeels verantwoordelik is vir die passering van die Yster en Staal Koöperasie Wet, sal aandring op die instelling van die mees belangrike wordings industrie, in terme van die Wet en vir die instelling van ons eie Spoorweg werkplekke en die vervaardiging van ons eie landboukundige gereedskap.

Ons wil hê dat die mense moet realiseer dat as hulle wil hê dat na hulle besigheid moet gesien word, hulle self daarna moet kyk. "Benoei jou met jou eie sake" is 'n eksellente motto vir die mense van Suid-Afrika.

6. Uitbreiding van Konsiliasie en Loon Wette Goewerments Dienste.

Die Goewerments van vandag stel lone en voorwaardes vas vir buite aanbode deur die Loon Raad en deur die werking van die Industrieë Konsiliasie Wet. In baie gevalle betaal sy minder en gee slegter voorwaardes haarself dan sy aan anders voorskrywe. Dit moet verander word. Net soos private werkers is Goewerments dienare geregtig op die voorregte van Konsiliasie Rade, Loonwette, ens, en harde werk is maar ewe wisselvallig wanneer dit verrig word deur 'n Goewerments of private werker.

Die Arbeidersparty sal streef om die Konsiliasie Loningswette uit te brei om Goewerments dienare in te sluit. Sy het tevore probeer maar dit was 'n mislukking. Sy sal weer probeer met herhaalde krag en onderneming. Seker dodelike invloede is nou verwyder en Arbeid kan nou meer doen dan in die vorige paar jare.

Daar is baie griewe in die Spoorweë, egte griewe, wat nie reggesit kan word onder die teenwoordige gekkige rade en appelle nie. Die party se voorstel sal ide Spoorweg mense en Goewermments dienare in staat stel om weer na hulle griewe te laat sien.

Die Industriële Konsiliase Wet moet agter geamendeer word in ooreenstemming met die rekommandasie van die Gesamelike Komitee van die Vakunie Kongres en die Nasionale Raad. Die Loon Wet moet geamendeer word deurmiddel van vorige ondervinding, sodat wernemers en wergewers daarop verteenwoordig is. Die administrasie van albei wette het verbetering nodig. Ons sal daarvoor strew.

7. Nasionale Mienimum Loon.

Die land ly vandag aan lae lone. Die onbedrewe werkers se standaard is te laag. Op aandrang van Arbeid het die teenwoordige Goewerment iets gedoen om die lot van die onbedrewe werkers te verbeter, maar selfs vandag is die betaling van onbedrewe werkers skandelik laag en die Goewermments Spoorweë en ander Goewermments departemente is onder die ergstes.

Net in een Departement, die Departement van Publieke Werke, het die eertydse Minister Mnr. Walter Madeley in weerwil van geweldige teenstand, 'n mienimum loon van 8/- per dag vasgestel. Dit is ook onvoldoende.

Die Arbeidersparty sal strew vir 'n nasionale mienimum loon van 10/- per dag in industrie. Landbou, alhoewel nie vandag in 'n posisie om so'n mienimum te betaal nie, sal instaat wees om dit te doen as en wanneer dit beskerm is van eksploitasie en deur die vasstelling van Staatskontrolering van krediet, Staats-skoelkamers, Staatsverskeping en Staatskunsbemisting en landboukundige gereedskap fabrieke.

Die mate van ons sukses sal afhang van ons krag. As ons swak is kan ons weinig doen. As ons sterk is kon ons veel doen. Dit hang van die mense af. Dit was deur ons dat 'n mienimum loon vasgestel was in Suid-Afrika, en reeds is daar honderde duisende van ponde by die werkers se lone gevoeg. As die werkers as 'n geheel Arbeid stem, kan dit miljoene gemaak word.

8. Huisvesting vir die Mense.

Daar is nie genoeg huise vir die mense in Suid-Afrika nie. Duisende lewe in klomp bymekaar in smerigheid en ellende. Dit is onmoontlik om beskaafde lewes te ly in agterbuurtes. Private onderneming in bou, het tot niet gegaan. Die aanvraag vir huise oortref grootliks die voorraad. Die Staat moet tussenbei kom en kyk na haar hulpelose.

Die prinsiep is al reeds wyd en syd aangeneem in Suid-Afrika. In Durban, Kaapstad, Bloemfontein en in baie ander dorpe is daar gemakvolle en ordentlike huise, gebou deur die maatskappy, te verkoop of te huur teen terme waardeur die werker 'n eersteklas huis kan verkry.

Die Arbeidersparty wil verder gaan. Sy wil 'n groot skema hê, gemodelleer op die van Nu-Seeland. Sy glo dat 'n vierkamer huis en alle toebehore kan verhuur word teen 23 10s. Od. per maand en sy is daarop uit om die Goewerment te kry om die vraag ernstig aan te pak.

9. Industrie.

Die Arbeidersparty erken die belangrikheid van ons aanvanklike industrie soos bevoorbeeld Mynbou en Landbou. Sy is nie daarop uit om die Mynbou skade aan te doen nie, nog minder glo sy aan 'n prikkelende politiek. Onderworpe om aan die werkers in die industrie genoegsame omstandighede, betaling en beskermings te verkry deurmiddel van arbeid verhoudings of andersins, teen die vermindering van blanke arbeidmag in die industrie, sal die Arbeidersparty bereid wees om simpatiek, die toekenning van alle redelike gemakke vir die volste ontwikkeling van die industrie te oorweeg. In die geval van die landboukundige industrie, glo die Arbeidersparty om dit minder afhanklik te maak van 'n oorsé mark, deur die ontwikkeling as gevolg van haar politiek van 'n altyd groeiende lokale mark. Behalwe dit te beskerm deur die vasstelling van 'n Staatskontrolering van krediet, Staatskoelkamers, Staatsverskeping, Staatskunsbemisting en landboukundige gereedskap fabrieke, keur die Arbeidersparty die verdere vasstelling van besproeiingsskemas goed, Staatsbemarking oorsee, van ons surplus landboukundige produkte (met 'n waarborg van mienimum pryse aan boere) en Staatskontrolering van invoer.

Ons glo om die sekondêre industrie aan te moedig, deur 'n politiek van beskerming deurmiddel van tariewe, mildadighede en kontrolering van invoering, onderworpe aan genoegsame beskerming teen die eksploitasie deur sulke industrie van die produseerders en verbruikers.

As die volk van Suid-Afrika 'n Goewerment vir die mense begeer en nie vir groot belange, hetsy vir finansies of land, sal hulle stem vir offisiële andidate van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty.

Die party is vry van alle verbonde. Sy sal vry en onafhanklik bly en haar krag gebruik in die Parlement, met een doel alleenlik—DIE WELVAART VAN DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA.

SUIDAFRIKAANSE ARBEIDS PARTY

ALGEMENE VERKIESING, 1929

STEMDAG: WOENSDAG, 12DE JUNIE

MANIFES

Die volgende Kandidate is deur die Nasionale Administratiewe Raad goedgekeur:

TRANSEVAAL:

Benoni: R. B. WATERSTON.

Bezuidehouth: C. H. H. AYWARD.

Boksburg: J. J. McMENAMIN.

Denver: F. H. P. CRESWELL.

Germiston: GEO. BROWN.

Jeppie: H. W. SAMPSON.

Johannesburg (Noord): JOHN DUTHIE.

Roodepoort: J. R. OELOFSE.

Springs: JAS. MACKAY.

Turffontein: A. C. FORDHAM.

KAAP:

Kaapstad (Sentraal): Dr. R. FORSYTH.

Oos Londen (Sentraal): JAS. STEWART.

Kimberley: J. WILLS.

Mowbray: JOHN LOMAX.

Port Elizabeth (Sentraal): M. LAZARUS.

Port Elizabeth (Noord): E. JORDAN.

Soutrivier: W. J. SNOW.

Woodstock: W. FREESTONE.

NATAL:

Durban (County): FRANK NETTLETON.

Durban (Greyville): THOS. BOYDELL.

Maritzburg (Noord): T. G. STRACHAN.

O.V.S.:

Bloemfontein (Noord): FRED. SHAW.

AAN DIE KIESERS VAN SUID AFRIKA.

Die tragiese gebeurtenisse op die Rand in 1922 het elke stemgeregtigde Arbeider van die land oortuig dat die vaste politiek van die Arbeidsparty wat weier om met enige ander Party saam te werk, vir tyd en wyle opsy geskrywe moes word totdat die S.A. Party Regering so gou moontlik uit die weg geruim kan word. Gevolglik is die Ooreenkoms gevorm en in 1924 is Generaal Smuts en die S.A.P. Regering van die kussens gewerp. In die Parlement wat toe gekies is het geen een van die Partye oor 'n meerderheid van die hele Huis beskik nie.

Die les wat die Party geleer het uit die uitslag by 'n groot aantal verkiesinge was dat die voordeel van 'n strenge nakoming van die politiek van "geen alliansies" in die besondere toestande waarin ons in ons staat van ontwikkeling in S.A. verkeer baie twyfelagtig was, hoe noodsaaklik en nuttig daardie politiek ook al elders mag geblyk het. Die Parlementêre toestand as gevolg van die 1924 verkiesing het die Party gedwing om te kies tussen twee alternatiewe.

Of dit moes voortgaan met die samewerking met die Nasionale en Generaal Hertzog se uitnodiging aanvaar om die verantwoordelikheid van Regering te help dra of dit moes terugkeer na die ou politiek van "geen alliansies." Laasgenoemde alternatief sou ongetwyfeld as gevolg gehad het 'n reeks agtereenvolgende verkiesinge totdat een of ander, van die twee groter partye 'n onafhanklike meerderheid behaal het terwyl die Arbeidsverteenvoording net so ongetwyfeld sou gelyk het. Die waarskynlikste onmiddellike gevolg sou gewees het 'n verkiesing binne 12 maande net soos in 1921, en met geen verkiesingsooreenkoms tussen Arbeiders en Nasionale sou die oorwinning van Generaal Smuts en die S.A. Party feitlik verseker gewees het.

SUIDAFRIKAANSE ARBEIDS PARTY

ALGEMENE VERKIESING, 1929

Stemdag: Woensdag, 12de Junie

MANIFES

AAN DIE KIESERS VAN SUID-AFRIKA

Die tragiese gebeurtenisse op die Rand in 1922 het elke stemgeregtigde Arbeider van die land oortuig dat die vaste politiek van die Arbeidsparty wat weier om met enige ander Party saam te werk, vir tyd en wyle opsy geskrywe moes word sodat die S.A. Party Regering so gou moontlik uit die weg geruim kon word. Gevolglik is die Ooreenkoms gevorm en in 1924 is Generaal Smuts en die S.A.P. Regering van die kussens gewerp. In die Parlement wat toe gekies is het geen een van die Partye oor 'n meerderheid van die hele Huis beskik nie.

Die les wat die Party geleer het uit die uitslag by 'n groot aantal verkiesinge was dat die voordeel van 'n strenge naking van die politiek van "geen alliansies" in die besondere toestande waarin ons in ons staat van ontwikkeling in S.A. verkeer baie twyfelagtig was, hoe noodsaaklik en nuttig daardie politiek ook al elders mag geblyk het. Die Parlementêre toestand as gevolg van die 1924 verkiesing het die Party gedwing om te kies tussen twee alternatiewe.

Of dit moes voortgaan met die samewerking met die Nasionaliste en Generaal Hertzog se uitnodiging aanneem om die verantwoordelikheid van Regering te help dra of dit moes terugkeer na die ou politiek van "geen alliansies". Laasgenoemde alternatief sou ongetwyfeld as gevolg gehad het 'n reeks agtereenvolgende verkiesings totdat een of ander, van die twee groter partye 'n onafhanklike meerderheid behaal het terwyl die Arbeidsverteenvoording net so ongetwyfeld sou gelyk het. Die waarskynlikste onmiddellike gevolg sou gewees het 'n verkiesing binne 12 maande net soos in 1921, en met geen verkiesingsooreenkoms tussen Arbeiders en Nasionaliste sou die oorwinning van Generaal Smuts en die S.A. Party feitlik verseker gewees het.

Die Partykongres van 1924 het met 'n oorweldigende meerderheid besluit dat Generaal Hertzog se uitnodiging behoort aangeneem te word en die Ooreenkomsregering is toe gevorm geword.

Die land het nou vyf jaar ondervinding van Ooreenkomsregering.

Ten spyte van obstruksie van die kant van 'n Senaat wat die instrument van die S.A. Party gebly het—'n obstruksie wat ons oortuig van is nie meer sal bestaan nie na die verkiesing—is daar meer ware vooruitgang gemaak in die rigting waarin die Arbeidsparty vir baie jare hard geywer het, dan in die hele 14 jaar van die S.A.P. bewind.

Die oprigting van die Arbeidsdepartement, sodat daar 'n veel nouer voeling kon wees wat betref die belange van die loonarbeiders; die toepassing van die industrieële wette, sodat die arbeiders in staat gewees is om hulle belange te handhaaf sonder gedrewe te word om hulle toevlug te neem tot die kostelike noodmiddel in die vorm van 'n staking: die passeer van die Loonwet en die oprigting van die Loonraad die bepalinge waarvan voortdurend dien as middel om hongersnood af te skaf; die gestadige bestryding van werkloosheid deur die invoer van die beleid van beskaafde arbeid en die stoot aan sekondêre industrie gegee deur die regering se beskermingsbeleid; die passeer van die Yster-

en Staalnywerheidswet, sodat die nuwe nywerheid tot voordeel van die volk sal wees en nie net van oorsese geldbase nie; die stigting van die Staatsdelewerye en die stoot wat oplaas gegee is aan diamantslypery in Suid Afrika tenspyte van teenwerking van die kant van die diamantbase—al hierdie en baie ander maatreëls wat opgenoem kan word toon in baie opvallende wyse aan die onderskeid tussen die ooreenkomsregering se houding en beleid en die van die S.A.P. Regering met hulle gewoontegeworde onderdanigheid aan die geldbase en hulle gebruikelike beleid om industrieële moeilikhede te laat "ontwikkel". Beskou uit die oogpunt van die Arbeidsparty het die laaste vyf jaar 'n baie merkwaardige vooruitgang opgelewer ten opsigte van die algemene rigting wat die Party vir soveel jare voorgestaan het, en hulle regverdig ten volle die wysheid van die Party se besluit by die 1924 Kongres.

Die Parlement wat in 1924 gekies was het nou opgehou om te bestaan en 'n nuwe Parlement moet op 12 Junie gekies word.

Die algemense strewing en die platform van die Arbeidsparty bly dieselfde as wat dit gewees het sinds sy stigting. Of die nuwe Parlement so samegestel is dat die Arbeidsparty met die Regering sal saamwerk, soos in die laaste Parlement, en hulle invloed van binne onophoudelik uitoefen, en of hulle, sonder daardie voordeel, hulle kragte sal moet beperk tot bepleiting op die vloer van die Huis, sal die Parlementêre verteenwoordigers van die Arbeidsparty, wat goedgekeur is deur die Nasionale Administratiewe Raad, hulle beste kragte inspan om die beleid van die Party in belang van die volk te bevorder.

Die sake wat o.a. wat die Party sy bes sal doen om in die volgende Parlement op die voorgrond te stoot is:

- (1) Volksversekering teen werkloosheid en onbekwaamheid.
Dat die Arbeider langs administratiewe weg versekerd sal word teen werkeloosheid, is 'n beleid deur die Regering reeds in werking gesteld; en sal as beginsel vir die toekomst gehandhaaf word. Volgens die beginsel deur die Regering aanvaard, is die tyd nie meer, wanneer deur 'n Suid Afrikaanse Regering mag uitgeroep word: *Ben ik my broeders hoeder?*

Deur die Regering word opgetree as beskermheer, nie alleen van die werkelose, maar ook van die arme en verarmdes in die algemeen en waar die arbeider versekerd word teen werkloosheid, word die arm man, vrou en kind gewaarborgd teen gebrek aan *Voedsel; Kleding; Behuising en Mediese Verpleging.*

Dit alles is reeds in werking; en hoewel nog nie tot sy uiterste konsekwensies uitgestrek, word met die volvoering van hierdie beleid alle poginge aangewend; en sal geen Regering in die toekomst die beginsel waarop hierdie beleid gebou is, weer durf oor die hoof sien nie.

Wanneer hierby daar verder gelet word op welke reuse skaal vandag voldoen word aan die lang gekoesterde ideaal van die Afrikaner volk om die vloedwaters van ons riviere op te vang, tot benutting van irrigasie doeleindes; op waffer omvangryke wyse bestryding van grondverspoeling en die bou van damme gedurende die laaste jare plaas gevind het en nog word voortgeset; hoe ons jong geslag voorsien word met geleentheid vir liggaams-oefening en discipline, vergeseld van verskaffing van geskikte dienstbetrekkinge vir duizende — alles op koste van die Staat, belopende millioene ponde van jaar tot jaar, — dan word besef hoeseer, ten einde dit alles te kan doen en uitvoer, dit noodsaaklik is dat die Regering van die land gevestigd sal staan op die wil van 'n verenigd volk met 'n verenigde volksregering.

Ik wens dan ook hier met nadruk en beslistheid te verklaar, dat wat die Verenigde Party Regering gedurende die korte tydperk van 5 jaar op die gebied van wetgewing en administrasie gepraesteer het tot geluk, voortgang en ontwikkeling van land en volk, deur geen Regering uit enig ander van die bestaande partye in Suid-Afrika kon verrig geword het nie; en dat 'n praestatie soas die gelewerd deur die Verenigde Party gedurende die verloope 5 jaar, noodwendig moet lê buite die mag van enig regering die sy krag moet put uit volksverdeeldheid.

Die ervaring van die mensdom is nog steeds gewees;

Verdeeldheid lei tot die graf.

Laat ons as volk in diepe eerbied die oue leus huldig

Eendrag maak mag!

want alleen deur eendrag sal ons in staat wees om ons volk te lei tot lewe en geluk!

By die aangaan van Vereniging deur die twee partye in 1933, het ik u van die verhoog alhier verseker dat vereniging volstrek noodsaaklik was, indien dit ons erns was dat verkry sou word,

dat die twee grote volksdele onder ons — die Afrikaans- en Engels-sprekende Afrikanerdom — tot één Nasie sou samegevoeg en geconsolideerd word; en het ik u daarop gewys, hoe noodsaaklik ook dit was dat die verenigde kragte van hierdie twee volksdele in dienst en tot opbou van volk en land sou samegevat en ingespan word.

Die resultate van samewerking as 'n Verenigde Party behaald sedert 1933, getuig tans tot oorfloed nie alleen hoe noodsaaklik dit toe was, dat vereniging sou plaasvind, maar ook eweseer, hoe noodsaaklik dit nog vandag is, dat die

Regering van die land sal rust op die skouers van 'n Verenigde party geïnspireerd deur 'n verenigde volk.

Verdeeldheid, met sy: Anti-Afrikaner; Anti-Brits; Anti-Joods; Anti-Asiat; Anti-Kleurling; Anti-Naturel politiek, — 'n politiek wat in die grond der saak *anti-alles* is waar nie politieke munt uit kan geslaan word nie — is 'n beleid van wanhoop, gedra op die vluels van selfsug en haat; wat sy eie ingewande uiteet en sy eie vernietiging bewerk.

Soas ten oorvloede blyk uit die ondervinding van die laaste 5 jaar, kan alleen langs die weg van 'n verenigde volk iets groots en blyvends vir Suid-Afrika tot stand gebring word, en alleen met die verenigde kragte van die volk in sy geheel, sal die Regering van Suid-Afrika in die toekomst op suksesvolle wyse die welvaart en die redding van die volk kan behartig.

Met vernieuwde kragte dus sal die Verenigde Party, na die komende Eleksies, sy reeds aanvaarde beleid van:

Volks-eenheid;
Nasionale Ontwikkeling; en
Volkswelvaart;

voortset, sowel binne die Parlement as deur die Regering; en daarby sal die beginsels wat in die laaste 5 jaar as grondslag gedien het by sy optreding

tot herstel en opbou van die bevolking;

tot bestryding van Werkeloosheid;

tot versekering van 'n behoorlike lewenstoestand aan die minder gegoede; steeds as leidraad en as basis van verdere voortbou aanvaar word. Die einddoel van die Regering sal steeds wees *'n gesonde; 'n gelukkige en 'n welvarende volk.*

Uit wat ik so ewe gesê het aangaande die voornemens van die Regering omtrent die beleid wat gevolg sal word na die Eleksies, is duidelik dat die Regering daarop uit is om met krag voort te set sy program van nasionale ontwikkeling en opbou waarmee dit nou al reeds met so veel sukses vir enige jare besig is. Voordat die volle oost van hierdie beleid kan ingesamel word en die volk die volle betekenis daarvan kan kom te waardeer, sal dit nodig wees dat dit eerst in voller omvang toegepas word dan wat kon geskied in die korte tyd sedert daarmee 'n begin is gemaak.

Ik wil aanneem dat met die opsomming van die Verenigde Party se voornemens, soas deur my hier voor u gelê, betreffende wat die Verenigde Party Regering van plan is om na die Algemene Verkiesinge tot uitvoer te bring, die Opposisie nie tevrede sal wees nie. — Die Opposisie tog, wat, behalwe woorde en beloftes, nog niks gepraesteer het wat hom aanspraak gee op die vertrou en ondersteuning van die volk nie, is dit meer te doen om die *skyn* dan om die *werkelikheid*. Met 'n kwistig hand sprei hy dus beloftes uit naar alle winde, sonder sig oor die nakoming daarvan te bekommer.

Die Verenigde Party daarentegen, is nie alleen die draër van verantwoordelikheid teenoor die volk nie; dit besef tewens dat waar iets word beloof, die belofte ook uitgevoer moet word.

Die beleid van die Opposisie

Soas al reeds deur my op gewys, word daar deur die Offisiele Opposisie by die volk aanspraak op gemaak, dat by die komende verkiesinge hom 'n meerderheid sal verskaf word, sodat die gesuiwerde party gemagtig sal wees om, in plaas van die Verenigde Party, die Regering van die land te voer. Met daardie doel, word ons gesê, word daar sowat 'n 100 gesuiwerde Nasionale Party kandidate in verskillende kiesafdelinge gestel.

Ek geloof nie dat daar baie van ons is wat ons oor hierdie aanspraak behoef te verontrust nie. Die aantal kandidate deur die Gesuiwerde Party gestel sal wel spoedig blyk meer in proporsie te wees tot die som geld waaroor die party te beskik het, dan in eweredigheid tot die gegrondheid van die gesuiwerde aanspraak.

Tog sal dit interessant wees om korteliks na te gaan waarop daardie aanspraak gebaseerd is. Met die oog daarop wil ik dan ook somar dadelik vra:

„Wat is die beleid van die Gesuiwerde Party waarop die aanspraak gebaseer word, dat die volk hom genoegsaam sal vertrou om aan hom die regering van die land toe te vertrou?”

Die Gesuiwerde Party is vanaf sy ontstaan nog steeds in gebreke gebly om 'n beleid van sy eie gegrond op beginsel, of op die een of ander nasionale doel, te formuleer. Sy onvermoë om vir homself so 'n aktiewe beleid te formuleer wat hy voor die volk kan lê om deur die volk as geheel goedgekeur of afgewys

te word, toon dadelik aan die beuselagtige, of wel gebrek aan, grond waaraan hy sy ontstaan te dank het.

Die sogenaamde *beleid* van die Gesuiwerde Party, bestaan uit niks meer as uit propaganda beweringe en stellinge oor geleentheids onderwerpe, of oor ondergeskikte sake en toestande van geïsoleerde en tydelike aard. Soas gewoonlik die geval is in die politiek met so 'n gekunstelde beleid, is die hoofdoel waarmee dit in die lewe geroep is dit, dat die gesuiwerde Party dit kan gebruik as lokaas om by 'n verkiesing stemme te vang. Doel en oogmerk van hierdie sogenaamde beleid van die gesuiwerde Party, is nie die bevordering van die belange van volk en land nie, maar wel die van die Party en sy aanhangers, — daar moet stemme gevang word!

Hoe seer die sogenaamde Opposisie beleid op niks anders berekend is as op die vang van stemme, waardeur die gesuiwerde party dan hoop om die regering van die land in hande te kry, sal dadelik blyk by die ontleding — soas ik van voornemens is om tans te doen — van enkele van die onderwerpe van sogenaamde gesuiwerde Nasionale Party beleid.

Daar die gesuiwerde leiers in die Parlement baie trots skyn te wees op hul

Republikeinse beleid

wil ik begin met 'n analyse van hul gesuiwerde Nasionale

Republikanisme,

wat sal insluit hul gesuiwerde *ernst, opregtheid en vaderlandsliefde.*

Ek begin met Oud Regter Beyers, gesuiwerde republikeinse kandidaat vir die Fauresmith Kies-afdeling, teen Minister Havenga. In 'n toespraak van hom gerapporteer in die Suiderstem van 1 Maart j.l. vind ik gerapporteer dat hy:

„Generaal Hertzog aangeval het vir sy verandering van 'n sterk republikein tot 'n bitter teenstander”.

Oud Regter Beyers het volkome reg. Ek was 'n sterk — baie sterk — republikein; en ek was dit gebly solang dit in belang van my volk nodig en dienstig was om dit te wees. Daarom het ik vanaf die eerste dag van die Boer oorlog afstand gedoen van die regbank, nie om deel te gaan neem in 'n eleksie nie, maar om met die wapen in die hand te gaan veg vir die Republieke; en is ik in die geleedere van my mede-republikeine in die veld gewees tot op die laaste oomblik van die stryd.

En Oud Regter Beyers, toe in die fleur van sy lewe, waar was hy?

Op dieselfde oomblik haast as wat ik besig was om die wapen op te neem, en my naar die vegterrein te spoed om die republiek, waar Oud Regter Beyers nou naar soek, te verdedig, was ook hy besig — baie besig — maar nie om te gaan veg nie! Soas iemand onlangs dit beskryf het, hy was besig

„Om sy goedjies in Johannesburg, waar hy sy brood verdien het, in te pak, ten einde hom te haas na die beskerming van die Britse vlag in Kaapstad !”

En hierdie man neem my dit vandag kwalik, dat ik nie sy helde moed besit om 'n gesuiwerde republikein te wees nie! — Nou dat daar geen gevaar en geen noodsaakelikeit toe bestaan nie!

Ons ken hierdie vuurvreter republikeine! — Niewaar?

Laat my toe, Meneer die Voorsitter, om u weer daaraan te herinner, dat ik slegs besig is om aan te toon waffer waarde geheg moet word aan die sogenaamde republikeinse beleid van die gesuiwerde Party, en dat dit niks meer is as oneerlike propaganda om stemme te vang. Daarom wil ik billik wees en aanneem, dat ook hier in die geval van Oud Regter Beyers, een swawel geen somer maak nie, en dat u geregtig sou wees om hom te beskou as 'n uitsondering, — 'n swart skaap onder die gesuiwerde trop — Ja! as hy daar alleen sou staan! — Ongelukkig vir gesuiwerde republikanisme en sy reputasie, is dit die geval nie. Hoeveel andere swartskape behorende aan die Beyers kategorie en aan andere klasse soas Townguards en Britse „intelligence officers” uit die Boer-oorlog periode, daar onder die gesuiwerde republikeine van vandag is, is ons nie so onbekend nie. Hoeveel van daardie soort swartskape daar in die Parlement alleen gevind word, onder die gesuiwerdes, is in die laaste paar maande herhaaldelik op gewys in die kolomme van die Vaderland en die Suiderstem.

Oud Regter Beyers is dus geen uitsondering. As nagegaan word wie daardie andere swartskape onder die gesuiwerde republikeine is, en waffer verantwoordelike posisies hul inneem in die gesuiwerde Party, dan openbaar sig die oneerlike spel van gesuiwerde republikanisme op 'n wyse wat die gesuiwerde voormanne van die gesuiwerde Party tot die diepste oneer strek.

Hul sogenaamde republikeinse beleid, is niks meer as 'n stuk gesuiwerde propaganda, waarmee hul besig is om te smous, met die republikeinse sentiment van die Afrikaner, ten einde daardie eerbiedwaardige republikeinse gevoel, deur bloed en daad geheiligd by die ou bevolking van Vrystaat en Transvaal, en ook van 'n groot deel van die Kaap, uit te buit tot eie politieke eer en voordeel.

Neem ons nou 'n ander onderwerp van gesuiwerde *beleid* en laat ons sien of dit daar beter mee geleë is, en of daar meer ernst en opregtheid agter sit dan wat die geval is met die gesuiwerde republikeinse smousery. — Laat ons die gesuiwerde

Naturelle beleid

'n bietjie van naby beskou. Van waar en wanneer daardie gesuiwerde beleid, wat daar opsettelik op aangelê is om te belet dat die Naturelle van die vier Provinsies sal verkry die grond wat hul sedert 1917 en vroër is toegesê, 'n toesegging wat sedert 1924 herhaaldelik deur die lede van die ou Nasionale Party, ingesluit Dr. Malan en al sy gesuiwerde voormanne in die Parlement, gekonfirmeer is geword? — Erger troubleuk dan die waaraan hierdie gesuiwerde voormanne van 'n gesuiwerde party hul skuldig maak in hierdie saak, is nouliks te bedink. Hul ontrou aan die gegewe woord, is niks minder dan 'n skandvlek op die goeie naam van die Witman in Suid-Afrika; temeer wanneer in aanmerking word geneem, dat wat hul nou besig is om aan die Naturelle te onthou, niks minder is dan wat aan die Naturelle verskuldigd is, as vergoeding wat hul deur die Parlement plegtiglik belooft is, in kompensasie vir sekere regte aan hul ontnem.

As die gesuiwerde ontrou van die Witman hier sou segevier, sou dit 'n klad wees op die karakter van die Afrikaner wat hom vir altoos sou brandmerk as ontrou en onvertroubaar.

Vergun my nou om u aandag te vestig op 'n ander geval van hierdie skokkende troueloosheid waarmee die gesuiwerde party besig is om die vertroue van ons gekleurde bevolking in die woord van die Witman te vernietig. Ik doel op die

Kleurling beleid

van die gesuiwerde voormanne.

Dieselfde valsheid en ontrou waardeur die gesuiwerde Naturelle beleid gekarakteriseer word, herhaal sig by die gesuiwerde *Kleurling beleid*.

By die poging tot oplossing van die Naturelle vraagstuk langs die weg van segregasie, was herhaaldelik deur die Kleurlinge die vrees uitgespreek dat hul bang was dat as die Witman eers die Naturel gesegregeer het, hy verder sou gaan en ook die Kleurlinge, hoewel hul daar sterk afkerig van was, sou segregeer. Daarop het die ou Nasionale Party, met my aan die hoof, en met volle goedkeuring van Dr. Malan en die gros van diegene wat vandag as gesuiwerdes agter hom sit, ten einde nie die stem van die Kaapse Kleurling te vervreemd nie, herhaaldelik aan die Kleurlinge die versekering gegee, dat segregasie nie sou toegepas word op die Kleurling bevolking nie, en dat daar geen ander skeidslyn tussen Wit en Kleurling sou toegepas word as die van sosiale afskeiding. — Vandag, nou dat met hulp van die Kleurling stem Naturelle segregasie verkry is, word gevind dat die gesuiwerde party lede in die Parlement besig is — met Dr. Malan aan die hoof — om, nie alleen op sosiale gebied, maar ook op politiek en ekonomies gebied, die Kleurling teen sy wil te segregeer.

Dit is, as of die gesuiwerde beleid met opset daarop aangelê is, om geen rekening te hou met die noodsaaklikheid van trou en eer en opregtheid nie, en dat ten opsigte van die Kleurlinge en van die Naturellebeleid daar sorg sal gedra word, dat by die uitoefening daarvan, ontrou en troueloosheid die leidraad sal wees vir die Witman in Suid-Afrika, waarnaar hy sy gedrag sal te bepaal hê by die vervulling van sy pligte as voorgd. Alleen deur 'n aanname van hierdie aard, kan verklaar word die poging wat daar gedoen is by die jongste sitting van die Volksraad om te verkry, dat op die Kleurlinge van die Kaap, in sekere gevalle, te same met die Naturelle, segregasie sal toegepas word, en dat hul daarby nog sal verplig word tot aparte verteenwoordiging in Volksraad en Senaat. Met andere woorde, direkt in stryd met die belofte wat ons aan die Kleurling gedoen het toe ons sy stem nodig had vir die passering van segregasie teen die Naturel, sal ons nou, na die segregasie wet gepasseer is, moet heen gaan en sowel politieke as ekonomiese segregasie toepas op die Kleurling! — Waffer valsheid en ontrou!

Ik stel tans, in alle ernst, weer die vraag wat ik so ewe gedoen het:

Wat is die beleid van die gesuiwerde opposisie Party waarop die aanspraak deur hul gebaseer word, dat die volk hul genoegsaam sal vertrou om aan hul die Regering van die land toe te vertrou?

Waar sou die eer van die Afrikaner bly as dit moet afhang van die politieke moraliteit van die gesuiwerde party en sy parlementaire voormanne!

Al die stembus krete, deur die gesuiwerde party voormanne verhoogd tot die Status van *Beleid*, is niks anders as soveel poginge om kiesers te mislei, stralende van onopregtheid, ontrou en onvertroubaarheid, soas getuig deur die gesuiwerde Republikeinse, die gesuiwerde Naturelle en die gesuiwerde Kleurling *Beleid* — Dit is kensketsend van hierdie *Stembus beleid*, dat dit alle morele grondslag mis, en daarom onafhankelik van enig beginsel, sedelike beperkinge, of verpligtinge, beoefen word. Hierdie gebrek aan sedelike beheersing by die uitoefening van gesuiwerde beleid word, so word ons versekerd, deur die stembus geheiligd! Of dit is geweld, onwaarheid, of troubreuk, die gesuiwerde sedeleer bekommer sig daar nie oor nie; die suksesvolle resultaat in belang van gesuiwerde Nationalisme, heilig mos alles!

Gesuiwerde voormanne weet natuurlik heel goed, dat hul geen die minste gevaar loop om tot die Regering van die land geroep te word nie, — daarom al die ligsinnige beloftes en beleids-verklaringe wat hul weet hul nooit geroep sal word om uit te voer, of na te kom nie. So word dan op die meest onverantwoordelike wyse deur hul aan alle klasse van die bevolking, waar hul stemme meen te kan opraap, die meest roekelose beloftes gedoen. — Die boer hoef sig nie te bekommer oor sy geldelike verpligtinge nie, want as die gesuiwerde Party aan die bewind kom, sal al sy skulde deur die gesuiwerde Regering betaal en vry geskeld word! 'n Gesuiwerde Party Regering sal die rente koers van lenings op eigendomme, maar ook op alle plaasverbande onverskillig wanneer gevestigd! ja, alle verbande sal deur die Staat oorgeneem word! — Ook die plaashuurders en deelsaaiers sal deur gesuiwerde wysheid van hul skulde en verpligtinge verlos word!

Soas aan u almal goed bekend, Meneer die Voorsitter en Here, put hierdie staaltjies van heerlike gesuiwerde party beloftes geensins alles uit waartoe gesuiwerde voormanne en politici hul reeds onder verpligting gestel het, — 'n proses wat nog steeds van dag tot dag voortgaan!

Die rede van dit alles lê voor die hand! So lang die opposisie voormanne nie aan bewind van sake kan kom nie, moet ons verwag dat hul sal toesien, dat hul en hul party, kos wat wil, gaande en staande gehou word! Vandaar hierdie *Stembus beleid* met sy roekelose beloftes, waarvan bitter weinig ooit uitgevoer sal word, gestel dat die gesuiwerde party ooit met die regering van die land sou toevertrou word.

Dit moet 'n ieder duidelik wees, die maar 'n weinig aandag skenk aan die beloftes van gesuiwerde voormanne, dat dit net een doel het, en dit is, om, deur beroep te maak op die laë motiewe en instinke van selfsug en eie belang by die onkundige en onnadenkende onder die bevolking, eie belang en eie politieke oogmerke te bevorder.

Hierdie *Stembus beleid*, met sy gebrek aan beginsel en aan sedelike grondslag, is deur gesuiwerde voormanne tot 'n kunst ontwikkel, en beheers vandag elk verrigting en onderneming by hul op politiek terrein.

Die gevolge daarvan word dan ook waargeneem oorals deur die land en by alle klasse van die bevolking, dog nergens het dit so 'n vernietigende uitwerking op die volk as juist daar waar sedelike krag en geestelike opwekking tot wat skoon en edel en deugdsaam is, meest vereis word.

In tye van druk en kommer, word die bedrukte en bekommerde, in stede van deur aanmoediging en bezieling tot 'n hoopvolle stryd opgewekt te word, om, waar moeglik, deur eie kragte in nodige behoeftes te voorsien, onstemd en ontsenuwd deur verwysing op die Regering en op versinde regeringspligte, met haast geen ander doel dan alleen om tweedrag te stig onder die volk en vyandskap te verwek teenoor die Regering van die land. — Die onmiddellike gevolg, by die volk van so 'n politiek, is dan ook niks anders dan die opwekking van haat, hebsug en stryd. M.a.w. *Volksverdeeldheid* en *burgerstryd* is die noodwendige vrug van gesuiwerde party beleid.

Die vraag doen sig voor: Hoe lang sal dit nog voortgaan? Die antwoord kan nouliks iets anders wees dan: So lang as wat die volk sig deur die Stembus politiek laat influenseer; d.w.s. solang as daar genoeg manne en vroue onder die stemgeregtigde publiek van die Unie sal gevind word, wat gereed is om hul te laat mislei deur daardie gesuiwerde politiek van onopregtheid en ontrou.

Gelukkig is daar reeds tekens van verset by ons bevolking teen al hierdie

misleiding en demoralisasie waaraan ons kieser publiek nou al vir enige jare onderwerp is geword.

In verset hierteen, is reeds die *Jeugdfront* ontstaan, 'n verset wat reeds heel waarskynlik in die kiesinge sy heilsame invloed sal doen geld.

In die naam van 'n gesonde Volkslewe, wil ik dan ook hier vandag 'n beroep doen op ons Vrystaatse, nee, op ons Afrikaner Vrou en Man:

Handhaaf die sedelike hoogheid van ons volksbestaan! en verwerp alles wat berekend is om afbreuk te doen aan die hoogheid van die Afrikaner karakter.

Hierdie algemene verkiesinge waartoe ons tans opgeroep is, stel aan ons die keuse om te sê wat die Afrikaner volk wil hê: 'n Verenigde Volks Regering staande op die basis van 'n verenigde Afrikanerdom; of 'n Regering wat sy ontstaan sal te dank hê aan skeuring en tweedrag, en sy lewensbestaan sal put uit volkstwist en ontrou.

Wat die antwoord van die Afrikanerdom op hierdie vraag gaan wees, het ik nog nooit vir 'n enkel oomblik aan getwyfel:

Suid Afrika! Hy sal antwoord op u roepstem!

Dit is dan ook met die volste vertroue dat ik die beslissing tans laat in die hande van u en van die volk van die Unie.

Tot Siens!

1. Oorgeneem van 'n getikte afskrif in die Hertzogversameling, band 93. Die juiste dag van die toespraak word nie hier gemeld nie. Dit moes egter aan die begin van Mei gewees het, want op daardie stadium was genl. Hertzog en mnr. Havenga deur die Suid-Vrystaat op reis.

4/

Die Nasionale Party
se
Verkiesingsmanifes

Algemene Verkiesing
1938

— Uitgegee namens die Federale Raad van die Nasionale Party
deur Dr. D. F. Malan, Dr. N. J. van der Merwe en Adv. J. G. Strydom
en gedruk deur die Nasionale Pers Beperk, Keeromstraat, Kaapstad.

Verkiesingsmanifes van die Nasionale Party.

I. BUITELANDSE BELEID EN VERDEDIGING:

Die Party sal vashou aan sy beleid sedert 1914 verkondig, van nie-intervensie in buitelandse twiste en oorloë en sal ons verdediging inrig suiwer met die oog op ons eie veiligheid en die beskerming van ons neutraliteit. Met hierdie doel sal hy ook pogings aanwend om die Simonstad-ooreenkoms te hersien. Met inagneming van hierdie beleid sal hy verder enige welgemeende en praktiese poging aan die kant van die gesamentlike volkegemeenskap ondersteun om die wêreldvrede te verseker.

II. REPUBLIKEINSE STREWE: Die stigting van 'n republiek afgeskel van die Britse Kroon en Ryk is en bly die doelwit van die Party se strewe. Verder verklaar hy dat ooreenkomstig sy Program van Beginsels hierdie konstitusionele verandering alleen tot stand gebring sal word ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die volk en nie bloot as gevolg van 'n parlementêre meerderheid, wat by 'n gewone algemene verkiesing verkry mag word nie.

III. POLITIEKE EN EKONOMIESE SELFSTANDIGHEID: Die Party onderneem —

- (a) die afskaffing van die reg van appèl na die Geheime Raad;
- (b) die hersiening van ons nasionaliteitswette om alle sweem van dubbele nasionaliteit daaruit te verwyder en die misleidende benaming van „Britse onderdaan” af te skaf;
- (c) die daarstelling en uitsluitende erkenning van 'n eie Suid-Afrikaanse volkslied;
- (d) stappe om die oorheersing van uitlandse skeepvaartmaatskappye te verbreek sowel deur die geleidelike aanskaffing van ons eie skeepvaart as deur 'n oordeelkundige gebruikmaking van die subsidie-stelsel.

IV. IMMIGRASIE EN JOODSE VRAAGSTUK: Terwyl die Party in die algemeen die immigrasie van geskikte, assimileerbare, blanke elemente verwelkom, sal hy met die oog op Suid-Afrika se spesifieke probleme maatreëls neem om verdere immigrasie van Jode te beëindig, die gebruikmaking van naamsveranderings teen te gaan, strenger beheer uit te oefen oor naturalisasie en 'n beroeps-permitstelsel vir ongenaturaliseerde vreemdelinge in die lewe te roep, soos dié wat in Engeland, Frankryk en ander lande bestaan. Verder sal hy alle moontlike stappe doen om Suid-Afrika se eie oorspronklike Afrikaans- en Engelsprekende volkselemente vir 'n lewensbestaan in alle rigtings te bekwaam en hulle teen onbillike konkurrensie te beskerm.

V. KLEUR-VRAAGSTUKKE: (a) Die Party beoog die hersiening van ons bestaande Naturelle-wetgewing met die doel om die naturelle-stemreg vir die Volksraad en die Kaaplandse Provinsiale Raad af te skaf, die toestroming van oortollige naturelle na stedelike gebiede te belet, hul verwydering daaruit effektief te bewerkstellig en die woningsegregasie van naturelle in sodanige gebiede doeltreffender te maak.

(b) Die Party sal die huidige grootskaalse aankoop van grond vir naturelle deur die Staat beëindig en die verkry van grond deur naturelle laat geskied meer op

hul eie inisiatief en ooreenkomstig hul werklike behoeftes.

(c) Die Party beoog verder die konsekwente deurvoering van die segregasie-beginsel ten opsigte van alle nie-blankes as synde in die beste belang beide van die blanke en die nie-blanke rasse en onderneem daarom om wetgewing in te dien vir:—

- (1) aparte woonbuurtes, vak-organisasies en sover uitvoerbaar ook aparte werkplekke vir blankes en nie-blankes;
- (2) die voorbehoud van werkverskaffing in bepaalde rigtings vir blanke arbeid en/of ooreenkomstig 'n vasgestelde en billike kwota vir blankes en nie-blankes;
- (3) aparte verteenwoordiging in ons wetgewende liggame vir die stemgeregtigde Kaaplandse Kleurlinge; en
- (4) die uitbreiding van die Ontugwet 1926 tot alle nie-blankes, en die beletting van gemengde huwelike en van die indiensneming van blankes deur nie-blankes.

VI. ALGEMENE EKONOMIESE HERVORMING:

- (a) Die Party beloof 'n onmiddellike en deurtastende ondersoek na die styging in lewenskoste.
- (b) Teneinde die regmatige belange van produsente, distribueerders, werknemers en verbruikers respektiewelik te alle tye te waarborg en teneinde verder alle klasse teen uitbuiting van enige aard te beskerm, beloof die Party om 'n Sentrale Ekonomiese Raad in die lewe te roep met opdrag om met betrekking tot prysbepalings, produsente-distribueerders- en verkooporganisasies, planmatige ekonomiese ontwikkeling en ander nodige maatreëls die Regering van tyd tot tyd te adviseer.

VII. BANKWESE: Die Party onderneem om ons Bankwese te hervorm en 'n end te maak aan die oorheersing van buitelandse banke deur:

- (a) die Reserwebank om te skep in 'n Staatsbank ooreenkomstig die utiliteitsbeginsel;
- (b) die Landbank te versterk en uit te brei teneinde besondere kort- en langtermyn-kredietfasiliteite te skep, wat verels word deur die besondere omstandighede van die landbou;
- (c) 'n Nywerheidsbank op te rig met die oog op kragdadige beskerming en ontwikkeling van ons eie industrieë.

VIII. LANDBOU: Die Party beloof om die boerebedryf kragdadiglik te ondersteun en te beskerm deur—

- (a) die uitvoering van 'n Verbandslas-aflossings- en 'n rentesubsidie-skema op die grondslag van die Van der Horst-plan minstens tot 'n pell wat sal aanpas by die ekonomiese draagkrag van eiendomme in terme van hul opbrengsvermoë.
- (b) doeltreffende maatreëls vir die bemaking van landbouprodukte deur een kanaal onder genoegsame beheer van produsente;
- (c) die bevellinging van ons binnelandse markte teen nadelige mededinging van buite;
- (d) markte uit te brei en verder te skep deur—
 - (1) sekondêre nywerhede te bevorder soos b.v. die bewerking van mielies, graan, vlees en ander produkte, en
 - (2) staatsondersteunde reklame sowel binne- as buitelands, en beter handelsbetrekkinge met

lande wat in staat is om ons landbouprodukte te koop;

- (e) die skepping van voerdépôts as redmiddel teen droogtes, die verskaffing van groter fasiliteite vir verkryging van veevoer en ruimer staats-ondersteuning vir boorgate en omheining;
- (f) die beskerming en ondersteuning van besproei-ers deur—
 - (1) die aanbou van damme waar nog geen besproeiing is nie en veral ook by bestaande besproeiing waar watervoorrade onvoldoende is, en
 - (2) die uitbreiding van fasiliteite vir lenings aan indiwiduele besproei-ers.

IX. LANDNEDERSETTING: (a) Die Party sal onmiddellik stappe doen om ooreenkomstig 'n uitgewerkte grootskoolse skema die landelose boerebevolking as besitters op die grond te vestig en sal, sover vereis, deur onteining in ooreenstemming met die wet op Onvoordelige Okkupasie van Plase, 1937, daarvoor ook aanwend gronde, veral van maatskappye, wat nie deur blankes voordelig geokkupeer of bewerk word nie of wat bloot vir spekulatiewe doeleindes gehou word.

(b) Hy sal daartoe ook die aankoop van grond vergemaklik deur die afskaffing van die verpligting om een-tiende van die koopprys by te dra en deur neder-setting op 'n bestaanbare ekonomiese grondslag te plaas deur herwaardasie ook van gronde onder seksie 11 van die Nedersettingswet verkry.

X. MYNBEDRYF: Die Party sal ons mynbou in die algemeen kragdadiglik bevorder. Hy sal egter toesien dat deur strenger staatsbeheer en 'n oordeelkundige belastingbeleid—

- (a) die Staat 'n groter aandeel in ons minerale ryk-dom sal verkry;
- (b) die bedryf sal ophou om die jagterrein te wees van parasitiese spekulante;
- (c) dat die werkers in goudmyne sal verkry—
 - (1) 'n algemene hersiening van die verouderde Lucas-Kommissie-toekenning van 1927
 - (2) die erkenning van Dingaansdag as vakansiedag met betaling;
 - (3) die uitbetaling van 'n ronde som plus 'n pensioen aan lyers aan gewone tuberkulose en lyers aan myntering in die ante- en primêre stadium en aan hul afhanklikes;
 - (4) 'n Pensioen- en gratifikasieskema as voorsorg vir alle ondergrondse mynwerkers ten einde ondergrondse werk na 12 jaar te kan verlaat; en
 - (5) beter voorsiening vir die weduwees en wese van mynwerkers;
 - (6) deurtastende ondersoek na en hersiening van mediese standaarde van die myntering-buro meer gunstig vir die mynwerkers.
- (d) dat die alluwiële diamantdelwers verseker sal wees van die oopsit van genoegsame diamant-houdende grond, die beperking daarvan tot be-roepsdelwers en van die vermindering van uit-voerbelasting op alluwiële diamante.

XI. STAATSDIENS: Die Party onderneem—

- (a) om salarisskale te hersien teneinde veral die laer-betaaldes se posisie te verbeter;

- (b) om die tweetaligheidsbeginsel konsekwent toe te pas by aanstellings en promosies;
- (c) om die burgerregte van onderwyers en van alle persone in diens van die Staat te eerbiedig en te beskerm; en
- (d) om ondersoek in te stel na die werk van die Staatsdienskommissie en veral die bevorderings deur hulle aanbeveel.

XII. DIE SPOORWEE: Die Party stel hom ten doel—

- (a) om onmiddellik 'n end te maak aan die verkwisting deur wanbestuur, wat plaasvind op die spoorweë;
- (b) laer spoorweg-tariewe om die land ekonomies te ontwikkel en veral om landbou en nywerhede te bevorder;
- (c) die hersiening van diensvoorwaardes, salaris-en loonskale met die oog op redeliker werkure of ekstra beloning en die versekering van 'n hoër loonskaal aan die laer range van die personeel, sowel werkers as klerke wat nou vir 'n behoorlike en beskaafde lewensbestaan te laag betaal word.

VERDER ONDERNEEM DIE PARTY—

- (1) om die beperkings van die huidige Regering op die bevordering van blanke arbeiders na gegra-deerde poste gestel, te verwyder, en om hulp en aanmoediging tot sodanige bevorderings te gee;
- (2) om 'n behuisingplan uit te voer vir spoorweg-amptenare wat hulle in staat sal stel—
 - (a) om eie huise te bou met Staatsvoorskotte teen die heersende 3½ persent rentekoers, en
 - (b) om op huise wat hulle reeds besit met ver-bande daarop teen buitensporige rente, ver-bandlenings te verkry teen 'n lae rente-koers;
- (3) om die nouste samewerking te bevorder tussen die spoorwegadministrasie en die personeel-verenigings sonder inmenging in hul huishou-delike aangeleenthede; en
- (4) om 'n weduwee-pensioenfonds vir spoorwegwer-kers in die lewe te roep.

XIII. ONGESKOOLDE ARBEID: Die Party beoog die vasstelling van minimum-lone vir getroudes van 8s. tot 10s. per dag vir ongeskoolde en half-geskoolde blanke arbeiders by werke onder staatsbeheer soos spoorweë, paaie, bos-aanplantings, besproeiings- en onderstandswerke en met uitsondering van die landbou, ook by ander bedrywe na gelang deur kwota-bepalings of andersins blanke-werkverskaffing daar teen onbillike konkurrensie beskerm word.

XIV.—DIE PARTY SAL STAPPE DOEN VIR—

- (a) Uitgebreider en beter gekoördineerde mediese dienste vir die volk insluitende distriksverple-ging, die opleiding van 'n genoegsame getal verpleegsters, die voorkoming van ondervoeding en versekering teen siekte en ongeskiktheid;
- (b) beter beskerming teen buitensporige huishuur deur die hersiening van die Huurgelde-wet; en
- (c) die invoer van 'n doeltreffende nasionale be-huisingkema, wat 'n end sal maak aan agter-buurties en behoorlike behuising sal verseker in stedelike en plattelandse gebiede.

ARBEID STAAN VIR

BROOD
en
BOTTER
Politiek

Algemene Eleksies 1938
Suid-Afrikaanse Arbeidsparty

DIE WEG NA VREDE
EN VOORSPOED

ARBEIDSPARTY SE PROGRAM VAN AKSIE

Planne om Volk Ekonomies op te Hef

Die „Arbeidsplan“ het in ander lande van die wêreld waar dit in praktyk gebring is geblyk die regte plan te wees. As die volk van Suid-Afrika inderdaad begerig is om vir hul land 'n gelukkiger en welvarender toekoms te verseker, moet die hervormings voorgestel in die weloordagte skema van die Arbeidsparty stellig 'n diepe indruk op hulle maak.

STAATSBEHEER.

Organisasie van 'n binnelandse ekonomie vir die distribusie van die produksie en dienste van die Unie op 'n wyse wat vir alle persone wat kan werk 'n voldoende inkomste waarborg vir hulleself en hul afhanklikes, met al wat nodig is om 'n huis en huise-like lewe in die beste en suiwerste betekenis van die woord te maak, maar dit kan alleen bereik word as finansies en handel, nywerheid en landbou volgens 'n nasionale plan onder leiding van die Staat uitgevoer word. Billike kompensasie sal uitbetaal word aan eienaars en aandeelhouders van enige nywerheid wat vir die algemene welsyn oorgeneem word. Dit wil sy planne uitvoer sonder om enige individu onreg aan te doen.

VREDE

Om al wat moontlik is te doen om 'n regverdige en duursame vrede te verseker, en om met ander nasies saam te werk opdat almal welvarend mag wees. Om daardie doel te bereik word saamwerking en kameraadskap tussen alle volkere en alle nasies vereis, opdat almal gelyke kans hte om in die oorvloedige rykdom en ekonomiese kanse van die wêreld deel te neem. Dit wil op afskaffing van oorlog aandring, en op die instelling van 'n waarlik kollektiewe vredestelsel wat alle nasies sekerheid sal gee. Dit wil ondersteuning gee aan die versterking en hervorming van die Volkebond as 'n werklike Wêreldparlement. Intussen is dit nodig om sodanige gewapende mag te onderhou as wat

vereis word om die grense van die Unie te verdedig en om alle verpligtings as lid van die Volkebond na te kom. Die beheer, vervaardiging en bestuur van alle oorlogsmateriale moet onder die Staat wees.

Demokrasie

Die Arbeidsparty staan vas vir Demokrasie. Dit is teen alle diktatorskap deur enige persoon, party of groep. Dit sal enige aanval op die volkswyheid teenwerk en beveg, hetsy dit van binne of buite die Unie kom. Dit staan vir behoud van vryheid, die regte van minderhede sonder aansien van ras of geloof—en die snelle en doeltreffende werking van die demokratiese sisteem. Dit sal aandring op maatreëls om te voorkom dat sy voorstelle waardeloos gemaak word deur gevestigde belange en onverteenuddigende liggame.

Arbeid besef dat die volk van die Unie bedreig word deur twee hoogs ernstige gevare, waarteen onmiddelik handelend opgetree moet word. Die kragte van demokratiese opinie in Suid-Afrika moet kragtige leiding gee in die stryd teen die oprysende Fascistiese en Nazi-idees, en in die tweede plek moet planne gemaak word om te belet dat Suid-Afrika ly soos dit vanaf 1930 gedoen het.

Arbeid is gekant teen anti-Semitiese propaganda, meer besonderlik omdat dit noodsaaklikerwys die voorloper van die stigting van 'n diktatorskap moet wees en omdat dit minderhede wil onderdruk.

BEVEG FASCISME.

Arbeid wil die leiding neem in die

stryd teen die magte van Fascisme en Nazisme wat vandag ons land bedreig. Dit wil enige vorm van diktatorskap beveg, hetsy Fascisties of Nazisties of Kommunisties, of enige ander regeeringsvorm wat inbreuk trag te maak op die volkswyheid. Dit wil daarna streef om, onmiddellik wanneer die Parlement byeenkom, die volgende wetgewing ingevoer te kry:

(a) Om die invoer van Nazi- en Fascistiese literatuur in Suid-Afrika te verbied, en ook om die organisasie van alle bewegings te belet wat opelik die omverwerping van die demokratiese stelsel en vervanging daarvan deur 'n diktatorskap verkondig.

(b) Om te verbied om politieke uniforme te dra.

(c) Om dit 'n kriminele oortreding te maak om enige ras as geheel te belaster.

(d) Om 'n publieke fonds te verskaf vir die stigting van 'n buro om op elke wyse propaganda vir demokrasie en demokratiese instellings te maak.

(e) Om Suidwes-Afrika as 'n vyfde provinsie in die Unie in te lyf en die hiervoor genoemde maatreëls in daardie gebied van krag te maak.

(f) Om handelsverdrae te sluit met lande wat bereid is om die demokratiese sisteem te handhaaf, en om bestaande verdrae met Fascistiese en Nazi-lande en met lande wat in aanvallende oorlogsdade gewikkel is af te skaf, sowel as alle subsidies aan Fascistiese lande.

Geen ras-onderskeiding mag toegelaat word om die werklike vraagstukke in Suid-Afrika te bemantel nie. Arbeid is voor die volste gelykheid van regte vir beide offisiële tale van die Unie.

FINANSIES

Arbeidsmaatreëls sou ernstig in gevaar gebring word, tensy dat die produksie, handel en uitvoer van goud gekontroleer word. Ook kan die ekonomiese lewe van die land nie gereël word nie tensy die Staat sy krediet, sy finansies en sy finansiers kontroleer. Geld moet tot die dienaar van die publiek gemaak word. Die sentrale kredietstelsel van die Unie moet sodanig gekontroleer word dat dit die hoogste gebruikmaking en distribusie van die bronne van die land verseker.

Die Staatsbank moet gemagtig wees om alles te doen wat nodig is vir die uitvoering van die Arbeidsplanne, b.v. onbeperkte mag om staatspapiere te koop en verkoop, staatslenings te onderskryf, en aan die Staat alle nodige geldsomme voor te skiet vir die aankoop en bemaking van alle produkte van die land.

'n Staats Ontwikkelingsraad kan lenings aan nywerhede toestaan en aandeelhouders daarin wees. Hierdie stelsel van Staats-voorskotte sal die instrument wees om finansiering op lang termyn te verskaf vir allerhande ontwikkelingskemas; en om te sorg dat dit die voordeligste koerse kry sal die Staatsbank die mag hê om sy lenings te onderskryf. Dit sal alle buitelandse fondse verkry vir uitgevoerde produkte kontroleer, en die oorsending van alle oorsese fondse van en na die Unie, en alle krediet, want onverskillig waar geld vir publieke doeleindes vandaan kom, dit kan alleen verkry word deur die landskrediet in pand te gee. Dus sal die Staat self, in plaas van private persone of private instellings, sy krediet verpand. Die landskrediet sal vir die ontwikkeling van staatsbates verpand word. Die Staat moet toegang hê tot alle geproduseerde rykdom. Solank as bates en rykdom geskep word sal 'n geldstelsel gebaseer op die Arbeidsplan gesonder wees as enige ander stelsel wat tans van krag is. Die verskil tussen die twee stelsels is tussen verpanding van die landskrediet om dit te produseer, en die verpanding van die landskrediet om lenings daarop op te neem vir private wins.

Ingeval die handelsbanke en ander finansiële inrigtings nie met die Staatsbank saamwerk nie, sal spesiale magte verleen word om alle nodige finansiële belange in ooreenstemming te bring. Die Staatsbank kan die reserwes bepaal wat ander finansiële instellings daarin moet belê, en kan van alle finansiële instellings alle informasie eis wat vir die doeltreffende en gereëde werking van die land se finansiële bronne en sisteem nodig is.

Spekulasies op die Aandelebeurs sal streng beperk en beheer word.

Nuwe geldbeleggings sal beheer word deur 'n Nasionale Beleggingsraad wat ons finansiële bronne sal gebruik om dit in die regte kanale te lei, en om die Regering advies te gee omtrent sy finansiële planne vir die volle gebruik van die volk. Groot skemas vir nasionale ontwikkeling, met insluiting van behuising, elektrifikasie, transport, vervaardiging van olie uit steenkool, ens. sal ingestel word.

Alle moontlike poginge sal aangewend word om die groots moontlike

stabiliteit van handel en arbeid te verseker.

Nuwe wetgewing sal ingevoer word, en die bestaande wette sodanig gewysig dat uitbuiting van die volk en verwoesting van industrie deur gewetenlose finansiers belet word.

Belasting sal gebruik word om 'n beter distribusie van rykdom en koopkrag te verseker, en om fondse te verskaf vir instelling en uitbreiding van sosiale dienste. Die oprigting van kooperatiewe verenigings sal aangemoedig en ondersteun word.

Suksessieregte, inkomste-, super- en erfnisbelasting sal skerper gegradeer word en op alle eiendom in die Unie toegepas word, onverskillig wie die eienaars mag wees. Belasting op private maatskappye vir verbruiksartikels sal verhoog word totdat hulle in verloop van tyd staatseiendom word.

Wetenskaplike navorsing sal aangemoedig word. Private belange sal nie toegelaat word om nuwe uitvindings te verydel nie. Die Staat sal, as die algemene belang dit eis, 'n sodanige industrie as 'n staatsonderneming finansier en ontwikkel.

BEVEG "DEPRESSIES."

Voorsiening moet onmiddellik gemaak word om aanvalle op die ekonomiese posisie van die land te beveg. Aanvalle wat gewoonlik „depressies” genoem word, soos vanaf 1930. Arbeid sal, deur kontrole op die finansiële en kredietstelsel van die land, die gevolge van sodanige aanvalle beveg.

MINERALE RYKDOM.

Die minerale rykdom, vrugbaarheid en produksievermoë van Suid-Afrika word algemeen erken, en die taak van Arbeid sal wees om skemas in te voer om al die bronne te ontwikkel en die resultate vir die nasie beskikbaar te stel.

Ook sal onmiddellik skemas opgestel word vir staatswerke op groot skaal, soos hidro-elektriese uitbreidings, spoorweë, uitbreiding van telefoon- en telegraafnet, nuwe paaie, ontwikkeling van lard- en bosbou, bestryding van grondverspoeling, oprigting van poskantore en ander staatsgeboue, nuwe skole, staatsbehuising, en ander werke van nasionale belang. Voldoende lone sal aan die arbeiders op daardie skemas betaal word, en 'n 35-urige werkweek sal vir hulle van toepassing wees.

Deskundiges sal in alle kringe van nywerheid aangestel word om planne op te trek vir die bou van fabriek op nasionale basis, om die grondstowwe van Suid-Afrika te verwerk.

LAND EN BOERE

Staatsplanning vereis dat die gebruik van alle land in die algemene belang gekontroleer word—in die belang van die mense, hetsy vir industriële, landbou of ander doeleindes. Huise, skole en ander noodsaaklike geboue (stedelike en plattelandse), speelterreine, oop ruimtes, ens. moet verskaf word. Die Staat sal die mag hê om grond wat dit vir enige doel nodig het sonder uitstel teen redelike prys aan te koop. Klein huis- en grondeienaars sal egter in die onbetwiste besit van hul huise en plase gelaat word. Beskerming van huurders, pachterboere ingesluit, sal verseker word. Operasies op groot skaal

sal ingestel word vir die terugkeer van die volk na die land en vir nedersetting van alle geskikte persone wat hulle op die land wil vestig op die basis van spesialisasie, ooreenkomstig oppervlaktes, klimaatstoestande, ens., met inagneming van alle omstandighede, soos afstand van hoofpaaie, spoorweë, ens. Fondse sal beskikbaar gestel word vir opleiding van settelaars, en om alles te doen tot versekering van blywende nedersetting en bewerking op winsgewende basis.

Surplus gedeeltes van groot plase sal ter beskikking van die „Spesialisieraad” vir hierdie doel teen redelike prys gestel moet word. Boere sal teen die laags moontlike rentekoers geld van die Staat verkry, en al hul skulde sal gereël word om te verseker dat die waarde van hul grond en van die huur van enige erfpag nie die huurwaarde van die grond te bo gaan nie, en dat die totale bedrag en terme van al hul verpligtings sodanig sal wees dat hulle, na aftrek van alle gewone lopende uitgawe, en na aftrek van die onderhoud vir hulleself en hul gesinne in 'n redelik gerieflike staat, redelikerwys kan verwag om in staat te wees om aan hul verpligtings te voldoen, hetsy uit hul eie fondse, of deur geld op redelike voorwaardes van die Staat te leen.

Belasting sal geëf word op alle geboue en op onverbeterde landbougrond wat nie in gebruik is nie.

VERBANDE OP PLASE.

Alle verbande sal deur die Staat oorgeneem word en die rentekoers, waar nodig, verlaag, en in geen geval sal die rente die geleende kapitaal te bo gaan nie. Die huidige spekulatiewe aard van die inkomste van boere sal afgeskaf word.

Pryse vir hul produkte sal aan die boere gewaarborg word. Die pryse moet vir elke jaar standvastig bly. 'n Spesiale markdepartement sal ingestel word om die uitvoer en verkoop van produkte te beheer, wat deur die Staat vir uitvoer oorgeneem sal word. Die verwagting is egter dat, met die hoër lewenstandaard van die volk en die groter krediet in omloop, die hoeveelheid van produkte vir uitvoer feitlik tot nul sal daal. Die gewaarborgde pryse en regulering van die binne-landse mark sal die produsent in staat stel om homself en sy afhanklikes in redelike staat van gerief te onderhou.

LEWENSKOSTE EN PROFITERING

Die verbruiker sal arduense beskerm word teen uitbuiting deur die **vasstelling van maksimum kleinhandelpryse** vir eetware ooreenkomstig die staats-ekonomie onder die Arbeidsplan. Arbeid sal nie toelaat dat Suid-Afrikaanse produkte ten nadele van die verbruikers uitgevoer word nie, **en sal sorg dat vroue behoorlik verteenwoordig is op rade, publieke instellings, ens.** wat sake van invloed op die beheer en prys van eetware behandel. 'n **Wet tot Voorkoming van Profitering** sal ingevoer word om hoër winste te belet en dus 'n styging van lewenskoste te voorkom. Alhoewel produksiekoste mag styg, sal die groter omset tengevolge van die groter koopkrag van die volk meer as 'n teenwig teen die hoër koste vorm.

Indien nodig, sal die beheer van alle sake in verband met eetware onder 'n Ministeriële Departement gebring word. Werkers in die landboubedryf sal verseker wees van 'n redelike standaard van gerief, behoorlike behuising, regulasies vir werkure, ens. deur hul aandeel in die winste wat die nywerheid oplewer.

Konkurensie in transport is verkwistend, ondoeltreffend en gevaarlik. Alle transport per pad, lug en spoor sal gekoördineer word. Alle transportdienste wat geskik daarvoor is, sal in die staatsdiens opgeneem word. Die volk moet 'n veilige, goedkope en doeltreffende transportsisteem hê, met goeie lone en salarisse en arbeids- en lewenskondisies vir die werkers.

MYNBEDRYF EN KRAGPRODUKSIE

Die bestuur van alle myne is ondoeltreffend en geheel in die belang van private ondernemings. Alle mynbedryf moet onder staatseigendom verenig word, met insluiting van bemaking en uitvoer. Die Staat moet alle natuurlike bronne van die land, met insluiting van alle minerale en olie, in eien-dom hê.

FABRIEKE.

Die vervaardiging van olie en ander waardevolle byprodukte van steenkool is ernstig verwaarloos en moet beslis onmiddellik deur die Staat aangepak en nie aan private onderneming oorgelaat word nie.

MYNWERKERS SE LONE.

Alle mynwerkers stel hul lewe in die waagskaal vir onvoldoende lone en onder ongeskikte arbeidskondisies. Die eerste koste vir die nywerheid sal wees behoorlike lone en veiligheid vir die mynwerker.

DIE GOUDPREMIE.

1. Die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (VP)	89	1. The United South African National Party (UP)
2. Die Herenigde Nasionale Party (HNP)	43	2. The Re-United National Party (HNP)
3. Die Suid-Afrikaanse Arbeidsparty	9	3. The South African Labour Party (SALP)
4. Die Dominium Party (Dom.P.)	7	4. The Dominion Party (Dom.P.)
5. Onafhanklikes	2	5. Independents
6. Die Afrikanerparty (A.P.)	0	6. The Afrikaner Party (A.P.)

Bronne van verkiesingsmanifeste

1. Die Volkstem. 2 Junie 1943. Genl. Smuts Benadruk Erns van Algemene Verkiesing.
2. Verklaring uitgereik aan die pers. Die Transvaler, 15 Junie 1943.
3. Geen Afrikaanse weergawe kon opgespoor word nie.
4. Geen amptelike manifest kon opgespoor word nie.
5. Geen amptelike manifest kon opgespoor word nie.
6. Die Vaderland. 22 Mei 1943. Vir Eenheid — Teen Imperialisme. Afrikanerparty se Manifest.

Alhoewel die Afrikanerparty geen setel verower het nie, en maar net 13 964 (1,6%) stemme ontvang het, word die Party se verkiesingsmanifest tog gepubliseer. In die Algemene Verkiesing van 1948 wen dit in samewerking met die Herenigde Nasionale Party die verkiesing en vorm die regering van die land.

Sources of election manifestos

1. The Cape Argus. 2 June 1943. First Task To Win The War. Gen. Smuts's Stirring Call to South Africa.
2. Statement issued to the press. The Star. 15 June 1943.
3. Labour's Manifesto to the nation. 1943. Forward, 28 May 1943.
4. No official manifestos could be traced.
5. No official manifestos could be traced.
6. Manifesto of The Afrikaner Party. (Issued by Louis Olivier, Old Mutual Buildings, Hoffman Square, Bloemfontein and printed by Die Afrikaanse Pers, Bpk., 3 Plein Street, Johannesburg.) Although the Afrikaner Party did not win a seat and only polled 13 964 (1,6%) votes, its election manifesto is also published. In 1948 a coalition of the Afrikaner Party and the H.N.P. won the General Election and formed the government of the country.

GENL. SMUTS BENADRUK ERNS VAN ALGEMENE VERKIESING

WAARSKUWING TEEN VREDESPRAATJIES

KAAPSTAD, DINSDAG:

DIE TAAK WAT ONS IN AFRIKA ONDERNEEM HET, IS AFGEHANDEL. DIT WAS 'N GROOT HOOFSTUK IN ONS GESKIEDENIS EN DIT SAL BIKEND STAAN AS EEN VAN DIE SKITTERENDSTE VAN ALMAL," HET GENL. SMUTS VANAAND HIER OP 'N GROOT BYEENKOMS VAN VERENIGDE PLYAAR ONDERSTEUNERS IN DIE SKIEREILAND VERKLAAR TOE HY DIE WOORD GEVOER HET IN DIE STADSAAI.

Die Eerste Minister het die land gewaarsku teen voorbarige redagtes aan vrede. Dit kan 'n vorm van defaitisme wees. Die Unie het tot dusver 20,000 ongevallie gely aan gesneuweldes, gewondes en krygsgevangenes. Sover dit die Vrygeweste betref, het slegs Australië swaarder verliese as die Unie gely. Ek wil hê ons volk moet daardie hoë gees van toewyding, wat hulle sedert die aanvang van die oorlog openbaar het, handhaaf."

In verband met die algemene verkiesing het genl. Smuts gesê dat hy en die lede van die Kabinet hulle oorweging geskenk het aan die vraag of 'n algemene verkiesing in oorlogstyd gehou moet word al dan nie. Hulle het geantwoord dat tensy daar ernste redes bestaan het om al te ryk van ons Grondwet, die bepalings daarvan uitgevoer behoort te word.

Daar was slegs twee moontlike redes waarom ons nie nou 'n algemene verkiesing kon hou nie. Die een sou wees as die toestand aan die front 'n ernstige wending tot ons nadeel geneem het. Die ander rede sou wees as die binelandse toestand so sou wees dat dit 'n algemene verkiesing moes uitstel. Nie een van daardie twee redes bestaan vandag in die Unie nie.

PAL BLY STAAN

Ons is natuurlik gedagtig aan die gevare wat ons ontsnap het. Sedert 1939 het die toestand onontkenbaar verander en ek is baie dankbaar daarvoor. Ek dink dat die Regering minstens krediet verdien vir die wyse waarop hy die storm trotseer het.

Ons het 'n verbetering in die binelandse toestand tevoeg gebring, gedeeltelik deur basis op te tree en gedeeltelik deur verdragte te wees. Ons het niemand soek nie en ons het geen natelare gemaak nie, het genl. Smuts gesê.

Die huidige toestand is bevredigend. Ek het baie algemene verkiesings deurgemaak, maar ek kan nie een onthou toe die toestand in die land meer bevredigend was as vandag nie. Dit is meer bevredigend as wat dit in meer jare was. Daar is vandag geen toestand in die land wat ons kan lei om die wet uit te voer nie."

Maar te hys was om die soldate te hys toe te stuur want hulle het 'n

in drie gestort sodat die toestand waarin hulle 'n algemene verkiesing moet heveg, hoeltemal anders is as die wat hulle verwag het.

Die Opposisie het 'n Duitse oorwinning verwag, en het gehoop om 'n Republiek van Hitler te ontvang. Stadig maar seker het 'n verandering gekom en vandag is die hoop van die Opposisie verbydel. Daar is geen Hitler oorwinning in sig nie. Alles wat hulle van daardie oorwinning verwag het, is tot niet en waar is al die jong Fuehrers en jong leiers wat gehoop het om ons in Suid-Afrika na 'n nuwe orde te lei? Dit was hul eerste verkeerde berekening en hul tweede fout, waarop hulle te veel gebou het, was 'n "verenigde Afrikanerdom." Hulle het gedink dat wat ons gedoen het, die stap wat ons gedoen het om tot die oorlog toe te tree, alle Afrikaner-elemente in een groot rassieblok sou dryf, en dat daardie rassieblok ons eenvoudig sou vernietig. Waar is daardie "verenigde Afrikanerdom"? Ek soek nog daarin en dr. Malan soek nog harder as ek! Die Opposisie het die verkeerde keuse gedoen en het al dieper en dieper in die moeilikheid geraak.

Hul verdeeldheid het vernienigvuldig en vandag staan ek onverskillig teenoor hierdie verdeeldheid. Of hulle bymekaar kom of nie, ons gaan hulle so 'n pak gee soos hulle nog nooit gehad het nie.

Die Opposisie is die mees onpatiotiese opposisie wat hy nog ont in Suid-Afrika geken het. Hulle het alles in hul vermoë in hierdie jare gedoen om ons oorlogspanning te sahoteer. Wat ookal gedoen kon word en dit vir ons moeilik te maak om ons plig uit te voer, is gedoen. Hulle was uiters onverantwoordlik en aan die einde was hulle mees ondoeltreffend. Die Opposisie wet dat hul planne misluk het en nu vertel hulle dat hulle nie voortsien na hierdie verkiesing nie, maar wel na die volgende. "Laad ons al ons kartele bymekaar bring en laat ons die soldate te kontroleer."



GENL. SMUTS

niks anders as veragting en smaad vir die soldate nie. Miskien sal die Opposisie die wapens van die soldate aan die Oosewandbrandweg gee.

Die oorlogspoging sal tot 'n einde kom en 80,000 man, wat in ammunisiefabrieks werk, ontslaan word. Die skape wat Unie-hawens nou aandoen, sal wegby.

Indien iets verkeerd loop met die verkiesing en die verwagtinge van die Opposisie verwesenlik word, sal ons in 'n oogknip die grootste krisis, die grootste werkloosheid hê wat Suid-Afrika ooit ondervind het.

Wat sal die Geallieerdes doen? Ons sal waarskynlik ons hawens verloor. Ons bondgenote sal hulle waarskynlik oorneem en dan ons vryande word. Dink aan wat met Noordland sal gebeur, aan die botsings wat sal plaasvind. Die Opposisie moet werklik dink dat ons mense mil is en van hul sinne herof om hulle te vra om vir hulle (die Opposisie) te stem sodat hulle aan bewind kan kom.

Ons sal onder sulke toestande nie op die vredeskonferensie toegelaat word nie."

REPUBLIEK TOE VERGEET

Die Opposisie verklaar dat hulle 'n Republiek wil hê, maar toe hulle aan bewind was, het hulle gerieflikheidshalwe alles oor 'n Republiek vergeet en dr. Malan het verklaar dat Groot Brittanje die moeder van ons vryheid is. Die weg wat die Nasionaliste na 'n Republiek volg, is niks anders as die weg na ruinisie en verdeeldheid nie.

Ek sluit nie die moontlikheid uit nie dat ons miskien eendag 'n Republiek in Suid-Afrika sal word nie. Niemand lê struikelblokke in die weg van die ontwikkeling van 'n volk nie. Maar as ons 'n Republiek buite die Britse Gemeenbes het, moet dit die Verenigde besluit van die volk wees. Engelsman en Afrikaner sal as 'n verenigde volk moet optree as hulle 'n Republiek wil hê. Spraker het altyd aangeneem dat dit genl. Hertzog se beskouing was. Hy het gewaarborg dat die Opposisie nie 'n Republiek op hul manier sou verkry nie.

Die Opposisie het altyd die Kommunistiese spook voorgeloen, maar hierdie spook is deur Stalin verdryf. Wie so hêle beleid daarop bereken was om "Internasionale Kommunisme" in Rusland self uit te was.

Suid-Afrika moet in die eerste plek die oorlog wen en tweedens die vrede. Dit help nie om aan nuwe toestande in Suid-Afrika te

se die volgelinge het dit nie ernstig opgeneem nie.

Ons het Suid-Afrika skoongemaak, maar voor die oorwinning daar is, sal ons nog baie opofferings moet doen. As ons 'n beter wêreld in die toekoms begeer, moet ons al ons kragte inwerp om die oorlog te wen.

Vredespraatjies op die huidige oomblik mag 'n vorm van defaitisme word. Ons loop gevaar met die vredesgedagtes. Ek wil die mense van Suid-Afrika daarteen waarsku. Ek wil hê dat ons mense daardie hoë gees van toewyding wat hulle sedert die begin van die oorlog aan die dag geleë het, moet handhaaf. Ek is tot dusver baie trots op Suid-Afrika. Geen volk het 'n hoër gees van selfopoffering in hierdie wêreldnood aan die dag geleë nie, het genl. Smuts verklaar.

SAL SORG VIR SOLDATE.

In sy toekomsbeleid moet Suid-Afrika eerstens billike en redelike voorsiening vir sy soldate maak. Suid-Afrika se ongevallie aan gesneuweldes, gewondes en krygsgevangenes beloop 22,000 en onder die Vrygeweste is die Unie seigs deur Australië oortref. Die klein Suid-Afrikaanse gemeenskap het sy plig gedoen en die jongmense wat hul loopbane verloor het vir aktiewe diens, kan nie vergeet word nie.

Stappe word reeds gedoen om hulle te help en elke middel sal aangewend word om toe te sien dat diegene wat aangesluit het, die beste kans gegee word wanneer hulle opnuut die lewep 'n redelik manier begin. Die Regering maak reeds planne om die oorlogswywerhede in vredetystydse wywerhede te omakep en spr. buldig die sienwyse dat die land sy vordering op industriële gebied tydens die oorlog, na die stryd sal kan bestendig. As dieselfde toewyding aan hierdie vraagstuk bestee word, sal 'n nuwe Suid-Afrika uit die oorlog gebore word.

Daar moet werk vir elke man, blank of nie-blank, wees. Die dag is nie meer ver wanneer die klein bevolking van Suid-Afrika voldoende sal wees om al die hulpbronne van die land te ontwikkel nie.

My ondervinding het my oortuig dat ons veral in hierdie afgelope drie jare 'n stadium bereik het wanneer ons ons deure sal moet oopgooi en aan elke Suid-Afrikaner, wat of swart, 'n redelike en goeie lewensstandaard sal moet besorg."

Daar sal moet gedoen word vir behuising, voeding en volgesondheid en aan die toestand van werkloosheid wat in die handelskrisis voorkom, moet die hoof gebied word met 'n stelsel van bestaansveiligheid. Dit kan verrig word as die volk dieselfde gedagte, dieselfde krag en dieselfde toewyding aan die vrede skenk as wat hulle aan die oorlog geskenk het.

KEURLINGE.

Suid-Afrika se grootste moontlikheid is die kleurling. Onvolgende aandag is in die verlede aan die vraagstukke van die Natuurelle bestee, maar die nodige aandag sal hieraan gegee moet word en alkeen sal die vragte daarvan pluk. Die toestand van die Kleurlingbevolking is ook nie wat dit moet wees nie. Hulle kan 'n groot hydrae lewer en dit is met daardie gedagte dat die Regering besluit het om 'n Adviseerende Raad vir Kleurlingke daar te stel, sodat hul vraagstukke met die Regering bespreek en stappe gedoen kan word vir hul maatskaplike en ekonomiese opheffing.

Spr. wil om die Kleurlingbevolking sagtegeer of 'n enkele reg van hulle uitnem om. Die Kleurlingbevolking moet hul eie oed

GENL. SMUTS BENADRIK ERNS VAN ALGEMENE VERKIESING

WAARSKUWING TEEN VREDESPRAATJES

Kaapstad, Dinsdag

“Die taak wat ons in Afrika onderneem het, is afgehandel. Dit was ’n groot hoofstuk in ons geskiedenis en dit sal bekend staan as een van die skitterendste van almal,” het genl. Smuts vanaand hier op ’n groot byeenkoms van Verenigde Party-ondersteuners in die skiereiland verklaar toe hy die woord gevoer het in die Stadsaal.

Die Eerste Minister het die land gewaarsku teen voorbarige gedagtes aan vrede. Dit kan ’n vorm van defeatisme wees. Die Unie het tot dusver 20,000 ongevalle gely aan gesneuweldes, gewondes en krygsgevangenes. Sover dit die Vrygeweste betref, het slegs Australië swaarder verliese as die Unie gely. “Ek wil hê ons volk moet daardie hoë gees van toewyding, wat hulle sedert die aanvang van die oorlog openbaar het, handhaaf.”

In verband met die algemene verkiesing het genl. Smuts gesê dat as daar per ongeluk iets verkeerd loop en die Opposisie—die mees onpatriotiese wat hy kan onthou—aan bewind gestel word, sal die oorlogsinspanning stopgesit word en in ’n oogknip sal die land te doen hê met die grootste werkloosheidsvraagstuk.

Die Eerste Minister het verklaar dat hy en die lede van die Kabinet baie oorweging geskenk het aan die vraag of ’n algemene verkiesing in oorlogstyd gehou moet word al dan nie. Hulle het egter gevoel dat tensy daar ernstige redes bestaan het om af te wyk van ons Grondwet, die bepalinge daarvan uitgevoer behoort te word.

Daar was slegs twee moontlike redes waarom ons nie nou ’n algemene verkiesing sou hou nie. Die een sou wees as die toestand aan die front ’n ernstige wending tot ons nadeel geneem het. Die ander rede sou wees as die binnelandse toestand so sou wees dat dit ’n algemene verkiesing moes uitkakel. Nie een van daardie twee redes bestaan vandag in die Unie nie.

PAL BLY STAAN

“Ons is natuurlik gedagtig aan die gevare wat ons ontsnap het. Sedert 1939 het die toestand onherkenbaar verander en ek is baie dankbaar daarvoor. Ek dink dat die Regering minstens krediet toekom vir die wyse waarop hy die storm trotseer het.

“Ons het ’n verbetering in die binnelandse toestand te weeg gebring, gedeeltelik deur beslis op te tree en gedeeltelik deur verdraagsaam te wees. Ons het niemand geskiet nie en ons het geen martelare gemaak nie,” het genl. Smuts gesê.

“Die huidige toestand is bevredigend. Ek het baie algemene verkiesings deurgemaak, maar ek kan nie een onthou toe die toestand in die land meer bevredigend was as vandag nie. Dit is meer bevredigend as wat dit in jare was. Daar is vandag geen toestand in die land wat ons kan belet om die wet uit te voer nie.”

Sedert die uitbreek van die oorlog het die Opposisie die Regering uitgedaag om ’n algemene verkiesing te hou, maar noudat die Regering dit doen, is die Opposisie verskriklik kwaad. Nadat hulle ons gespot, ons uitgetart en uitgedaag het, nou sê hulle: “Nee, julle is te haastig. Julle moes dit nie gedoen het nie.” Baie van wat die Opposisie verwag het,

het verkeerd geloop. Hul planne het in duie gestort sodat die toestand waarin hulle ’n algemene verkiesing moet beveg, heeltemal anders is as die wat hulle verwag het.

Die Opposisie het ’n Duitse oorwinning verwag en het gehoop om ’n Republiek van Hitler te ontvang. Stadig maar seker het ’n verandering gekom en vandag is die hoop van die Opposisie verydel. Daar is geen Hitler oorwinning in sig nie. Alles wat hulle van daardie oorwinning verwag het, is tot niet en waar is al die jong Fuehrers en jong leiers wat gehoop het om ons in Suid-Afrika na ’n nuwe orde te lei? Dit was hul eerste verkeerde berekening en hul tweede fout, waarop hulle te veel gebou het, was ’n “verenigde Afrikanerdom”. Hulle het gedink dat wat ons gedoen het, die stap wat ons gedoen het om tot die oorlog toe te tree, alle Afrikaner-elemente in een groot rasseblok sou dryf, en dat daardie rasseblok ons eenvoudig sou vernietig. Waar is daardie “verenigde Afrikanerdom”? Ek soek nog daarna en dr. Malan soek nog harder as ek! Die Opposisie het die verkeerde keuse gedoen en het al dieper en dieper in die moeilikheid geraak.

Hul verdeeldheid het vermenigvuldig en vandag staan ek onverskillig teenoor hierdie verdeeldheid. Of hulle bymekaar kom of nie, ons gaan hulle so ’n pak gee soos hulle nog nooit gehad het nie.

Die Opposisie is die mees onpatriotiese opposisie wat hy nog ooit in Suid-Afrika geken het. Hulle het alles in hul vermoë in hierdie jare gedoen om ons oorlogsinspanning te saboteer. Wat ookal gedoen kon word om dit vir ons moeilik te maak om ons plig uit te voer, is gedoen. Hulle was uiters onvaderlandliedwend en aan die einde was hulle mees ondoeltreffend. Die Opposisie weet dat hul planne misluk het en nou vertel hulle dat hulle nie vooruitsien na hierdie verkiesing nie, maar wel na die volgende. “Laat ons al ons magte bymekaar bring. Moenie laat ons verslap nie. Moenie laat ons optree of oorwinning sonder enige inspanning seker is nie. Ons kan en ons gaan wen, maar ek wil hê dat ons oorwinning hierdie keer op sodanige skaal sal wees dat hulle nie sal bly droom van oorwinning in die verkiesing daarna nie. Doen alles in jul vermoë. Laat ons hierdie stryd aan die politieke tuisfront voer soos die manne dit in Noord-Afrika, Abessinië, by El Alamein en oral gevoer het. Ons doen dit nie bloot as ’n Party nie, maar omdat ons weet dat ons die pleganker van hierdie land is. Ons weet dat die lotsbestemming van Suid-Afrika by ons berus en indien dinge verkeerd loop, sal dit te wyte wees aan ons verslapping en omdat ons nie al ons kragte ingespan het nie. Ons behoort derhalwe te verseker dat ons oorwinning hierdie keer oorweldigend gaan wees.

ONAFHANKLIKES

“Pas op vir onafhanklikes. Ek weet dat daar talle manne is wat graag op die golf na oorwinning wil ry. Hulle sê dat hulle die oorlogspoging honderd persent steun. Inderdaad beveg hulle my manne en hou my manne daaruit. Sommige van hulle mag goeie manne wees, maar sommige mag skeurders wees.

“Ek vra julle dus om in hierdie stryd die geleedere te sluit. As ’n persoon amptelik genomineer is, kies hom, al hou julle nie van die kleur van sy hare nie. Dis ons plig. Dit was nooit duideliker nie. Die Opposisie begeer nog steeds ’n oorwinning deur die vyand. En dr. Malan het duidelik gesê dat hy honderdmaal liever ’n Duitse oorwinning as ’n Britse oorwinning sou sien omdat ’n Britse oorwinning dan ’n Russiese oorwinning sou beteken. Die Opposisie verklaar dat as hulle die verkiesing wen, hulle die oorlogspoging sal stop-

sit, al Suid-Afrika se troepe van die front terugbring en probeer om met die vyand in verbinding te tree en met hom oor vrede te onderhandel.

Indien hulle in hul beleid slaag, sal die volgende ding wat dr. Malan en sy volgelinge sou doen, wees om na die vredeskonferensie te gaan teneinde Suid-Afrika te verteenwoordig. Laat die volk daaraan dink. Suid-Afrika sal op die vredeskonferensie verteenwoordig wees, maar dr. Malan en sy volgelinge sal nie daar wees nie.

Indien die Opposisie die verkiesing wen, sal daar in Suid-Afrika 'n groot leër wees, wat hulle nie wil hê nie. Die Opposisie sal maar te bly wees om die soldate huis-toe te stuur want hulle het niks anders as veragting en smaad vir die soldate nie. Miskien sal die Opposisie die wapens van die soldate aan die Ossewabrandwag gee.

Die oorlogspoging sal tot 'n einde kom en 60,000 man, wat in ammunisiefabriek werk, ontslaan word. Die skepe wat Unie-hawens nou aandoen, sal wegbly.

“Indien iets verkeerd loop met die verkiesing en die veragting van die Opposisie verwesenlik word, sal ons in 'n oogknip die grootste krisis, die grootste werkloosheid hê wat Suid-Afrika ooit ondervind het.

“Wat sou die Geallieerdes doen? Ons sal waarskynlik ons hawens verloor. Ons bondgenote sal hulle waarskynlik oorneem en dan ons vyande word. Dink aan wat met hierdie land sal gebeur, aan die botsings wat sal plaasvind. Die Opposisie moet werklik dink dat ons mense mal is en van hul sinne beroof om hulle te vra om vir hulle (die Opposisie) te stem sodat hulle aan bewind kan kom.

“Ons sal onder sulke toestande nie op die vredeskonferensie toegelaat word nie.”

REPUBLIEK TOE VERGEET

Die Opposisie verklaar dat hulle 'n Republiek wil hê, maar toe hulle aan bewind was, het hulle gerieflikheidshalwe alles oor 'n Republiek vergeet en dr. Malan het verklaar dat Groot Brittanje die moeder van ons vryheid is. Die weg wat die Nasionaliste na 'n Republiek volg, is niks anders as die weg na ruïnasie en verdeeldheid nie.

“Ek sluit nie die moontlikheid uit nie dat ons miskien eendag 'n Republiek in Suid-Afrika sal word nie. Niemand lê struikelblokke in die weg van die ontwikkeling van 'n volk nie. Maar as ons 'n Republiek buite die Britse Gemenebes het, moet dit die Verenigde besluit van die volk wees.” Engelsman en Afrikaner sal as 'n verenigde volk moet optree as hulle 'n Republiek wil hê. Spreker het altyd aangeneem dat dit genl. Hertzog se beskouing was. Hy het gewaarborg dat die Opposisie nie 'n Republiek op hul manier sou verkry nie.

Die Opposisie het altyd die Kommunistiese spook voorgedhou, maar hierdie spook is deur Stalin verdryf, wie se hele beleid daarop bereken was om “Internasionale Kommunisme” in Rusland self uit te wis.

Suid-Afrika moet in die eerste plek die oorlog wen en tweedens die vrede. Dit help nie om aan nuwe toestande in Suid-Afrika te dink nie tensy daar vrede in die wêreld is—'n vrede wat Suid-Afrika teen aggressie sal beskerm.

Die groot fout wat na die vorige oorlog begaan is, was Amerika se onttrekking aan die Volkebond en om die pad van isolasie te volg. Amerika het sy les geleer en gesien dat daar op die pad van isolasie, geen veiligheid is nie. Ons het

almal ons les geleer—die volgende keer sal ons almal daarin wees.

Spr. sien vooruit na 'n organisasie, hoofsaaklik gebaseer op die Verenigde Volke, wat beheer sal neem oor die vernietigende magte en die mensdom sal beskerm teen 'n herhaling van die huidige rampe.

BEHEER DIE WAPENS

Laat daar geen vrede van wraakneming wees nie. Laat mense die reg hê om te leef, hul reg om handel te dryf, hul reg op die ekonomiese hulpbronne wat nodig is vir hul volksbestaan, of hulle nou al 'n ou Geallieerde land of 'n ou vyandlike land is.

Maar beheer die middele van vernietiging en sorg dat daar ontwapening van ons ou vyande is en beheer die wapens in die toekoms sodat dit onmoontlik sal wees om 'n herhaling te hê van die ramp wat ons nou beleef.

Tensy dit gedoen word, is daar min hoop vir ons menslike ras. Hierdie wêreld van ons sal 'n wêreld vir struikroery word, vir die wet van die oerwoud en daar sal nie meer menslike vooruitgang wees nie.

Hierdie beskouing word al meer aanvaar. Ons het mense gehad wat sê dat hierdie dinge nie gedoen kan word nie. Maar ons het ons les geleer en net soos ons polisie in die land aanhou, net soos ons wet en orde in 'n gemeenskap handhaaf, net so sal dit in die wêreldgemeenskap van die toekoms wees.

Spr. is daarvan oortuig dat Rusland nie sal inmeng met die binnelandse aangeleenthede van ander lande nie. Die argument dat die Kommunisme in Suid-Afrika aangekweek sal word omdat Suid-Afrika 'n bondgenoot van Rusland is, is ongegrond. Die Russe in Suid-Afrika het hulself heeltemal afsydig gehou van die Suid-Afrikaanse politiek. Die Kommunisme is 'n ondergeskikte beweging in hierdie land. Dit ontvang geen steun van Rusland nie en as die noodsaaklikheid daarvoor bestaan, sal die regering op gepaste wyse teen die beweging optree.

Selfs mnr. Pirow het verklaar dat die Kommunisme in Suid-Afrika nie 'n ernstige saak is nie. Nadat hul pogings in ander rigtings misluk het, keer die Opposisie na 'n nuwe maatskaplike en ekonomiese beleid. Dit was die ene lapwerk en selfs dr. Malan se eie volgelinge het dit nie ernstig opgeneem nie.

Ons het Suid-Afrika skoongemaak, maar voor die oorwinning daar is, sal ons nog baie opofferings moet doen. As ons 'n beter wêreld in die toekoms begeer, moet ons al ons kragte inwerp om die oorlog te wen.

Vredespraatjies op die huidige oomblik mag 'n vorm van defaitisme word. Ons loop gevaar met die vredesgedagtes. Ek wil die mense van Suid-Afrika daarteen waarsku. Ek wil hê dat ons mense daardie hoë gees van toewyding wat hulle sedert die begin van die oorlog aan die dag gelê het, moet handhaaf. Ek is tot dusver baie trots op Suid-Afrika. Geen volk het 'n hoër gees van selfopoffering in hierdie wêreldnood aan die dag gelê nie, het genl. Smuts verklaar.

SAL SORG VIR SOLDATE

In sy toekomsbeleid moet Suid-Afrika eerstens billike en redelike voorsiening vir sy soldate maak. Suid-Afrika se ongevallen aan gesneuweldes, gewondes en krygsgevangenes beloop 22,000 en onder die Vrygeweste is die Unie slegs deur Australië oortref. Die klein Suid-Afrikaanse gemeenskap het sy plig gedoen en die jongmanne wat hul loopbane verruil het vir aktiewe diens, kan nie vergeet word nie.

Stappe word reeds gedoen om hulle te help en elke middel sal aangewend word om toe te sien dat diegene wat aangesluit het, die beste kanse gegee word wanneer hulle op-

nuut die lewe op 'n redelike manier begin. Die Regering maak reeds planne om die oorlogsnwywerhede in vredestrydse nywerhede te omskep en spr. huldig die sienswyse dat die land sy vordering op industriële gebied tydens die oorlog, na die stryd sal kan bestendig. As dieselfde toewyding aan hierdie vraagstuk bestee word, sal 'n nuwe Suid-Afrika uit die oorlog gebore word.

Daar moet werk vir elke man, blank of nie-blank, wees. Die dag is nie meer ver wanneer die klein bevolking van Suid-Afrika voldoende sal wees om al die hulpbronne van die land te ontwikkel nie.

“My ondervinding het my oortuig dat ons veral in hierdie afgelope drie jare 'n stadium bereik het wanneer ons ons deure sal moet oopgooi en aan elke Suid-Afrikaner, wit of swart, 'n redelike en goeie lewensstandaard sal moet besorg.”

Baie sal moet gedoen word vir behuising, voeding en volksgesondheid en aan die toestande van werkloosheid wat in die handelsiklus voorkom, moet die hoof gebied word met 'n stelsel van bestaansveiligheid. Dit kan verrig word as die volk dieselfde gedagte, dieselfde krag en dieselfde toewyding aan die vrede skenk as wat hulle aan die oorlog geskenk het.

KLEURLINGE

Suid-Afrika se grootste moeilikheid is die kleurlyn. Onvoldoende aandag is in die verlede aan die vraagstukke van die Naturelle bestee, maar die nodige aandag sal hieraan gegee moet word en elkeen sal die vrugte daarvan pluk. Die toestand van die Kleurling-bevolking is ook nie wat dit moet wees nie. Hulle kan 'n groot bydrae lewer en dit is met daar-

die gedagte dat die Regering besluit het om 'n Adviserende Raad vir Kleurlinge daar te stel, sodat hul vraagstukke met die Regering bespreek en stappe gedoen kan word vir hul maatskaplike en ekonomiese opheffing.

Spr. wil nie die Kleurlingbevolking segregeer of 'n enkele reg van hulle ontnem nie. Die Kleurlingbevolking moet hul eie gedagtes vorm en spr. vertrou dat dit moontlik sal wees om hierdie Raad 'n ware krag vir die welsyn van die Kleurlingbevolking te maak.

Nog 'n aspek wat die Regering voortdurend in gedagte hou, is die Heel-Afrikaanse idee. Suid-Afrika wil 'n nouer verwantskap en beter samewerking met die buurstade na die Noorde bewerkstellig want die toekomstige voorspoed en ontwikkeling van Suid-Afrika is daarmee gemoeid. Spr. het sy bes gedoen om 'n beter gees oor die hele suidelike Afrika te skep en daar is tans 'n beter gevoel en meer samewerking as ooit tevore. Hy sien uit na die dag wanneer daar gereeld adviserende vergaderings gehou sal word om die gemeenskaplike belange en beleidsaangeleenthede van Suidelike Afrika te bespreek sonder dat enige staat sy huidige politieke regte ontsê sal word.

In die verlede het die lugspieëling van afskeiding al die Unie se bure afgeskrik en die Unie moes daaronder ly. Daar het tans 'n uitstekende kans gekom—die kans van uitbreiding op 'n kolossale grondslag, 'n kans wat net eenkeer in geslagte voorkom.

“Daardie kans lê voor Suid-Afrika. Moenie dit hierdie keer laat verbygaan nie,” het genl. Smuts ten besluite verklaar.

(Berig deur L.M. Wiid, “New Zealand House”, Burgstraat, Kaapstad.)

Pictorial Process Engraving Co. (Pty.)
 (INCORPORATED)
 101 VICTORIA TERRACE, JOHANNESBURG

Die Trans

SESDE JAARGANG, No. 217

uitgegee en versprei deur die Volksdrukkery, Bpk.
 Hoekstraat 18-24, Johannesburg

DINSDAG 16 JUNIE 1943

S.A. KAN HOM NOG SELF RED, MAAR

Dan Moet Dit Nou Geskied,
 Sê Dr. Malan

SAMEVATTING VAN H.N.P. SE BELEID

(Van Ons Verantwoordiger)

DR. MALAN, Hooftleier van die **Herenigde Nasionale Party**, het onderstaande verklaring vir publikasie aan Die Burger oorhandig:

Die **offisiële nominasie** is verby. In elke be-
 strade **kamferdaling** weet die **kleinere** nou **groter** wat
 die **kauses** is **waarvoor** hulle op 7 Julie sal **staan**.
 Op hierdie **stadium** is daar **hele** **minder** **goed** **inge-**
ligtes wat **graag** 'n **korre** **samenvatting** wil hê van
 die **Herenigde Nasionale Party** se **politieke** **beleid**.
 Aan hierdie **begerte** voldoen ek **nou** op die **vol-**
gende **wyse**:

(1) Die **H.N.P.** is die **offisiële** **Opposisie** en
 gevolglik die **alternatiewe** **regering**. Sy **beleid** is
 daarom **nasionaal**, **omvattend** en **verantwoordelik**.
 Stemme op **partytjies**, wat **wel** **teen** die **Regering**
 is, **maar** **geen** **hoop** **het** om ooit aan die **bevind** te
 kom **nie**, is **stemme** wat **weggegooi** word. **Nee**,
erger, **dis** **stemme** wat in baie gevalle **net** die **teen-**
oorgestelde **sal** **bereik** as wat dit **oënskynlik** **voor**
bedoel is.

Die **totale** **getal** **stemme** wat
 teen **veldmaarskalk** **Smuts** en
 alles **waarvoor** hy **staan**, **uitge-**
bring is, **sal** **gou** **vergeet** **wees**.
 Die **wereld** **sal** sy **setels** **tel** en
 onthou. En die **nasionaalgesinde**
Afrikanerdom **sal** **vir** daardie
weggegoede of **misbruikte** **stem-**
me **miskien** **vir** **altyd**—moet
poel.

(2) Ons **staan** **suiwer** en **vier-**
kant **vir** **Suid-Afrika** en dit **be-**
heers al ons **stewe** en ons **hele**
beleid. Ons **wil** 'n **een-**
gesinde, **NIE-BLANKES**

'n **baie** **verskerpte** **form** — 'n
tiendubbele **ramp**.

Dis ook **geen** **gegriefdheid** of
vyandskap **teen** **Engeland** **nie**.
 Dis 'n **saak** van **gesonde**, **prak-**
tiese **beleid** in **Suid-Afrika** se
 eie **belang**. Alleen so **sal** ons
ware en **blywende** **volkseenheid**
 verkry **omdat** **buitelandse** **be-**
lange **ons** **dan** **nie** **meer** **keer** **op**
keer **soos** **tot** **hiertoe** **sal** **ver-**
skeur en **verdeel** **hou** **nie**.

Kerk Se Waardering

OP 'n **versadering** van die **ker-**
kerkring van die **N.A.A.** of **N.**
Kerk aan die **Rand** **was** **gely-**
ogend **in** **Johannesburg** **gely-**
is **die** **volgende** **bespreking** **ge-**
hê **ter** **versadering** **van** **die** **N.A.A.**
kerk **aan** **die** **Rand** **op** **die** **14**
de **maand** **het** **die** **kerk** **se** **be-**
leids **beleg** **vir** **die** **toekomst** **van**
die **kerk** **aan** **die** **Rand** **in** **die**
toekomst **van** **die** **kerk** **aan** **die**
Rand **in** **die** **toekomst** **van** **die**
kerk **aan** **die** **Rand** **in** **die** **toe-**
komst **van** **die** **kerk** **aan** **die** **Rand**

burgers **hul** **verpleging** **het**
teenoor **die** **staat**, **om** **dat** **die**
staat **ook** **die** **verpleging** **het**
om **vir** **elke** **burger** **aan** **sy**
dige **en** **versekerde** **lewens**
stande **te** **skep**.

MEENSLIKE WAARDES

Dit **betek** **al** **die** **besta-**
nde **maatskappij** **van** **die** **volg-**
heid, **insluitende** **die** **besta-**
nde, **gesondheids**, **werk-**
skap, **lone** **en** **hulp** **aan** **die**
dividue **en** **gesond** **was** **in**
staat **is** **om** **hulpsel** **te** **gee**.

Die **tweede** **is** **die** **in-**
die **staat** **van** **menslike** **waardes**
kan **bloot** **finansiële** **belange**. **Die**
Skat **is** **daar** **vir** **die** **volk** **en** **nie**
die **volk** **vir** **die** **Skat** **nie**.

Die **derde** **is** **die** **ver-**
meerdering **van** **die** **volk** **se** **totale**
inkomste **deur** **die** **plaatse** **ontwikkeling**
van **al** **ons** **hulpbronne**, **maar** **ge-**
veerd **daar-**
mee **ook** **die** **regverdigde** **distrie-**
te **daarvan** **en** **die** **verwydering** **van**
alle **parasitiese** **bedrywighede**. **Dit**
ver-
onderstel **'n** **sentrale** **ekonomiese**
raad, **wat** **protekte**, **pryse** **en** **lone**
sal **teel** **op** **so** **dat** **alle** **eko-**
nomiese **aksies** **behoorlik** **kan** **le-**
en **te** **te** **te** **te** **te** **te** **te** **te** **te**
te **te** **te** **te** **te** **te** **te** **te** **te** **te**

IN NYWERHEDE

Monopolies, **skutbedrywe**, **die**
goud **en** **die** **bank** **moet** **ander**
be-
heer **kom** **in** **die** **staat** **wat** **ver-**
teen-
woordig **moet** **kry** **in** **die** **direk-**
ties **met** **die** **doel** **om** **te** **ver-**
seker **dat** **die** **belange** **van** **die** **pub-**
liek **be-**
skerm **sal** **word** **en** **dat** **die** **arbe-**
ders **op** **billike** **wyse** **sal** **deel** **in** **die**
wel-
vaart **van** **die** **land** **self** **help** **skep**.

S.A. KAN HOM NOG SELF RED, MAAR . . .

Dan Moet Dit Nou Geskied, Sê Dr. Malan

SAMEVATTING VAN H.N.P. SE BELEID

KAAPSTAD, Maandag.

Dr. Malan, Hoofleier van die Herenigde Nasionale Party, het onderstaande verklaring vir publikasie aan Die Burger oorhandig:

Die offisiële nominasie is verby. In elke bestrede kiesafdeling weet die kiesers nou presies wat die keuse is waarvoor hulle op 7 Julie sal staan. Op hierdie stadium is daar baie minder goed ingeligtes wat graag 'n korte samevatting wil hê van die Herenigde Nasionale Party se positiewe beleid. Aan hierdie begeerte voldoen ek nou op die volgende wyse:

(1) Die H.N.P. is die offisiële Opposisie en gevolglik die alternatiewe regering. Sy beleid is daarom nasionaal, omvattend en verantwoordelik. Stemme op partytjies, wat wel teen die Regering is, maar geen hoop het om ooit aan die bewind te kom nie, is stemme 'wat weggegooi' word. Nee, erger, dis stemme wat in baie gevalle net die teenoorgestelde sal bereik as wat dit oënskynlik voor bedoel is.

Die totale getal stemme wat teen veldmaarskalk Smuts en alles waarvoor hy staan, uitgebring is, sal gou vergeet wees. Die wêreld sal sy setels tel en onthou. En die nasionaalgesinde Afrikanerdom sal vir daardie weggegooide of misbruikte stemme miskien vir altyd—moet boet.

(2) Ons staan suiwer en vierkant vir Suid-Afrika en dit beheers al ons strewe en ons hele beleid. Ons wil 'n eensgesinde, gelukkige en welvarende volk in ons eie vaderland hê . . .

Die ou verslete beskuldiging, dat ons slegs vir een ras staan en alle ander uitsluit, is vals. Dis die propaganda van daardie kapitalistiese kliek en hul pers wat Suid-Afrika regeer en wat uit onderlinge wantroue en verdeeldheid vir hulself voordeel wil behaal. Ons waarborg aan die Afrikaans- en Engelssprekende seksie van ons bevolking albei dieselfde beskerming vir hul politieke taal- en kulturele regte.

(3) Ons beskou dat Suid-Afrika sy eie gemeenskaplike en onafhanklike nasieskap alleen in 'n republiek ten volle kan uitlewe. Dit is aan ons kant geen blote sentimentele eis nie.

MOET NOU GESKIED

As gevolg van die Regering se nie-blankebewapeningsbeleid en van onbeteuelde kommunistiese opswepery, het hierdie vraagstuk reeds so 'n akute stadium bereik, dat die ernstigste gevolge ons voor die deur staan, tensy daar dadelik gehandel word. Onder die kapitalistiese Smuts-regering sal die nasleep van die oorlog bitter wees en onverbidlik. Uitstel van 'n verandering in die Regering totdat inflasie verhoogde lewenskoste, werkersmoelikhede en grootskaalse werkloosheid die pad van die kommuniste na 'n swart rewolusie nog tienmaal makliker sal maak het, is onvergeeflike roekeloosheid.

Suid-Afrika kan homself nog red. Maar dan moet dit nou geskied.

(4) Ons is anti-imperialisties, maar ook anti-kapitalisties en die groot kapitaliste wat tans ons land regeer, weet dit. As die oorlog self 'n ongeluk is,

dan is vir ons die voortsetting van die vooroorlogse toestande van armoede en gebrek—moontlik nog in 'n baie verskerpte vorm—'n tiendubbele ramp.

Dis ook geen gegriefdheid of vyandskap teen Engeland nie. Dis 'n saak van gesonde, praktiese beleid in Suid-Afrika se eie belang. Alleen so sal ons ware en blywende volkseenheid verkry omdat buitelandse belange ons dan nie meer keer op keer soos tot hiertoe sal verskeur en verdeeld hou nie.

NIE-BLANKES

So ook alleen sal ons daardie nodige samewerking verkry om ons grootste en ernstigste vraagstukke doeltreffend op te los soos onder andere die kleur- en Jodevraagstukke sowel as die grootskaalse armoede en agteruitgang van ons eie ryk land.

(5) Ons staan vir die handhawing van die posisie en die Christelike beskawing van die blanke ras gepaard met die regverdige, en billike behandeling van die nie-blanke rasse en die verskaffing van die nodige fasiliteite vir hul ontwikkeling op eie terrein. Dit kan alleen geskied langs die weg van rasse-suiwerheid en apartheid van woonbuurte en van die uitoefening van hul politieke en maatskaplike regte.

DOELTREFFENDE ANTWOORD

Uit opoffering en bloed en tranes moet daar 'n beter en gelukkiger wêreld verrys. Indien nie, dan staan die swarte wanhoop ons voor die deur.

Ons sosiaal-ekonomiese program is duidelik omlyn en aan die land bekend. Dit staan in skerp kontras tot die Smuts-regering se tentoongestelde beleidloosheid en holle verkiesingsbeloftes wat nog holler voorkom as dit gesien word teen die agtergrond van valse voorspieëlings en verbroke beloftes van die vorige oorlog.

Dit beliggaam ook die doeltreffendste antwoord wat gegee kan word aan die kommunistiese bedreiging wat deur 'n kapitalistiese regering, soos ons nou het, uiteindelik alleen gesmoor sal word in bloed. Ons roep 1922 tot getuie.

Ons sosiaal-ekonomiese beleid berus op vier grondpilare. Die eerste is die beskouing dat die volk 'n eenheid is waar die burgers hul verpligtings het teenoor die staat, maar waar die staat ook die verpligtings het om vir elke burger menswaardige en versekerde lewenstoestande te skep.

MENSLIKE WAARDES

Dit beteken al die bekende maatreëls van maatskaplike veiligheid, insluitende behoorlike behuising, gesondheidsdienste, werkverskaffing, lone en hulp aan die indiividue en gesinne wat nie in staat is om hulself te help nie.

Die tweede is die inagneming deur die staat van menslike waardes bokant bloot finansiële belange. Die Skatkis is daar vir die volk en nie die volk vir die Skatkis nie.

Die derde is die vermeerdering van die volk se totale inkomste deur die planmatige ontwikkeling van al ons hulpbronne, maar gepaard daarmee ook die regverdige distribusie daarvan en die verwydering van alle parasitiese bedrywighede. Dit veronderstel 'n sentrale ekonomiese raad, wat profyte, pryse en lone sal reël op sodanige wyse dat alle ekonomiese sektors behoorlik kan lewe en tegelyk beskerm sal wees teen uitbuiting van enige aard.

IN NYWERHEDE

Monopolies, sleutelbedrywe, die goudmyne en banke moet onder beheer kom van die staat wat verteenwoordiging moet kry in die direksies met die doel om te verseker dat die belange van die publiek beskerm sal word en dat die arbeiders op billike wyse sal deel in die welvaart wat hulle self help skep.

Die vierde grondpilaar is die versekering dat Suid-Afrika 'n witmansland kan bly, ook deur die neem van sulke ekonomiese maatreëls wat blanke werkverskaffing en blanke lone sal beskerm. In plaas van die teenswoordige dodende kompetisie in die arbeidsmark, waardeur die blanke met sy hoër lewenspeil uitgedruk word en na die agterbuurte moet afsak, moet werkverskaffing in alle industrieë volgens 'n billike kwota verdeel word tussen blankes, kleurlinge en naturrelle. Dit sal outomaties ook 'n beter beheer verseker oor die grootskaalse trek na die stede, die swarter word van ons stede, soos dit nou vinnig plaasvind, voorkom en grotendeels ook die ernstige plaasarbeidsvraagstuk oplos.

OORLOGSDEELNAME

(6) Ons staan vir die rehabilitasie van die boerebevolking as die ruggraat van ons land en die vaste anker van ons volksbestaan. Dit kan alleen geskied deur 'n doeltreffende verbandaflosskema en die versekering van lonende markpryse.

(7) Ons is gekant teen die dieper intrek van Suid-Afrika in die oorlog deur die deelname daaraan buite Afrika, veral waar die posisie van Rusland die grootste gevare meebring vir ons land met sy ontvlambare miljoene van nie-blankes. Dit sal ons nie baat om die hele wêreld te win en ons eie land en ons eie siel te verloor nie.

Ons staan daarom vir die terugbring van ons troepe tot binne die grense van Suid-Afrika en hulle gebruik vir die verdediging van ons eie land alleen in afwagting van 'n formele vredesluiting op aanneemlike terme. Ons staan ook vir die onmiddellike demobilisasie van die nie-blankes nou in aktiewe diens.

(8) Ons het onderneem om die pensioene- en ander voorregte wat die Parlement aan blanke soldate toegeken het, onverminderd te handhaaf. Ons het nog altyd die soldaat geëer, wat sy politieke beskouing ookal mag wees, wat sy lewe veil het vir sy oortuiging. Die bewering van die teenoorgestelde is 'n propagandistiese leuen. Ons het ons egter nog altyd gekant teen die bende van oorlogskreeuendes wat in veiligheid en gemak tuis sit, hope geld uit die oorlog maak en agter die bloed van ander skuil.

(Berig deur H. de V. Coetzee, Keeromstraat 30, Kaapstad.)




Die Vaderland

JAARGANG VII. No. 2964.

JOHANNESBURG, SATERDAG, 22 MEI 1943.

VIR EENHEID—TEEN IMPERIAL



**Japanners
Kry Dit
Uit Lug**

Totwyl Amerikaanse bomme.

KOLSKOTE op lewensbelangrike Japanse brug in Birma. Bostaande foto toon die vernietiging van 'n hele spanning van die Japanse Hjitnge-brug naby Mandalay. Die kolskote is deur vlieërs van die 10de Amerikaanse Leër-lugmag onder aanvoering van brig.-genl. Clayton L. Bissell behaal. Oor hierdie brug moet alle Japanse spoore en ander verkeer vanaf Midde- en Suid-Birma na hulle basis in Mandalay, Lashio en Mjitkina gaan. Ná hierdie aanval het die Japanners die brug twee keer probeer herstel, maar Amerikaanse vliegtuie het dit keer op keer buite gebruik gestel.

Afrikanerparty Se Manifes BOU OP BEPROEFDE HERTZOG-BASIS

Die volgende manifes is vanmore in Johannesburg uitgereik deur die gesamentlike Hoofbesture van die Afrikanerparty in die Vrystaat en Transvaal.

„Toe die oorlogsverklaring in September 1939 die imperialistiesgesinde en die nasionaalgesinde dele van die ou Verenigde Party uitmekaar laat vlieg het, was die nasionale deel, d.w.s. die Hertzog-groep, van mening dat eenwording tussen hulle en die ander nasionale element in die land, d.w.s. die Gesuiverde Nasionale Party, 'n vanselfsprekende ontwikkeling sal wees.



Mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty.

**Al 21 Ke
Van A.P.
Vir Volk**

Met die uitsondering van die Afrikanerparty alle Vrystaatse setels reeds in nege kiesafde kanerparty benoem, t nog voortgegaan word land is in die kiesafde kandidaat van die Afri

AFRIKANERPARTY SE MANIFES

BOU OP BEPROEFDE HERTZOG-BASIS

Die volgende manifest is vanmore in Johannesburg uitgereik deur die gesamentlike Hoofbesture van die Afrikanerparty in die Vrystaat en Transvaal.

“Toe die oorlogsverklaring in September 1939 die imperialistiesgesinde en die nasionaalgesinde dele van die ou Verenigde Party uimekaar laat vlieg het, was die nasionale deel, d.w.s. die Hertzog-groep, van mening dat eenwording tussen hulle en die ander nasionale element in die land, d.w.s. die Gesuiwerde Nasionale Party, ’n vanselfsprekende ontwikkeling sal wees.

Ontstaan van Party

“Twee hoofoorsake het daardie verwagting verýdel en die Afrikanerparty as afsonderlike nasionale party laat ontstaan. Die twee oorsake was:

1. Die gees van onversoenlikheid wat ’n invloedryke element in die Gesuiwerde Party aan die dag gelê het en wat gewortel het in ’n sieklike nalewing van vroeëre sleggesindheid sowel as in die gees van politieke jaloesie wat uitdrukking gevind het in openlike aanwakkering van agterdog en ondergrondse ondermyning van Hertzog-groeplede tot ’n mate wat uiteindelik gelei het tot die uitdruwing van genl. Hertzog self; en
2. Die gedraglyk van ’n party-leiding wat gedurig daarop uit was om die partyliggaam te “suiwer” in plaas van te versterk en volksgenote te verstrooi in plaas van te vergader—’n gedraglyk wat, soos die ou vader genl. Hertzog aan die einde profeties gewaarsku het, bestem was om die Afrikanerdom na die woestyn te dryf deur dat dit onophoudelik Afrikanerkragte vervreem en verdryf wat onmisbaar is vir die Afrikanersaak en -taak.

Doelstellings van Party

“In opstand dus teen die ondankbare vernedering waaraan genl. Hertzog onderwerp is ná sy nooit te vergelde dienste aan die volk, en in opstand teen die proses van vernietiging van die volk se stem, van sy krag en van sy politieke toekoms, het die Afrikanerparty ontstaan met die volgende hoof-oogmerke:

1. Om nasionalisme in Suid-Afrika te herstel as ’n lewenshouding in plaas van ’n kreet waarmee individue eie verheerliking soek na te streef, as ’n gesindheid teenoor die vaderland en as ’n uitgangspunt vir die behartiging van ons vaderland se belange in plaas van as ’n middel en die ambisies van politieke groepe en leiers te bevorder ten koste van ander nasionale groepe en leiers, en ten koste van die groot volksbelang.
2. Om vir nasionalisme goeie wil en vertroue te kweek, in plaas van haat en vrees;
3. Om punte van ooreenkoms tussen nasionaalgesinde Afrikaners te soek en te beklemtoon en nie aldurend verskille onder ’n vergrootglas te plaas, verdeling en verdeeldheid daarop te baseer en onderlinge vetes daaroor aan te wakker nie;
4. Om die grondgedagte van Suid-Afrikaanse nasionalisme en Afrikanerskap te herstel op die enigste praktiese en regverdige, die reeds beproefde basis neergelê deur die vader daarvan, genl. Hertzog, naamlik die geleentheid vir albei volksdele om deel daaraan te hê, gepaard met

die waarborg van veiligheid en gelyke kulturele en burgerregte vir albei; en

5. Om, met hierdie opvatting van nasionalisme en Afrikanerskap as grondslag, die nasionaalgesinde Afrikanerdom weer te verenig in een magtige politieke liggaam, verenig in ’n gesindheid van onderlinge vertroue en verbind deur geloof in die volk, wat by magte sal wees om die seggenskap van die Afrikaner in die landsbestuur en in die volksbestemming terug te vorder van die onnasionale en aan die vreemde gediensstige kombinasie wat dit op die oomblik in hande het.

Republikeinse Strewe

Such, however, was the case. The Herenigde Party stood apart. And for that reason the Afrikaner Party is about to make a second great appeal to the nation during the coming weeks.

2. Through the instrument of its vote, the Afrikaner Party will protest in the most impressive manner possible against party politics of a kind which set the interests of the party before the interests of the people.

Communism

The Afrikaner Party observes with great concern the growing influence of Communism in South Africa. This growth must be ascribed to the neutral and even encouraging attitude which the present Government adopts towards the evil. In a country such as South Africa, Communism is a dangerous phenomenon, and a policy, which, through temporary political expediency, allows it to take root, must be emphatically condemned.

Segregation

The Afrikaner Party objects very strongly to the half-hearted acceptance, and the half-hearted application of the principle of segregation, which it considers to be fundamental to the progress of the Union. A policy to which it binds itself is the protection of legislation to ensure segregation. This segregation is at present being subjected to attack from various quarters. The Afrikaner Party, on the other hand, pledges itself to carry out such legislation in the spirit and in the letter.

Economic Security

To-day there is in full swing a struggle between two combinations of power. The Afrikaner Party realises that the world as a whole is undergoing a revolution in regard to social and economic progress. During this revolutionary progress, and at its conclusion, all Governments and Parties will be compelled to adapt themselves to new economic requirements. Since nobody to-day is capable of foreseeing the character, conditions, and problems that lie ahead, it is futile for a political party which desires to be honest with the nation, to endeavour to offer an economic programme for the future. The Afrikaner Party does not intend to stoop to the usual cheap method of vote-catching by pretending that it is capable of drawing up such a programme. But it can be stated that the Afrikaner Party intends tackling matters as it finds them, and as they arise, with the following aims in view:—

1. To make the country as a whole economically independent.
2. Just as every citizen is guaranteed political freedom, so will he be ensured economic security.

In the execution of these objectives, the Afrikaner Party will, on assuming power, foster on scientific lines the industrialisation of South Africa, to which its leading members have contributed so much. Its programme of principles stipulates that the existence and welfare of the rural population should form the subject of special attention and devotion. The Afrikaner Party pledges itself to obtain reasonable price levels for farming products after the war. It goes further, and urges the improve-

ment under existing conditions of the situation with regard to farmers' debts. It advocates removal of existing legislation with regard to excess profits as a result of which farmers who convert capital assets through the sale of surplus cattle are hit very hard.

The Party has also observed that as part of the revolution now proceeding, there has developed a world-wide consciousness of man's need of economic security. As a result of the general demand that such requirements should be met, all Governments and all Parties will in future have to give this problem serious consideration. It is not a question confined to any particular party programme, but is simply a new stage that is approaching in the development of human society — a development which we in South Africa will also have to comply.

Our Party is, of course, still young. Although, in the short period of its existence — more particularly in the Free State and the Transvaal — it has succeeded in building up a party machine which already exceeds the greatest expectations, it has naturally not yet reached a stage where it has at its disposal an organisation and the means to nominate candidates in every constituency. The Chief Executive Committees have adopted a policy of carrying the party's banner only in those constituencies where the party machine is able to conduct an election, and where there is a reasonable chance of winning.

The Executive Committees of the Party herewith appeal to the Afrikaner nation on behalf of their candidates. They ask for help against the futile sacrifice of South Africa to foreign interests. They seek support in their efforts to resist the division of the people — a division which seeks to sacrifice our fatherland to the party idol in an hour of emergency.

The Executive Committees of the Afrikaner Party appeal to the people to vote for unity against imperialism. This is the original clarion call of nationalism in South Africa: Vote for South Africa First.

Signed on behalf of the Executive Committees of the Afrikaner Party in the Free State and the Transvaal.

N. C. HAVENGA.

1948

26 MEI/MAY

Deelnemende partye wat setels verower het	Setels verower Seats won	Participating parties which have won seats
1. Die Verenigde Party (VP) 2. Die Herenigde Nasionale Party (HNP) 3. Die Afrikanerparty (AP) 4. Die Suid-Afrikaanse Arbeidsparty	65 70 9 6	1. The United Party (UP) 2. The Re-United National Party (HNP) 3. The Afrikaner Party (AP) 4. The South African Labour Party (SALP)

Bronne van verkiesingsmanifeste

1. Beleid en Beginsels van Die Verenigde Party. Uitgereik namens die Verenigde Party deur O.A. Oosthuizen, Aigemene Sekretaris, Pretoriusstraat 183, Pretoria. Gedruk deur Wallachs' P. & P. Co., Bpk., Andriesstraat 160, Pretoria.
2. Die Volledige verslag van die Kommissie is op beperkte skaal versprei. 'n Kort samevatting van die verslag is in twee dele op groot skaal versprei.
 - (a) "Verslag van die Kleurvraagstukkommissie van die Herenigde Nasionale Party." Opgestel en uitgegee deur die HNP-Inligtingskomitee en gedruk deur die Nasionale Pers, Beperk, Keeromstraat 30, Kaapstad.
 - (b) Nasionale Party se Kleurbeleid. Handhawing van Blanke Ras As Hoogste Taak. Gekleurdes se welsyn in Aparte Ontwikkeling.
DEEL I (Opgestel en uitgegee deur die HNP-Inligtingskomitee en gedruk deur die Nasionale Pers, Bpk., Keeromstraat 30, Kaapstad.
 - (c) Nasionale Party en die Kleurling. Rassevrede Langs die Weg van Apartheid. Spesiale Opleidingskanse vir Kleurlinge. Sosiale Wrywing moet Uitgeskakel word.
DEEL II Opgestel en uitgegee deur die HNP-Inligtingskomitee en gedruk deur die Nasionale Pers, Bpk., Keeromstraat, 30 Kaapstad.
3. Geen amptelike manifest is uitgereik nie.
4. Arbeidsparty Manifest.
Parlementêre Verkiesing.
Woensdag, 26 Mei 1948.
(Uitgereik deur Colin Legum, Algemene Sekretaris, Suid-Afrikaanse Arbeidsparty, Kerkstraat 32, Johannesburg).

Sources of election manifestos

1. Statement of the United Party Policy. Issued on behalf of the United Party by O.A. Oosthuizen, General Secretary, 183 Pretorius Street, Pretoria. Printed by Wallachs' P. & P. Co. Ltd., 160 Andries Street, Pretoria.
2. The full text of the report of the Commission was distributed on a limited scale. A condensed summary of the report was distributed in two parts on a much larger scale.
 - (a) "Report of the Colour question commission of the Re-United National Party." Written and published by the H.N.P. Information Office, and printed by Nasionale Pers, Bpk., 30 Keerom Street, Cape Town, 1948.
 - (b) The National Party's Colour Policy. Separation on Christian Principles of Justice and Reasonableness. Part 1. (Written and published by the H.N.P. Information Office, and printed by Nasionale Pers, Bpk., 30 Keerom Street, Cape Town.
 - (c) No English text could be traced.
3. No official manifesto was issued.
4. Labour Party Manifesto.
Parliamentary Elections.
Wednesday, May 26, 1948.
(Issued by Colin Legum, General Secretary, S.A. Labour Party, 32 Kerk Street, Johannesburg).

BELEID EN BEGINSELS VAN DIE VERENIGDE PARTY

DIE VERENIGDE PARTY STAAN VIR:

- (1) Nasionale eenheid en hartlike samewerking tussen die twee vernaamste seksies van die blanke bevolking.
- (2) Handhawing van die blanke beskawing en van die lewenswyse wat bekend staan as die Westerse demokrasie, met onwrikbare teenstand teen Fascisme, Nazisme, Kommunisme en alle ander vorms van ondemokratiese regering.
- (3) Volle en hartlike samewerking in die Britse Gemenebes van Nasies en die handhawing van ons huidige konstitusionele posisie.
- (4) Die bevordering van internasionale goeie gesindheid en samewerking en die handhawing van wêreldvrede.
- (5) Beskerming van die fundamentele regte van die individu; veral die vryheid van spraak, van geloof en van die pers.
- (6) Erkenning van die belangrike rol wat individuele inisiatief en privaat onderneming moet speel in die ontwikkeling van die Unie.
- (7) 'n Beleid van bestaansveiligheid gegrond op volle werkverskaffing met spesiale aandag aan die minder-bevoorregtes.

Die Verenigde Party staan in sonderheid vir:

VERDEDIGING.

- (8) 'n Verdedigingsbeleid van voorbereidheid vir die beveiliging van die Unie en die verdediging van die nasionale regte en belange.
- (9) Besonder aandag aan die belange van die manne en vroue wat hulle by die gewapende magte van die Unie aangesluit en geveg het vir vryheid en die vernietiging van diktatorskap.
- (10) Die handhawing van die gesonde finansiële posisie wat die Unie op die oomblik geniet; die beskerming van sy internasionale krediet en prestige en die aantrekking van kapitaal van oorsee vir die vinniger en vollediger ontwikkeling van sy bronne.
- (11) 'n Regverdige stelsel van belasting gegrond op gesonde finansiële gebruike en die aanmoediging van 'n gesonde en vinnige uitbreiding van die Unie se ekonomie.
- (12) Die verskaffing van onderwysfasiliteite as 'n primêre reg van die volk, met spesiale aandag aan tegniese onderwys en beroepsvoorligting.
- (13) Beheerde en gekeurde immigrasie na die Unie, uit stamverwante lande, van immigrante wat kan help met die vinnige ontwikkeling van die Unie en geleenthede kan skep en nuwe werkkringe kan bied vir die opleiding van die Suid-Afrikaanse jeug.
- (14) Bewaring van die Unie se waterbronne op streeksgrondslag as die basis vir sy toekomstige landbou, myn- en nywerheidsontwikkeling.
- (15) Die ontwikkeling van nuwe mynondernemings en die verlenging so lank moontlik aan die lewe van die bestaande myne, veral deur die oplossing van die vraagstuk van die stygende bedryfskoste.
- (16) Die daarstelling en handhawing van 'n redelike lewenstandaard vir die land se loontrekkers, met behoorlike inagneming van die onderskeie beskawingspeile van die rasse in die Unie. Die vreedsame oplossing van nywerheidsgeskille en die erkenning van die werkers se organisasies.

- (17) 'n Progressiewe beleid om die gesondheid van die volk te beskerm en om die ongeskiktes by te staan.
- (18) 'n Vervoerstelsel wat op vinnige en doeltreffende wyse sal voldoen aan die toenemende eise van die groter Suid-Afrika.

NYWERHEDE

- (19) 'n Beleid van intensiewe nywerheidsontwikkeling wat bevorder sal word deur:
 - (a) die aanmoediging van privaat onderneming, aangevul deur staatsonderneming, waar dit noodsaaklik is;
 - (b) die beskerming van nywerhede, veral jong nywerhede, waar spesiale redes vir hulp bestaan;
 - (c) die aanmoediging van oorsese nywerars om die pogings van Suid-Afrikaners aan te vul;
 - (d) die verskaffing van afdoende navorsingsfasiliteite en van standaarde van gehalte van Suid-Afrikaanse nywerhede;
 - (e) die aanmoediging van die vrye beweging van goedere en betaalmiddels onder die lande van die wêreld.
 - (f) die ontwikkeling van buitelandse markte vir ons goedere in die algemeen en op die Afrikaanse Vasteland in die besonder;
 - (g) en die vinnige uitbreiding van die Unie se kus- en internasionale skeepvaart.

LANDBOU

- (20) 'n Landboubeleid wat sal lei tot groter produksie en redelike ekonomiese stabiliteit vir die boere. Hierdie beleid sal omhels:
 - (a) prysvasstelling, met inagneming van die regte van produsente, verbruikers en die handel;
 - (b) 'n intensiewe beleid van herwinning en bewaring van die Unie se natuurlike hulpbronne, insluitende sy water, sy grond en sy bosse;
 - (c) die uitbreiding van skemas i.s. elektriese krag om lig en krag aan plase en die klein dorpie te verskaf;
 - (d) verskaffing op toenemende skaal van landbou- en veeartsenykundige navorsing.

NATURELLE

- (21) Die uitbreiding van verdere regte en funksies aan die Verteenwoordigende Naturelleraad en ander Naturelleliggame, onderhewig aan die gesag van die Regering en die Parlement en om aan hulle geleidelik magte te gee om hul eie sake te bestuur.

ANDER ELEMENTE

- Betreffende die ander elemente van die bevolking, erken die Verenigde Party die tradisionele posisie van die Kaapse Kleurlingbevolking as 'n aanhangsel van die blankes en sover dit die Indiërs betref, herbevestig en staan die Verenigde Party, by die beginsels van die Indiërwet.
- (22) Die huisvesting van 'n stabiele Naturelle-arbeidsmag in afsonderlike dorpe in nywerheidsgebiede, waar die Regering 'n aandeel sal neem in die finansiële verantwoordelikheid vir die verskaffing van behoorlike behuising en gesondheidsdienste vir die Naturelle in sulke afsonderlike dorpe en die uitbreiding van geleenthede aan hierdie Naturelle om 'n toenemende aandeel te neem in hul eie stedelike bestuur;

- (23) 'n Breë nasionale behuisingsbeleid om te voorsien in die behoeftes van alle seksies van die bevolking en om uiteindelik 'n volk van huiseienaars te skep.
- (24) Voortdurende pogings om die stygende lewenskoste te bestry deur vermeerderde produksie, regverdige toepassing van prysbeheermaatreëls en samewerking tus-

sen die handel, die nywerheid en die landbou om 'n verlaging van die kostestruktuur te weeg te bring en in die algemeen deur die gevaar van inflasie te bestry.

Uitgereik namens die Verenigde Party deur O.A. Oosthuizen, Algemene Sekretaris, Pretoriusstraat 183, Pretoria. Gedruk deur Wallachs' P. & P. Co., Bpk., Andriesstraat 160, Pretoria.

V E R S L A G

VAN DIE

KLEURVRAAGSTUK-KOMMISSIE

VAN DIE

HERENIGDE NASIONALE PARTY.

A. INLEIDING.

Ons het, wat betref beleid teenoor die nie-blanke rasse, twee rigtinge in Suid-Afrika. Aan die eenkant is daar die beleid van apartheid en aan die anderkant het ons die beleid van gelykstelling.

Gelykstelling.

In die beleid van gelykstelling vind ons twee skole van gedagtes. Die een skool, kommunisties georiënteerd, ontken die fundamentele aard van die bestaande verskille tussen blank en nie-blank en stuur derhalwe doelbewus en openlik af op die daarstelling van een gemengde volk in Suid-Afrika waar kleur-apartheid en kleurskeidslyne, sonder meer en geheel-en-al, uitgewis is. Die ander skool van gedagte is nie juis ten gunste van bloedvermenging nie en bepleit ook nie openlik maatskaplike gelykstelling nie, maar weier om daadwerklike stappe te neem teen rassevermenging en bepleit gelyke regte en geleentheid vir alle ontwikkelde mense, afgesien van ras of kleur, binne dieselfde staatstruktuur. Namate die nie-blanke rasse die bewys lewer dat hulle bevoeg is om van die demokratiese regte gebruik te maak, wil hulle geleidelik die stemreg aan hulle toeken. Hulle is ten gunste van die uiteindelijke verwydering van alle kleurslagbome uit ons volkslewe. Benader met nugtere realisme is dit glashelder dat albei hierdie skole van gedagtes op uiteindelijke gelykstelling afstuur. Daar is slegs verskil oor die manier en tyd waarop dit verwesenlik sal word.

Die beleid van gelykstelling of enige wisselvorm daarvan moet noodwendig lei tot die ondermyning en uiteindelijke vernietiging van die blanke ras as 'n selfstandige en regerende volk. Dit is die logiese konsekwensie van die getalsoorwig en snelle ontwikkeling van die nie-blanke rasse. Enige ander bespiegeling oor die saak is wensdenkery en 'n hersenskim.

Apartheid.

Die beleid van apartheid het gegroei uit die ervaring van die gevestigde blanke bevolking van die land, Afrikaanssprekend sowel as Engelssprekend. Dit is gegrond op die Christelike beginsels van reg en billikheid en op die oortuiging dat die aparte ontwikkeling van die blanke en nie-blanke volksdele in ons land die enigste grondslag is waarop alle volksdele in waarheid met reg en billikheid behandel kan word en elk die volle kans sal kry om sy eie besondere volksaard en -karakter te behou en te ontwikkel. Enige vorm van onderdrukking word dus verwerp as verkeerd, volkskadelik vir beide blankes en nie-blankes, en in stryd met die beleid van apartheid.

Die beleid van apartheid beoog in hoofsaak:-

1. Die handhawing van die blanke bevolking van Suid-Afrika as 'n suiwer blanke ras deur die algehele uitskakeling van enige rassevermenging tussen blanke en nie-blanke; sy bestending as 'n onafhanklike staatkundige gemeenskap en sy verdere ontwikkeling op Christelik nasionale grondslag deur die nodige beskerming op alle terreine die deurvoering van 'n duidelike skeidslyn tussen blank en nie-blank en daarmee die uitskakeling van alle moontlike bronne van belange-botsings tussen blank en nie-blank.

2. Die handhawing van die inheemse nie-blanke rasse-groepe van Suid-Afrika as aparte volksgemeenskappe deur die bestryding van alle invloede wat hulle onderskeie identiteite ondermyn en die daarstelling van moontlikhede vir hulle om apart op 'n natuurlike wyse te ontwikkel ooreenkomstig eie volksaard, aanleg en roeping aangevul en bevrug deur die Christelike beskawing tot selfversorgende volkseenhede.
3. Die handhawing van die tradisionele voedskapbeginsel. Die aankweking van nasionale trots en selfrespek by elke groep en die bewerking van wedersydse agting en respek tussen die verskillende rasse en rasse-groepe van die land.

Een van Twee Rigtings.

Ons kan alleen in een van twee rigtings beweeg of ons moet die weg van gelykstelling opgaan en uiteindelik gelyke politieke, ekonomiese en maatskaplike regte aan die nie-blankes toeken, wat op die duur vir die blanke ras nasionale selfmoord en vir die nie-blanke rasse-groepe vernietiging van eie identiteit sal beteken, of ons moet op die weg van apartheid beweeg waardeur elke ras se karakter en toekoms binne sy eie gebied beskerm en veilig gemaak word en waardeur aan elke ras in sy eie tuiste volle geleentheid om te ontwikkel gegun word en van die onvervreemdbare reg van selfhandhawing en selfbesikking verseker word, sonder dat die belange van die een in botsing kom met die belange van die ander en sonder dat die een die bestaan en ontwikkeling van die ander as 'n ondermyning of bedreiging vir homself aanvoel. Enige middelweg of kompromis is op sy beste tydelik van aard en blote lapwerk.

Die enigste gesonde weg.

Tensy menslike regte verkrag word is die beleid van apartheid dus die enigste grondslag waarop die posisie en toekoms van die blanke ras veilig gemaak en verseker kan word vir die geslagte wat kom, waardeur die nie-blanke rasse-groepe gelei kan word om te ontwikkel tot selfversorgende eenhede, waar nodig met 'n eie volkstruktuur waarbinne elke individu sy persoonlik en nasionale aspirasies ten volle kan uitlewe met volle geleentheid vir die ontplooiing van 'n gesonde en gelukkig volkslewe en waardeur rassebotsings uitgeskakel kan word sodat blank en nie-blank gelukkig kan saamlewe in Suid-Afrika.

B. ALGEMENE GRONDSLAE.

1. Die Party aanvaar as hoogste taak en roeping van die staat die bevordering van die welvaart van Suid-Afrika en die geluk en heil van sy bevolking, blank en nie-blank, en beskou dat hierdie doel die beste verseker kan word deur die handhawing, beskerming en bestendiging van die blanke ras en daarmee die Christelike blanke beskawing in Suid-Afrika en aanvaar dit as fundamentele grondslag van sy beleid. Die Party onderneem derhalwe om die blanke ras behoorlik en doeltreffend te beskerm teen enige beleid, leerstelling of aanslag wat sy voortbestaan ondermyn of in gevaar kan stel.
2. Die Party verwerp met die grootste beslistheid enige beleid wat uiteindelik op gelykstelling en vermenging van blank en nie-blank met die verlies van eie identiteit van die betrokke rasse mag uitloop.

3. Terselfdertyd wil die Party dit as sy vaste oortuiging boekstaaf dat enige beleid van onderdrukking en uittuiging van die nie-blankes deur die blankes strydig is met die beginsel van die beskawing en met die etiese en Christelike grondslag van ons volkslewe en geheel-en-al onversoensbaar met sy beleid.

4. Die Party huldig die beskouing dat God dit so beskik het dat daar 'n verskeidenheid van rasse en volke sal wees wie se voortbestaan en natuurlike groei geëerbiedig moet word as 'n deel van 'n ewige Godsplan. In Suid-Afrika het God in sy Alwyse Bestuur die blanke ras en die nie-blanke rasse-groepe geplaas met diepgaande raskundige en ander verskille. Elke ras en rassegroep besit sy eie karakter, volksaard, aanleg roeping en bestemming.

Die Party glo dat 'n besliste beleid van apartheid tussen die blanke ras en die nie-blanke rasse-groepe en die toepassing van die apartheidsbeginsel ook ten opsigte van die nie-blanke rasse-groepe die enigste grondslag is waarop die karakter en toekoms van elke ras en rassegroep beskerm en veilig gemaak kan word, waardeur elke ras gelei kan word om te ontwikkel ooreenkomstig eie aard, aanleg en roeping en waardeur alle moontlike bronne van rassebotsings uitgeskakel kan word.

5. Kragtens die tradisionele beginsel van Christelike Voogdyskap aanvaar die Party die taak en verantwoordelikheid om die nie-blanke rasse-groepe waar nodig te beskerm en hulle geleidelik op natuurlike en gesonde wyse te help, stoflik sowel as geestelik, om ooreenkomstig eie volksaard, aanleg en roeping te ontwikkel en uiteindelik op selfstandige en verantwoordelike wyse hulle eie sake te behartig.

6. In hulle eie gebiede sal die nie-blanke rasse-groepe volle geleentheid van ontwikkeling kry op elke gebied en sal hulle eie inrigtings en maatskaplike dienste ontwikkel waar die kragte van die ontwikkelde en progressiewe nie-blankes tot eie volksopbou ingespan kan word.

7. As uiteindelijke ideaal en doelwit word gestel algehele apartheid tussen blankes en naturelle, wat sover as wat dit prakties moontlik is geleidelik deurgevoer sal word, altyd met inagneming van die land se behoeftes en belange en met die nodige sorg teen ontwrigting van die land se landbou, nywerhede en algemene belange.

8. Die landsbeleid moet so opgestel en toegepas word dat dit die apartheidsideaal op 'n gesonde en natuurlike wyse sal bevorder.

9. Sover moontlik moet apartheid tussen die verskillende nie-blanke volks-groepe bewerk word en erkenning gegee word aan die apartheidsbeginsel ook ten opsigte van die etniese groepe van die Bantoe.

10. 'n Stelsel van verpligte volksregistrasie vir alle dele van die bevolking sal ingestel word. Die huidige passtelsel sal vervang word deur 'n meer betroubare en minder griewende identifikasie stelsel vir naturelle in blanke gebiede en blankes in naturellegebiede.

11. 'n Permanente raadgewende liggaam van deskundiges oor die nie-blanke aangeleenthede sal in die lewe geroep word en 'n deeglik toegeruste etnologiese instituut sal opgerig word.

12. Die Staat oefen volle toesig en leiding uit oor die onderwys en algemene vorming van die nie-blanke jeug.

13. Die Party wil die feit beklemtoon dat die rasse-vraagstukke van ons land 'n huishoudelike aangeleentheid is,

waarmee die geluk en heil van ons vaderland gemoeid is en wat slegs met deeglike kennis en simpatie benader kan word. Gevolglik sal inmenging van buite en afbrekende propaganda na buite nie geduld word nie.

14. Die Party wil die beginsel van samesprekings van belanghebbende regerings en blanke groepe in Afrika en by name die van Suidelike Afrika aanmoedig met die doel om eenvormigheid te probeer kry oor die groot beginselsake ten opsigte van die Kleurvraagstukke.

15. Die Party huldig die beskouing dat die Kleurvraagstuk 'n nasionale vraagstuk is en gevolglik 'n saak is waarby alle bevolkingsdele van die land die hoogste gemeenskaplike belang het. Daarom stel hy hom ten doel om aansluiting te soek by alle bevolkingsdele wat die beginsel van apartheid onderskryf en op hierdie gesamentlike grondslag alle kragte saam te snoer vir die verwesenliking van die ideaal van apartheid tussen blank en nie-blank.

C. SENDINGBELEID.

1. Die Party wil dat die nie-blankes op 'n daadwerklike en kragtige wyse gelei sal word om die Christelike Godsdiens te maak die grondslag van hulle hele lewe, sodat ook by hulle 'n gesonde Christelike-Nasionale lewensbeskouing opgebou word.

2. Hy beskou die verkondiging van die Evangelie aan alle rasse, volke en bevolkingsgroepe as die roeping van die Christelike Kerk op aarde.

3. Die Party wil gesonde sendingwerk onder die nie-blankes met alle moontlike middels en steun help bevorder.

4. Hy ag hom egter geroepe om te waak teen sodanige bedrywighede van Kerk, Genootskappe en Bewegings wat die gesag van die Owerheid ondermyn, verwarrende en volksvreemde beskouings propageer en die beginsel van aparte ontwikkeling misken.

5. Hy sien die vorming van selfregerende, selfonderhoudende en selfuitbreidende Kerke as die mikpunt van sendingwerk. Daartoe moet die opleiding en gebruik van inheemse werkkragte sy regte plek in die program van aksie van Kerke en Genootskappe kry, sodat blanke leiding geleidelik minder word en elke groep in sy eie gebied in alle opsigte selfstandig voorbestaan.

D. BELEID TEENOR DIE KLEURLINGE.

Die Plek van die Kleurlinge.

1. Die Kleurlinge neem oor die algemeen 'n middelposisie tussen die blankes en die naturelle in en derhalwe moet die beleid van apartheid tussen Blanke en Kleurling en tussen Kleurling en Naturel gehandhaaf word. Die Kleurling moet aangemoedig word om sy volkseie te waardeer en 'n nasionale trots en selfrespek te ontwikkel.

Apartheid tussen Blankes en Kleurlinge.

2. Hulle moet hulle aparte woongebiede hê waar hulle gelei kan word om hulle eie sake te behartig.

3. 'n Beleid van apartheid tussen Blankes en Kleurlinge op maatskaplike, residensiële, industriële en politieke gebied moet toegepas en deurgevoer word.

4. Spesiale aandag sal gegee word aan die deurvoering

van 'n beleid van apartheid in ons industrië, werksplekke en verkeerswese sover as wat dit prakties uitvoerbaar is.

5. Gemengde huwelike tussen blankes en kleurlinge moet verbied word en verbastering tussen blankes en kleurlinge sal met alle middels bestry word.

Apartheid tussen Kleurlinge en Naturelle.

6. Die beginselbeleid van apartheid tussen Blankes en Kleurlinge sal mutatis mutandis van toepassing gemaak word tussen Kleurlinge en Naturelle.

7. Die Kleurling moet in gebiede en op terreine waar hy reeds gevestig is teen indringing en onbillike konkurrensie van die kant van die naturel beskerm word.

POLITIEKE VERTEENWOORDIGING.

Staatsdepartement vir Kleurlinge.

8. Met die doel om die gesonde opbou van die Kleurlinggemeenskap aan te moedig sal 'n aparte staatsdepartement van Kleurlingsake in die lewe geroep word.

Kleurling Verteenwoordigende Raad.

9. 'n Kleurling Verteenwoordigende Raad vir Kaapland sal in die lewe geroep word. Dit sal bestaan uit:-

- (a) Verteenwoordigers gekies deur die Kleurlinge op 'n Kiesafdeling basis.
- (b) Die hoof van die Departement van Kleurlingsake.
- (c) Addisionele lede deur die Regering benoem.

10. Hierdie Raad sal verteenwoordigend wees van Kaapland en sal adviserende magte hê.

11. Die huidige kwalifikasies vir stemreg van Kleurlinge op Kiesers van die Kleurling Raad van toepassing gemaak word.

12. Aangesien die huidige stelsel van stem deur blankes en kleurlinge vir dieselfde kandidate in die Volksraad en Provinsiale Raad tot allerlei wrywing en wanprakteke lei moet dit afgeskaf word.

Verteenwoordiging in die Parlement.

13. Solank die naturelle verteenwoordiging in die Volksraad het sal dit nie reg wees om die Kleurling verteenwoordiging alleen in die Senaat te gee nie, ofskoon dit miskien vir hom die mees gewenste liggaam sal wees, gevolglik sal die Kleurlinge deur drie blankes in die Volksraad verteenwoordig word. Wat verkies sal word deur die Kleurling Verteenwoordigende Raad.

14. Van die vier lede wat deur die Regering in terme van die Suid-Afrika Wet in die Senaat weens hulle besondere kennis van die Kleurlingrasse benoem word sal een benoem word om meer bepaald die Kleurlinge se belange te verteenwoordig.

15. Hierdie sodanige verteenwoordigers in die Parlement sal nie die reg hê om oor die volgende sake te stem nie -

- (a) 'n mosie van wantroue in die Regering;

(b) Oorlogsverklaring en;

(c) sake rakende die uitbreiding van die Kiesreg.

Verteenwoordiging in Provinsiale Raad van Kaapland.

16. Die Kleurlinge sal deur drie blankes in die Provinsiale Raad van Kaapland verteenwoordig word. Hulle sal gekies word deur die Kleurling Verteenwoordigende Raad.

Eie Lokale Rade.

17. In hulle eie gebiede sal die Kleurlinge geleentheid kry om hulle eie rade te hê met hulle eie publieke dienste wat deur die Kleurlinge self behartig word binne die raamwerk van enige bestaande rade met hoër gesag.

Ander Lokale Rade.

18. Die beginsel van apartheid moet toegepas word waar nodig en wenslik ten opsigte van alle ander lokale rade.

Maatskaplike en Welsynsdienste.

19. In die stede moet vir die onderwys van volwassenes gesorg word waardeur onderrig gegee word in noodhulp, naaldwerk, kookkuns, huishouding, gesondheidsleer, ouerlike opvoeding ens., ens.

20. Met die oog op die verbetering van die maatskaplike en gesondheidstoestande en die sedelike peil van die Kleurlingbevolking sal doeltreffende mediese, welsyns en ander maatskaplike dienste aan die Kleurlinge verskaf word met medewerking, finansieel en andersins van die kant van die Kleurlinge en beoefen daarom sover moontlik deur die Kleurling self.

21. Spesiale aandag moet gewy word aan die opleiding van Kleurling-sosiale werkers en verpleegsters. Geleenthede moet verskaf word vir die opleiding van huisbediendes, kinderoppassers, hoteljongens, winkel- en distribusiebediendes en vir ander geskikte werkkringe.

22. Spesiale aandag sal bestee word aan die gesonde opbou van die gesinslewe van die Kleurlinge en met hierdie doel voor oë sal besondere aandag gegee word aan behuising. Die Sub-ekonomiese Behuisingskema moet nie alleen vir die stede maar ook vir die plase beskikbaar gestel word.

23. Aan die vooruitstrewende Kleurling moet spesiale fasiliteite wat betref behuising verskaf word en die beginsel van gebruikmaking van eie Kleurling-kragte word erken.

Onderwys.

24. Volle geleenthede vir 'n doeltreffende onderwys moet aan die Kleurlinge beskikbaar gestel word.

'n Praktiese onderwysstelsel wat rekening hou met die Kleurling se behoeftes, aanleg en toekomstige loopbane moet ontwerp word om van die grootste waarde en nut vir die Kleurling bevolking te wees.

Spesiale aandag moet gegee word aan opleiding in praktiese en nuttige vakke, geleentheid vir vakopleiding en veral aan die aard van plaasonderwys.

25. Die Kleurlinge sal nie alleen laer onderwys ontvang nie, maar voorsiening sal gemaak word vir hoër onderwys met hulle eie opleidingskolleges en 'n eie universi-

têre opleiding waar hulle gelukkig kan wees en waarop hulle trots kan wees en van gelykwaardige gehalte met die van die blanke Universiteite is.

Verslag Kommissie oor Kleurlinge.

26. Vir die motivering en verdere uitwerking van die beleid teenoor die Kleurlinge word verwys na die Verslag van die Kaaplandse Herenigde Nasionale Party Kommissie oor die saak wat as 'n aanhangsel bygevoeg word.

E. BELEID TEENoor DIE NATURELLE.

Algemene Stellings.

1. Die naturel moet in sy volkseienendomlike vasgeanker word. Hy moet gelei en opgevoed word om sy kultuur en nasionale instellings te waardeer en uit te bou. Hy sal slegs geleidelik gelei word om hom waar nodig by die westerse beskawing aan te pas. Alle immorele en volkskadefike elemente in sy kultuur en nasionale instellings moet uitgeskakel word.

2. Die Naturelle moet gelei word om 'n aparte volkstruktuur van hulle eie op te bou, waarbinne hulle in alle opsigte kan ontwikkel met volle geleenthede vir elke individu en alle kanse om hulle nasionale ideale en aspirasies in hulle eie gebiede uit te lewe.

3. Die beleid sal beoog om sover moontlik die vernaamste etniese groepe en sub-groepe in hulle eie onderskeie gebiede saam te trek, waar elkeen uiteindelik sy eie sentrale regeringstelsel kan opbou en waar hulle gelei kan word om as aparte nasionale eenhede te ontwikkel.

4. Sover as wat dit prakties moontlik is moet aparte woongebiede in die stede vir Kleurlinge, Naturelle en Indiërs aangewys word.

5. In die Naturellegebiede moet Naturellebelange deurslaggewend wees en in die blanke gebiede blanke belange.

Naturellegrond.

6. Die Party aanvaar in die algemeen die beginsel van gebiedsegregasie tussen blankes en naturelle.

7. Alle sogenaamde "swart kolle" in blanke gebiede en "wit kolle" in naturellegebiede sal mettertyd verwyder word.

8. Die Party voel bekommerd oor die agteruitgang van die grond in die reserwes weens oorbewoeding, rooibou en swakke bewerking en veral ten opsigte van die grond toegeken onder die wet van 1936 en meen dat met die oog op die nasionale voedseltekort, alle toekomstige toekennings alleen moet geskied met die grootste omsigtigheid en met die versekering dat daardie gronde nie verwaarloos sal word of dat sy produktiwiteit tot 'n groot mate verlore sal gaan en mits -

(a) deeglike wetenskaplike ondersoek na die drakrag, moontlikhede van ekonomiese ontwikkeling en oordeelkundige gebruik van daardie gronde; en

(b) alle pogings aangewend is om die tans verwaarloosde gronde in die gebiede weer tot produktiwiteit te bring.

9. 'n Liggaam van deskundiges sal daargestel word

wat deeglike ondersoek sal instel na die drakrag, moontlikhede van ekonomiese ontwikkeling en oordeelkundigste gebruik van die grond in die natuurlikegebiede.

10. Blankes sal uiteindelik nie toegelaat word om grond in natuurlikegebiede te besit nie. Indiërs en Kleurlinge sal nie toegelaat word om vaste eiendomme in natuurlikegebiede te besit nie of om daar te woon of handel te drywe en mag slegs met spesiale verlof toegelaat word om die gebiede binne te gaan.

11. Naturelle sal nie toegelaat word om grond in blanke gebiede te besit nie.

Die Naturellerereserwes.

12. Die Naturellerereserwes moet die Vaderland van die Naturel word. Dit moet die wieg van sy nasieskap wees en die akker waarop sy vaderlandsliefde en nasionale trots kan groei en uitgebou word. Vir elke naturel moet dit 'n geestelike tuiste wees. Dit moet die setel van sy regeringstelsel wees. Dit moet die hoofstandplaas van sy Kerke wees. Daar moet sy vernaamste onderwysinrigtings staan. Kortom dit moet gemaak word die bakermat van sy persoonlike en nasionale ideale en aspirasies.

13. In die naturellerereservate moet toestande en geleenthede geskep word waar die naturel aspirasies sal kan uitlewe en verwesenlik, sodat selfs die begaafde en progressiewe naturel, uit die stedelike gebiede, deur oorgewings ook van eie belang, na daardie gebiede getrek kan word, waar hulle inisiatief en werkvermoë tot volle uiting kan kom en in diens van verdere opbou van hulle eie volk ingespan kan word.

14. 'n Prestige en aansien op alle terreine moet aan die naturelle in die reserwes gegee word, sodat hulle wat die Bantoe in die algemeen betref, toonaangewend sal wees en as mondstuk van die Bantoe kan optree, instelle van die huidige verdwaalde enkelinge wat hulle hierdie reg aanmatig.

15. Die beste maatskaplike, welsyns- en volksorgdienste vir Naturelle moet in die reservate beskikbaar gestel word, in teenstelling met die huidige beleid van begunstiging in die stede, sodat bejaarde, gebrekklike en ander hulpbehoewende naturelle ook daarheen gelok kan word, instelle van na die dorpslokasies.

16. Die Party beoog 'n kragtige beleid van rehabilitasie van die natuurlikegebiede waarin die naturel se eie arbeid aangewend sal word en waardeur hulle geleer sal word om 'n gesonde en oordeelkundige ekonomiese lewe op te bou.

17. Opnames van al die hulpbronne van die naturellegebiede sal gemaak word.

18. 'n Groter verskeidenheid van ekonomiese bedrywighede sal geleidelik tot stand gebring word om groter produktiwiteit en stabiliteit van die reserwes te bewerkstellig.

Vir hierdie doel sal deskundige plannekomitees in die lewe geroep word om streekplanne vir elke gebied te ontwerp, voorstelle te doen oor die toewysing van grond in die gebiede vir landbou, beweidings, bebossing, stigting van dorpe; aanbevelings te doen vir die ontwikkeling van nywerhede, vervoerfasiliteite, grondbewaring en ander maatreëls wat die ekonomiese en maatskaplike welsyn van die bevolking sal bevorder.

19. 'n Naturelle Nywerheids Ontwikkelingskorporasie sal opgerig word vir die finansiëring, garansie en bestuur van onderneminge in die naturellegebiede en om naturelle daarvoor op te lei.

20. Groter geleenthede vir die opleiding van naturelle in die handel sal geskep word en die oprigting van naturelle koöperatiewe besighede, waar nodig onder strengse staatstoelig, sal aangemoedig word. Enige vorm van uitbuiting en onredelike winste sal teengegaan word.

Naturelle op Plase.

21. Die beheer en verdeling van die arbeidskragte moet op sodanige wyse geskied dat die landbou doeltreffend bedien word.

22. 'n Spesiale afdeling onder die Departement van Naturellesake moet in die lewe geroep word, wat hom sal toelê op die regulering van plaasarbeid en die bestudering van alle vraagstukke in verband met die saak.

23. Alle pogings moet in die werk gestel word om die wegstroming van naturelle van die boereplase te keer.

24. Onderzoek moet ingestel word na die moontlikhede om dit vir die naturel so aanloklik moontlik te maak op die boereplase om hom te wys op die groot voordele wat die lewe op die plase bied bo die van die stede en dorpe.

25. Hoofstuk 4 van die Naturelle Grond en Trust Wet van 1936 moet dien as 'n basis vir die verwydering van die plakker- en "kafferboerdery-euwel".

Naturelle in die Stede.

26. Die Party neem met besorgdheid kennis van die geweldige en ongebalanseerde toename van die naturelle-bevolking in ons stede met die gepaardgaande ewels en probleme.

27. Die Party wil die blanke karakter van ons stede, bewaar en op 'n kragtige en doeltreffende wyse sorg vir die veiligheid van persone sowel as eiendomme en die vreedsame lewe van al die bewoners.

28. Alle naturelle moet in aparte en uitsluitlik naturelle woonbuurtes geplaas word. Geen naturelle sal toegelaat word om in te woon in blanke gebiede, behalwe met spesiale verlof en blankes sal nie toegelaat word in naturellewoonbuurtes nie.

29. Saamdromming van naturelle in omstedelike gebiede sal nie toegelaat word nie.

30. 'n Stelsel van registrasie van stam naturelle en ontstamde naturelle in die stede sal dadelik uitgewerk word.

31. Die ontstamde naturelle in die stede moet bevries word en voorkeur wat arbeid en ander regte betref sal aan hulle in die stede gegee word solank as wat hulle daar is en tot tyd en wyl die ideaal van algehele apartheid bereik is.

32. Die Naturel in die stedelike blanke gebiede moet as 'n "besoeker" beskou word, wat kom om sy dienste aan te bied tot voordeel van homself en tot voordeel van die blanke.

33. 'n Plan vir die geleidelike vermindering van die getal ontstamde naturelle in stedelike gebiede deur ander voorsiening vir hulle te maak, sal ontwerp word. Maar

solank as sodanige Naturelle nog in stedelike gebiede verkeer moet met inagneming van die verskillende volksgroepe aparte woongebiede vir hulle daargestel word waar hulle geleidelik onder toesig van die betrokke stadsraad, hul eie maatskaplike en welsynsdienste sal hê en hul eie rade kan kies. Dit moet egter duidelik wees dat hul teenwoordigheid in die stedelike gebiede beskou word as tydelik en dat hulle daar nooit op gelyke politieke regte van enige aard met die blankes sal kan aanspraak maak nie, en dat hulle nooit in die gebiede vaste eiendomme sal kan besit nie.

34. Die beleid in die stede moet daarop gemik wees om die stamverband te herstel en die naturel weer aan sy volkseie vas te anker en ook om by hulle die besef aan te kweek dat die reservate, geestelik en andersins hulle volkstuiste is, waarheen hulle geleidelik terug gelei word.

35. Die koms van die naturelle na die stede en hulle gereelde vertrek sal deur die staat op 'n doeltreffende wyse en op 'n landswye basis onder beheer geneem word in samewerking met die stedelike besture.

36. Die verstedeliking van naturelle is in stryd met die beleid van apartheid en die naturel kan dus nooit 'n integrerende deel van die stedelike bevolking vorm nie. Die intog na die stede sal aan alle moontlike beperkings onderhewig gemaak word en die naturel sal ingelig word oor die nadele van verstedeliking en die voordele van 'n eie nasionale tuiste.

37. Die Naturellegebiede moet onder 'n doeltreffende Uitstromingsbeheer geplaas word en die stede moet onder 'n doeltreffende instromingsbeheer geplaas word.

38. Alle naturelle wat in stryd met die wet in die stede kom, moet onverwyld op aanvraag van die plaaslike bestuur, deur die staat verwyder word. Waar die staat oortuig is dat 'n plaaslike bestuur nie die beleid uitvoer nie sal die staat die nodige stappe doen.

39. Alle Munisipaliteite moet die bepalinge van artikel 12 van Wet 25/1945 sodanig toepas dat geen permitte uitgereik word vir die indiensneming van buitelandse naturelle nie. By diensverlating moet bestaande permitte verval en nie oordraagbaar wees nie.

40. Naturelle van buite die Unie moet:-

- (a) Onder strenger kontrole geplaas word;
- (b) as tydelike arbeiders beskou word wat onderhewig is aan repatriasie na vasgestelde dienstryd of wanneer wenslik.

41. Die stelsel van identifikasie en kontrole moet streng toegepas word.

42. Die hele stelsel van kontrole moet in noue voeling staan met die Nasionale Stelsel van arbeidsreëling deur die arbeidsburo, soos later uiteengesit word.

43. Die Party beoog die desentralisasie van nywerhede onder meer ook met die doel om die grootskaalse saamdromming van naturelle te voorkom en om die beginsel van apartheid te bevorder.

44. Die oprigting van nywerhede naby naturellegebiede sal ondersoek word.

45. Die ideaal waarop gemik moet word is die geleidelike uitskakeling van Naturelle uit nywerhede in blanke gebiede, maar dit word besef dat dit alleen in die